

**Graad 1**

**TERMYN 2**

**AFRIKAANS**

**HUISTAAL**

**Lesplanne**

## VRYWARING/REDIGERING PROSES

Beste Kollegas,

Welkom by die NECT Huistaal Program!

Let asseblief daarop dat die NECT Huistaal Termyn 2 se material in n baie kort periode ontwikkel is.

As gevolg van hierdie rede, is dit moontlik dat daar in die toekoms vernaderinge sal wees in die program.

Ons sal ook graag vir julle wil betrek by die ontwikkeling van hierdie program en sal enige insette waardeer. Dit is n aaneenlopende proses van ontwikkeling en verbetering. Indien julle enige foute opmerk, volg asseblief die volgende proses om dit te rapporteer:

- 1 Stuur 'n e-pos aan die relevante presoon:  
[xitsonga@homelanguage.co.za](mailto:xitsonga@homelanguage.co.za)  
[tshivenda@homelanguage.co.za](mailto:tshivenda@homelanguage.co.za)  
[sepedi@homelanguage.co.za](mailto:sepedi@homelanguage.co.za)  
[siswati@homelanguage.co.za](mailto:siswati@homelanguage.co.za)  
[isizulu@homelanguage.co.za](mailto:isizulu@homelanguage.co.za)  
[isindebele@homelanguage.co.za](mailto:isindebele@homelanguage.co.za)  
[isixhosa@homelanguage.co.za](mailto:isixhosa@homelanguage.co.za)  
[sesotho@homelanguage.co.za](mailto:sesotho@homelanguage.co.za)  
[setswana@homelanguage.co.za](mailto:setswana@homelanguage.co.za)  
[afrikaans@homelanguage.co.za](mailto:afrikaans@homelanguage.co.za)  
[english@homelanguage.co.za](mailto:english@homelanguage.co.za)
- 2 In die onderwerp lyn, skryf die dokument se verwysing. Byvoorbeeld: GRAAD 3 TERMYN 2 LESPLAN BL 45–47.
- 3 Verduidelik dan die veranderinge wat julle graag onder ons aandag wil bring **OF** maak die vernaderinge op jou harde kopie, skandeer dit en heg dit aan die e-pos.
- 4 Indien julle 'n ernstige TAAL probleem ondervind wat julle onder ons aandag wil bring, skryf dan Byvoorbeeld die volgende in die onderwerp lyn: BEWYSE VAN STREEKSDIALEK.
- 5 Skryf dan n volledige verslag oor die probleem.
- 6 Stuur asseblief alle e-posse met jou naam, rang by skool asook jou selnommer. Ons sal dan met jou in verbinding tree om die probleem te bespreek.
- 7 **Baie dankie vir jou kundigheid en bydrae tot hierdie program. Ons wil graag die beste en mees korrekte kopie vir alle tale aanbied.**

# Inhoud

|                                    |           |
|------------------------------------|-----------|
| Bestuursnotas                      | v         |
| Kernmetodologieë                   | xii       |
| <b>Week 1 Tema: Vriende</b>        | <b>1</b>  |
| Maandag                            | 3         |
| Dinsdag                            | 7         |
| Woensdag                           | 11        |
| Donderdag                          | 16        |
| Vrydag                             | 20        |
| <b>Week 2 Tema: Vriende</b>        | <b>25</b> |
| Maandag                            | 27        |
| Dinsdag                            | 31        |
| Woensdag                           | 35        |
| Donderdag                          | 40        |
| Vrydag                             | 44        |
| <b>Week 3 Tema: Goed wat groei</b> | <b>49</b> |
| Maandag                            | 51        |
| Dinsdag                            | 55        |
| Woensdag                           | 59        |
| Donderdag                          | 64        |
| Vrydag                             | 68        |
| <b>Week 4 Tema: Goed wat groei</b> | <b>73</b> |
| Maandag                            | 75        |
| Dinsdag                            | 80        |
| Woensdag                           | 84        |
| Donderdag                          | 89        |
| Vrydag                             | 93        |
| <b>Week 5 Tema: Diere</b>          | <b>97</b> |
| Maandag                            | 99        |
| Dinsdag                            | 103       |
| Woensdag                           | 108       |
| Donderdag                          | 113       |
| Vrydag                             | 117       |

|   |            |
|---|------------|
| <b>Week 6 Tema: Diere</b>               | <b>121</b> |
| Maandag                                 | 123        |
| Dinsdag                                 | 127        |
| Woensdag                                | 132        |
| Donderdag                               | 137        |
| Vrydag                                  | 141        |
| <b>Week 7 Tema: Sport en Speletjies</b> | <b>145</b> |
| Maandag                                 | 147        |
| Dinsdag                                 | 151        |
| Woensdag                                | 156        |
| Donderdag                               | 161        |
| Vrydag                                  | 165        |
| <b>Week 8 Tema: Sport en Speletjies</b> | <b>169</b> |
| Maandag                                 | 171        |
| Dinsdag                                 | 175        |
| Woensdag                                | 180        |
| Donderdag                               | 185        |
| Vrydag                                  | 189        |
| <b>Week 9 Tema: Die drie varkies</b>    | <b>193</b> |
| Maandag                                 | 195        |
| Dinsdag                                 | 199        |
| Woensdag                                | 202        |
| Donderdag                               | 207        |
| Vrydag                                  | 210        |
| <b>Week 10 Tema: Die drie varkies</b>   | <b>215</b> |
| Maandag                                 | 217        |
| Dinsdag                                 | 221        |
| Woensdag                                | 226        |
| Donderdag                               | 230        |
| Vrydag                                  | 234        |



# Bestuursnotas

## Leeruitkomst

---

Hierdie termyn behoort die leerders die volgende uitkomst te bereik:

### LUISTER EN PRAAT

- 1 Leerders behoort 4 nuwe rympies of liedjies te ken.
- 2 Leerders behoort deel te neem aan klasbepsreklings om sodoende vorige kennis te kan deel.
- 3 Leerders behoort gedeelde lees stories te bespreek deur 'n besprekings-raamwerk te gebruik.
- 4 Leerders behoort eie stories op te kan maak, veral vir die kreatiewe storievertellingsaktiwiteit.
- 5 Leerders behoort te kan praat oor wat hulle gekryf het.
- 6 Leerders behoort die gebruik van die volgende woorde te vertsaan

|             |           |                      |              |                    |                       |
|-------------|-----------|----------------------|--------------|--------------------|-----------------------|
| kwaliteit   | skaam     | vriendelik           | geval        | hartseer           | glyplank              |
| gaaf        | gemeen    | vergewe              | ongewoon     | bok                | Amerikaanse Eland     |
| wei         | eensaam   | teenwoordig-<br>heid | gewoonlik    | raar               | kan my oë nie glo nie |
| groei       | grond     | saad                 | maal         | bak                | koring                |
| lui         | fluks     | saailing             | saailinge    | voedingstow-<br>we | plant                 |
| her-plant   | eetbaar   | vrugte               | groente      | lewendig           | wortels               |
| ondergronds | renoster  | bedrygde<br>(spesie) | vee-dief     | patrolie           | beskerm               |
| verskein    | onwettig  | desperaaf            | gesond maak  | llama              | wol                   |
| gulsig      | ruim      | mite                 | hooglande    | vallei             | gemeenskap            |
| kosbaar     | goed      | boos                 | oefen        | bewonderaar        | toerusting            |
| veld        | trofee    | kampioen             | kampioenskap | bewonder           | held                  |
| kaptein     | oefen     | koes                 | reël         | optel              | blikkies              |
| stapel      | toring    | om gooi              | telling      | meeding            | medidingend           |
| bou         | materiaal | stewig               | bakstene     | sement             | veilig                |
| jaag        | beskerm   | blaas                | oranguta     | stootskraper       | vernietig             |
| habitat     | krimp     | skoonmaak            | aanhou       | neurie             | dring aan             |

**FONEMIESE BEWUSTHEID EN KLANKE**

- 7 Leerders behoort klanke mondelings te kan identifiseer.  
 8 Leerders behoort die volgende klanke outomaties te herken.  
 9 Leerders behoort die volgnde klanke te kan meng en opbreek.

|    |    |   |    |    |    |
|----|----|---|----|----|----|
| e  | l  | b | h  | y  | r  |
| w  | j  | v | y  | ee | oo |
| ie | ui | f | aa |    |    |

Leerders behoort die volgnde woorde in lettergrepe op te kan deel.

|     |  |  |  |  |  |
|-----|--|--|--|--|--|
| n/a |  |  |  |  |  |
|-----|--|--|--|--|--|

**LEES**

Leerders behoort die volgnde woorde te kan klank en die woord te vorm.

|      |      |       |      |      |      |
|------|------|-------|------|------|------|
| net  | nek  | pen   | lig  | lip  | los  |
| bak  | bel  | bes   | hek  | hak  | hen  |
| sy   | hy   | my    | rym  | rot  | ram  |
| rug  | rek  | wit   | wat  | wil  | wol  |
| jas  | jok  | jag   | jy   | van  | vet  |
| vol  | vel  | vyl   | ys   | wys  | lys  |
| hys  | meer | gee   | keel | been | peer |
| soom | dood | koor  | boot | woon | sien |
| tien | dier | vier  | bier | lui  | huis |
| ruit | muis | fiets | fees | foto | fee  |
| fone | kaas | raak  | maat | waar | haan |

Leerders behoort die volgende sigwoorde te kan lees.

|        |       |       |         |         |             |
|--------|-------|-------|---------|---------|-------------|
| nie    | lag   | vir   | vriende | nuwe    | is          |
| lekker | wie   | sal   | my      | help    | ek          |
| sien   | die   | saad  | ons     | beskerm | diere       |
| ouma   | spin  | wol   | in      | draad   | werk        |
| en     | oefen | hard  | speel   | sport   | spelletjies |
| bou    | sterk | huise | Jy      | moet    | goeie       |
| keuses | maak  |       |         |         |             |

Leerders behoort 'n teks te kan lees soos aangedui in die voorbeeld wat volg.

n/a

### BEGRIP

- 1 Leerders behoort n voorspelling van die teks te kan maak deur na die prente te kyk.
- 2 Leerders behoort detail oor 'n teks te kan herroep.
- 3 Leerders behoort die teks te kan hervertel.
- 4 Leerders behoort die teks in volgorde te kan hervertel.
- 5 Leerders behoort te verstaan wat dit beteken om 'n teks die visualiseer en koneksies en voorspellings te maak.
- 6 Leerders behoort oor die teks te kan gesels deur die besprekings-raamwerk te gebruik.
- 7 Leerders behoort begripsvrae oor die teks te kan beantwoord.

### SKRYFWERK

- 1 Leerders behoort 'n prentjie te kan teken wat n boodskap oordra.
- 2 Leerders behoort een of twee byskrifte by die prentjie te kan voeg.
- 3 Leerders behoorts 'n kort skryfraamwerk te kan gebruik.

### GROEPBEGELEIDE LEES

- 1 Leerders behoort hardop, in 'n vaardigheidsgebaseerde groep, saam met die juffrou te kan lees.
- 2 Leerders behoort hulle woordeskat kennis, kontekstuele leidrade en hulle sigwoorde te kan gebruik as hulle lees.
- 3 Leerders behoort hulself te kan monitor aangaande woord herkenning en begrip.



## Materiaal en Hulpbronne Voorsien

**Let asseblief daarop dat alle hulpbronne die eiendom van die skool bly. Hulpbronne sal slegs een maal uitgereik word. Hulpbronne moet dus voldoende gekontroleer en opgepas word.**

Gedurende Termyn 2 word onderwysers van die volgende hulpbronne voorsien:

#### 1 Gekleurde vertoonborde × 4

Gebruik hierdie borde om jou werk vir die week uit te stal. Elke week, vertoon jou: fonetiese klanke en woorde; hoë frekwensie woorde; tema woordeskat; illustrasies en skryfraamwerk.

#### 2 Handskrifkaarte

Vertoon hierdie kaarte voor in die klaskamer, sodat hul duidelik vir leerders sigbaar is. Daar sal drukskrifkaarte aan Graad 1 en 2 onderwysers voorsien word. Daar sal drukskrif – en lopendeskrifkaarte aan Graad 2 en 3 onderwysers voorsien word.

### 3 Termyn 2 Onderrigplan

Gebruik die onderrigplan om te bepaal wat op 'n daaglikse basis aangeleer moet word. Die kernmetodologieë sal verduidelik hoe elke les aangebied moet word. Daar sal 'n oriëntasie program aangebied word vir die eerste twee weke van Termyn 2.

### 4 Termyn 2 Kontrolelys

Gebruik hierdie dokument om jou (ATP) (Gevorderde Onderwysplan – GOP) en Termynbeplanning te voltooi. Merk af en dateer elke les en assesseringsaktiwiteite soos dit voltooi is. Besin oor jou onderrig.

### 5 Termyn 2 Grootboek

Gebruik die Grootboek stories gedurende gedeelde lees lesse. Daar is agt stories vir die termyn – een storie vir elke week.

### 6 Termyn 2 Hulpbronpakket

Die Hulpbronpakket sluit die volgende items in:

- **Flitskaarte** word vir tema woordeskat voorsien; hoë frekwensie woorde; klanke en woorde. Knip hul uit en bêre dit op ordelike wyse. Gebruik hierdie flitskaarte met die vertoonborde.
- **Tema Woordeskat Illustrasies** word voorsien waar van toepassing. Knip hul uit en bêre dit op ordelike wyse. Gebruik hierdie flitskaarte met die vertoonborde.
- **Kreatiewe storieblaaie** word voorsien vir elke tema. Dit is 'n reeks van 3 of 4 prentjies wat 'n storie uitbeeld. Daar is 10 kopieë van elke werksblad – een per klein groepie. Maak asseblief meer afskrifte indien nodig.
- **Assesseringsrekordblaaie** word voorsien om leerders se resultate en kommentaar vir die termyn aan te teken.

### 7 Termyn 2 Leeswerksblaaie × 8

Agt leeswerksblaaie word voorsien vir die termyn – een vir elke week van Week 3 tot 10. Gebruik hierdie werksblaaie vir die hele klas gedurende groepbegeleide lees. Daar is 20 kopieë van elke leeswerksblad. Maak asseblief meer afskrifte indien nodig.



## Weeklikse roetine: 7 ure

---

- 1 Die gestruktureerde leerprogram volg dieselfde roetine elke week.
- 2 Dit maak dit makliker vir onderwysers en leerders om te volg.
- 3 Leerders kan voorberei vir die volgende aktiwiteit sodra hul die roetine ken.
- 4 Hierdie roetine is gebaseer op die KAVB minimum tyd vir Huistaal: 7 ure per week.
- 5 Hierdie roetine is ontwerp as deel van 'n tweetalige program, tesame met die PSRIP (Inisiëring program vir openbare sektor) EFAL (AEAT Afrikaans Eerste addisionele taal) gestruktureerde onderwysprogramme.
- 6 Stal asseblief hierdie roetine in jou klaskamer uit en probeer om dit uit jou kop te leer!

| MAANDAG               |    | DINSDAG            |    | WOENSDAG              |    | DONDERDAG          |    | VRYDAG                |    |
|-----------------------|----|--------------------|----|-----------------------|----|--------------------|----|-----------------------|----|
| Mondelinge Aktiwiteit | 15 |                    |    | Mondelinge Aktiwiteit | 15 |                    |    | Mondelinge Aktiwiteit | 15 |
|                       |    | Klanke             | 15 | Klanke                | 15 | Klanke             | 15 | Klanke                | 15 |
| Handskrif             | 15 | Handskrif          | 15 | Handskrif             | 15 |                    |    |                       |    |
| Gedeelde lees         | 15 | Gedeelde lees      | 15 |                       |    | Gedeelde lees      | 15 | Gedeelde lees         | 15 |
| Handskrif             | 30 |                    |    | Handskrif             | 30 |                    |    |                       |    |
| Groep begeide lees    | 30 | Groep begeide lees | 30 | Groep begeide lees    | 30 | Groep begeide lees | 30 | Groep begeide lees    | 30 |
| <b>1.45</b>           |    | <b>1.15</b>        |    | <b>1.45</b>           |    | <b>1.00</b>        |    | <b>1.15</b>           |    |



## Weeklikse voorbereiding

Dit is belangrik om te onthou dat die Huistaal program die volume BEPLANNING vir onderwysers verminder het, maar dat VOORBEREIDING steeds vereis word! Kies een middag per week, tesame met jou kollegas (al die Grondslagfase Onderwysers), en doen jul voorbereiding saam.

### Wanneer jou voorbereiding gedoen word, onthou die volgende:

- 1 Lees deur die lesplan vir die week.
- 2 Maak seker dat jy die metodologieë wat gebruik gaan word ken en verstaan. Indien nie, gaan na die afdeling getitel “Kernmetodologieë, en hersien dienooreenkomstig.
- 3 Volgende, maak seker watter flitskaarte en illustrasies nodig is vir die tema woordeskat, hoë frekwensie woorde, klank en die skryfraamwerk. Kry hierdie flitskaarte en illustrasies as volg gereed:
- 4 Knip die flitskaarte en illustrasie uit.
- 5 Probeer om hul op 'n karton of papier te plak.
- 6 Indien moontlik, lamineer of trek dit met plastiek oor.
- 7 Bêre die flitskaarte en les saam in 'n koevert, of hou dit bymekaar met 'n rekkie.
- 8 Kry enige ander hulpbronne wat jy mag benodig bymekaar, insluitend prentjies en werklike voorwerpe.
- 9 Maak seker dat jou Grootboek in orde is.
- 10 Lees deur enige aktiwiteit in die Departement van Onderwys Werkboek wat jy moet voltooi.
- 11 Oefen die skryfwerk lesse.
- 12 Maak seker dat jou Kontrolelys op datum is van die vorige week en besin oor jou vordering.




## Temas en Leesskedule

| WEEK NOMMER | TEMA                | GEDEELDE LEES TEKS                | LEES WERKSKAART |
|-------------|---------------------|-----------------------------------|-----------------|
| 1           | Vriende             | Die 'A' maats                     | 1               |
| 2           | Vriende             | Die koei en die Amerikaanse eland | 2               |
| 3           | Goed wat groei      | Die klein rooi hennetjie          | 3               |
| 4           | Goed wat groei      | Khwezi kry 'n wurm                | 4               |
| 5           | Diere               | Munene se Swart Mambas            | 5               |
| 6           | Diere               | Hoekom die Llamas hoog woon       | 6               |
| 7           | Sport en Speletjies | Siphelo ontmoet sy held           | 7               |
| 8           | Sport en Speletjies | Kom ons speel Bhathi              | 8               |
| 9           | Die drie varkies    | Die drie klein varkies            | 9               |
| 10          | Die drie varkies    | Die drie klein orang-oetangs      | 10              |



## Termyn 2 Asseseringsprogram

Die asseseringsprogram is ontwerp in lyn met die Verkorte Afdeling 4 van die CAPS dokument. Dit kan agter in die **/TRACKER/** van elke kwartaal gevind word.



## Klaskamer Uitstallings

### VERTOONBORDE

- As deel van die program sal jy van vier groot vertoonborde van verskillende kleure voorsien word.
- Elke gekleurde bord sal gebruik word om 'n verskillende stel woorde van die week uit te stal.
- Gebruik hierdie borde as volg:
  - Groen bord** – vertoon die tema woordeskat woorde en illustrasies van die week.
  - Blou bord** – vertoon die hoë frekwensie woorde vir die week.
  - Geel bord** – vertoon die klanke en woorde vir die week.
  - Pienk bord** – vertoon die skryfraamwerk vir die week.
- Die woorde op die bord moet elke week opgedateer word.
- Moet asseblief nie al die temawoordeskat en illustrasies vir die jaar oplos nie. Hierdie uitstalling moet verband hou met die tema waarmee jy besig is. As die hele klas vol woorde in illustrasies is raak dit oorweldigend en sal die leerders dit nie meer raaksien nie.
- Haal woorde en illustrasies af en bêre dit op 'n geordende wyse.

- 7 Pas hierdie woorde op sodat jy hul weer kan gebruik in die volgende jaar.

**TEMATAFEL**

- 1 Probeer om 'n tematafel in jou klas te skep.
- 2 Gebruik hierdie spasie om prentjies en voorwerpe wat betrekking het op die tema uit te stal.
- 3 Merk hierdie items, sodat leerders die woordeskat kan leer.

# Kernmetodologieë



## Klaskamer Bestuur

---

Sommige fundamentele klaskamer bestuursstrategieë is ingesluit as 'kern metodologieë'. Hierdie is strategieë wat regdeur die program gebruik word. Dit is dus belangrik om hul te bemeester.

*Doel: Om tyd per taak, leerder gedrag en samewerking tussen leerders te verbeter. Om onderbrekings aan leerders te verminder. Om 'n element van speel om te leer in te stel.*

### SITPLEK EN KLEINGROEPIES

- 1 Dit is baie belangrik om tyd en noukeurige aandag te gee aan waar jy leerders laat sit in jou klaskamer.
- 2 Oorweeg die volgend belangrike punte wanneer jy dit doen:
  - a **Plaas leerders met gemengde vermoëns saam**– jy wil nie leerders wat sukkel bymekaar laat sit nie, of sterk leerders saam te laat sit nie. Meng die leerders sodat die hele klaskamer 'n gemengde vermoë spasie is.
  - b **Plaas leerders strategies om konflik of lawaai te voorkom.** Moet nie leerders wat mekaar pla bymekaar laat sit nie. Moenie leerders wat nie kan ophou praat bymekaar laat sit nie. Verhoed probleme deur sulke leerders te skei.
- 3 In die leerprogram is daar 'n paar aktiwiteite wat vereis dat leerders in kleingroepies moet werk.
- 4 Sulke groepies, bestaande uit 3–4 leerders, sit naby aan mekaar. Deur dit te doen kan leerders, wanneer jy vra dat hulle in hul 'kleingroepies' moet werk, die groepie vinnig en effektief vorm, sonder om te veel rond te beweeg.
- 5 Indien leerders in rye sit, is 'n maklike manier om klein groepies te vorm deur twee leerders in die voorste ry te laat omdraai na die twee leerders reg agter hulle in die tweede ry. So kan hulle 'n kleingroepie vinnig en effektief vorm.
- 6 Moenie dit aan die leerders oorlaat nie. Besluit hoe die klein groepies in jou klaskamer gevorm gaan word en leer die leerders om die groepe vinnig en rustig te vorm.
- 7 Maak veranderinge aan die groep indien jy sien dat die dinamiek in 'n groep nie werk nie – moet leerders nie forseer om saam te werk nie.

### BESTUUR VAN GROEPBESPREKINGS

- 1 In die leerprogram is daar 'n paar aktiwiteite wat vereis dat leerders groepsprekings hou.
- 2 Leer leerders om dit as volg te doen:
  - a Eerstens moet leerders in hul kleingroepe kom.
  - b Tweedens moet die leerders oplet wat die besprekingsvrae of raamwerk is.



- c** Dan moet elke leerder die kans gegun word om elke vraag te beantwoord, bv.:
- Leerder 1 antwoord Vraag 1
  - Leerder 2 antwoord Vraag 1
  - Leerder 3 antwoord Vraag 1
  - Leerder 4 antwoord Vraag 1
  - Leerder 1 antwoord Vraag 2
  - Leerder 2 antwoord Vraag 2
  - Leerder 3 antwoord Vraag 2
  - Leerder 4 antwoord Vraag 2
  - Ensovoorts
- 3** Dit mag 'n goeie idee wees om gebruik te maak van 'n 'praatstok /klip/ item' om dit te beheer.
- a** Gee aan elke groep 'n kleurvolle item soos 'n gekleurde stok of klip.
- b** Die persoon wat die stok vashou, mag dan praat en almal anders in die groep moet luister.
- c** Sodra die eerste leerder klaar gepraat het moet hy of sy die item aangee aan die volgende leerder, ensovoorts.
- 4** Indien die groep moet terug rapporteer, kan hulle sodra almal geantwoord het, stem vir die beste antwoord vir elke vraag.

### **LEES OORGANGSAKTIEWEITE**

- 1** Gedurende alle groepbegeleide lees les, moet onderwysers met twee groepe werk.
- 2** Tussen groepe is dit belangrik om "aktiewe breuk" te neem, voordat leerders gereed is om aan die volgende Leeswerksblad te werk.
- 3** Doen dit as volg:
- a** Wanneer jy klaar met Groep 1 gewerk het, stuur hulle terug na hulle tafels.
- b** Roep die klas tot aandag.
- c** Doen 'n Lees oorgangsaktiwiteit met die hele klas.
- d** Laat die klas rustig word met die volgende Leeswerksblad.
- e** Verduidelik die volgende aktiwiteit op die Leeswerksblad.
- f** Herinner leerders dat hulle elke aktiwiteit waaraan hulle werk moet voltooi voordat hulle mag aanbeweeg na die volgende aktiwiteit – hulle moet teen hul eie tempo werk.
- g** Roep Groep 2 om saam met jou te kom werk.
- 4** Gedurende Termyn 2 stel ons voor dat jy die volgende 4 Lees oorgangsaktiwiteite gebruik:

### **Aktiwiteit 1: Juffrou sê**

- 1 Sê aan leerders om op te staan.
- 2 Verduidelik dat julle verskillende bewegings gaan doen, soos: vat aan jou kop; vlieg 'n vlieër; wikkel jou neus; spring drie keer; ens.
- 3 Indien jy sê, “Juffrou sê” moet die leerders die aksie uitvoer.
- 4 Indien jy nie sê “Juffrou sê” nie, moet die leerders stil staan.
- 5 Wanneer 'n leerder die aksie uitvoer wanneer jy nie gesê het “Juffrou sê” nie, is die leerder uit en moet gaan sit.
- 6 Die wenner is die laaste leerder wat bly staan.

### **Aktiwiteit 2: Dans Partytjie**

- 1 Sê aan leerders om op te staan.
- 2 Verduidelik dat jy musiek op jou foon gaan speel.
- 3 Sodra die leerders die musiek hoor, moet hulle dans.
- 4 Sodra jy die musiek afsit moet hulle vries.
- 5 Skakel die musiek 'n paar keer aan en af, sodat die leerders 'n paar keer kan dans en vries!

### **Aktiwiteit 3: Wikkel, wikkel, vries**

- 1 Sê aan die leerders om op te staan.
- 2 Sê: wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, wikkel, vries!
- 3 Leerders moet dit saam met jou sê en hul lyfies wikkel wanneer hulle sê 'wikkel'.
- 4 Wanneer hulle 'vries' moet hulle doodstil staan en doodstil wees!
- 5 Herhaal dit 'n paar keer.

### **Aktiwiteit 4: Ek en my stoel**

- 1 Sê aan die leerders om om langs hul stoele te staan. Daar moet 'n bietjie spasie rondom hulle wees.
- 2 Gee aan die leerders instruksies om te volg – hulle moet dit vinnig en stil doen.
- 3 Hierdie instruksies hou almal verband met die stoel en hul oefen so die gebruik van voorsetsels.
- 4 Gee instruksies soos:
  - staan agter jou stoel
  - tel jou stoel op
  - klim op jou stoel
  - klim bo-oor jou stoel
  - ens.



## Mondelinge Aktiwiteite

Aan die begin van die Huistaal lesse op Maandae, Woensdae en Vrydae sal julle mondelinge aktiwiteite doen. Hierdie is die luister – en praat aktiwiteite van die program. Dit is met oorleg ontwerp om aan die leerders geleentheid te gee om individueel te praat.

### Onderrig van Tema Woordeskat

***Doelwit:** Leerders se kognitiewe – konseptuele en akademiese woordeskat word uitgebrei, om sodoende leesbegrip en algemene kennis te verbeter. Leerders word beter toegerus met die taal wat vereis word om effektief in die Intermediêre fase te funksioneer.*

- 1 Leer 3 nuwe tema woordeskat woorde vir leerders.
- 2 Gebruik die metodiek 'PATS' om nuwe woordeskat aan te leer.
- 3 PATS is 'n akroniem vir Wys, Spel, Vertel en Sê.
- 4 Dit is nie altyd moontlik om al vier aksies vir elke temawoord te doen nie – doen slegs wat van toepassing is:
  - a WYS na 'n prent of werklike item, indien moontlik.
  - b Die temawoord word deur AKSIES uitgespeel.
  - c VERTEL die leerders wat die temawoord is en die betekenis daarvan.
  - d Sê die woord in 'n sin, en laat die leerders die woord na jou herhaal.
- 5 Wanneer jy die tema woordeskat vir die leerders geleer het, vertoon die woorde op die vertoonbord, tesame met die temawoord illustrasie.
- 6 Nie elke leerder sal die nuwe tema woordeskat onmiddellik ken nie. Onderwysers hoef nie hieroor bekommerd te wees nie, en moenie leerders die woorde te veel kere laat herhaal nie!
- 7 Leerders sal na herhaalde kere die nuwe woordeskat teëkom gedurende die tema, en sal die geleentheid gegee word om hulle eie woordeskat te bou.

### Liedjie of Rympie

***Doelwit:** Leerders se kennis van die nuwe woordeskat word gekonsolideer. Leerders leer deur middel van spel.*

- 1 Die spesifieke liedjie of rympie wat jy met die leerders doen, is in die lesplan gelys.
- 2 Die leerders sal oor 'n gegewe tyd hierdie liedjies en rympies leer ken, en hulle sal dit outomaties sing.
- 3 Alhoewel, wanneer dit aanvanklik bekend gestel word, is dit nodig dat jy die woorde, aksies en wysie (as daar een is), aan die leerders moet leer.
- 4 Leer die liedjie of rympie reël-vir-reël soos volg vir die leerders aan:

- a Sing of sê die hele liedjie of rympie vir die klas. Verduidelik die betekenis daarvan aan die leerders, indien nodig.
  - b Sing of sê die eerste reël, en laat die leerders dit na jou herhaal.
  - c Sing of sê die tweede reël, en laat die leerders dit na jou herhaal.
  - d Sing of sê die eerste twee reëls saam, en laat die leerders dit na jou herhaal.
- 5 Gaan op hierdie wyse voort totdat jy die hele liedjie of rympie aan die leerders geleer het.
  - 6 Gepaste aksies moet altyd by die Knip en rympie ingesluit word.
  - 7 Laat leerders toe om hulle geliefkoosde liedjie aan die einde van die dag te sing – hierdie is 'n prettige manier om die nuwe taal wat hulle aangeleer het, vas te lê.

### **Sing of rym**

*Doelwit:* Konsolideer leerders se kennis van die nuwe woordeskat. Leerders leer deur spel.

- 1 Die spesifieke liedjie of rympie wat jy met die leerders moet doen, is in die lesplan gelys
- 2 Leerders sal oor 'n tyd hierdie liedjies en rympies leer ken, en hulle sal dit outomaties sing.
- 3 Aanvanklik as dit aan die leerders bekendgestel word sal aksies en wysie aangeleer moet word.
- 4 Die lied en rympies moet reël-vir-reël aan die leerders geleer word, soos hieronder uiteengesit.
  - a Sing of sê die hele liedjie vir die klas. Indien nodig verduidelik die doel daarvan, aan die leerders.
  - b Sing of sê die eerste reël, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
  - c Sing of sê die tweede reël, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
  - d Sing of sê die eerste twee reëls saam, en laat die leerders dit dan na jou herhaal.
  - e Hou op hierdie manier aan, totdat jy die leerders die hele liedjie of rympie aangeleer het
- 5 Gepaste aksies moet altyd met die liedjie of rympie ingesluit word.
- 6 Laat leerders toe om aan die einde van die dag hulle geliefkoosde liedjies of rympies te kies – dit is 'n prettige manier om die nuwe taal wat hulle aangeleer het, vas te lê.

### **Stel die Tema bekend: Assessering Vorige Kennis.**

*Doelwit:* Stel die vooraf kennis van leerders oor 'n onderwerp vas, en bou op wat reeds oor daardie onderwerp bekend is. Die grafiese organisasie erken die kennis van die leerders en bou op wat reeds bekend oor die onderwerp en organisasie is. Gebruik geheuekaarte om die grafiese organisasie van kennis te ontwerp.

- 1 In hierdie aktiwiteit, begin die onderwyser deur 'n vinnige geheuekaart op die bord te skryf.
- 2 Die onderwyser trek 'n sirkel op die bord met die naam van die tema in die middel.
- 3 Die onderwyser vra nou aan die leerders: Wat weet julle reeds van hierdie tema?

- 4 Die onderwyser skryf die leerders se idees rondom die geheuekaart. Die onderwyser moet probeer om soortgelyke idees saam te groepeer byvoorbeeld, as die tema 'Vriendskap' is, mag jy dalk 'n geheuekaart hê wat soos hierdie lyk.



- 5 In die tweede week van die siklus, sal die onderwyser die geheuekaart gebruik om leerders te help met hersiening en te reflekteer wat hulle in die eerste week van die siklus geleer het.
- 6 Die onderwyser sal aan die leerders vra: Watter nuwe en interessante dinge het ons sover van hierdie tema geleer?

### Kreatiewe Storievertel Week 1

**Doelwit:** Gee leerders die geleentheid om 'n nuwe taal te gebruik, en om hulle kennis van 'n onderwerp en kreatiwiteit te gebruik om 'n betekenisvolle storie te bou. Brei leerders se volgorde vaardighede uit. Gee leerders die geleentheid om samewerkend en mede – samewerkend – in 'n klein groep te werk.

- 1 Hierdie aktiwiteit gee leerders die geleentheid om hulle verbeelding en kreatiwiteit te gebruik; hulle nuwe tema woordeskat en hulle volgorde vaardighede aan te wend om 'n nuwe storie te op te maak.

- 2 Sê aan leerders om na hulle klein groepe te gaan.
- 3 Gee aan elke groep 'n afskrif van die kreatiewe storievertelbladsy vir die tema. Jy sal dit in die hulpbronnepakket vind
- 4 Hierdie bladsye het 'n serie van 3–4 prente wat gebruik kan word om 'n storie te bou wat met die tema verband hou.
- 5 Sê aan die leerders om aan 'n storie te dink wat by die prente pas.
- 6 Gee aan leerders 'n minuut of twee om oor hulle idees te dink.
- 7 Elke leerder in die groep moet 'n beurt kry om hulle weergawe van die storie te vertel.
- 8 Stap rond en luister na verskillende leerders soos hulle hulle stories vertel.
- 9 Neem die bladsye in en bêre dit sorgvuldig vir die volgende week.
- 10 Moedig leerders aan om hulle stories aan iemand anders by die huis te vertel.

## **Kreatiewe storievertel week 2**

***Doelwit:** Gee leerders die geleentheid om 'n nuwe taal te gebruik, en hulle kennis en kreatiwiteit te gebruik om 'n betekenisvolle storie te bou. Bou leerders se volgorde vaardighede. Gee leerders die geleentheid om samewerkend en mede-samewerkend in 'n klein groep te werk.*


- 1 Sê aan leerders om na hulle kleingroepe te gaan.
- 2 Gee aan elke groep 'n afskrif van die kreatiewe storievertelbladsy van die tema.
- 3 Herinner leerders daaraan dat hulle die vorige week, hulle eie stories rondom die prente opgemaak het.
- 4 Gedurende hierdie week moet die leerders in 'n groep werk om op 'n groepstorie te besluit.
- 5 Herinner leerders daaraan dat hulle stories kreatief moet wees, maar dat dit by die prente moet pas!
- 6 Maak seker jy het die hele klas se aandag.
- 7 Vra 1–2 verskillende groepe om hulle groepstories te deel.
- 8 Bedank leerders dat hulle hulle stories gedeel het.

## **Bespreking van Gedeelde Lees Teks**

***Doelwit:** Leer leerders kritiese denke en opsommingsvaardighede aan en gee hul die geleentheid om hierdie vaardighede te oefen en te ontwikkel. Bou leerders se selfvertroue op deur oorspronklike geleenthede te gee om te formuleer en aan opinies uitdrukking te gee, te evalueer, konneksies te maak en tot 'n gevolgtrekking te kom. Gee aan leerders die geleentheid om gesamentlik en mede-gesamentlik in 'n klein groep te werk.*

- 1 Bespreking van die Gedeelde Lees Teks word op Vrydae gedoen.
- 2 Begin by die skryf van die besprekingsraamwerk op die bord.
- 3 Vervolgens lees en verduidelik die besprekingsraamwerk aan die leerders.

- 4 Leerders moet verstaan dat daar geen foute met antwoorde van oop en geslote vrae is nie – alle antwoorde en opinies word verwelkom.
- 5 Kry die klas se aandag aan die einde van die les.
- 6 In die laaste paar minute, vra verskillende leerders of 'n spesifieke groep om hulle antwoorde te deel.
- 7 Bedank leerders vir hulle antwoorde en bydraes.
- 8 As antwoorde nie korrek is nie, of uitbreiding daarop benodig word, korrigeer die leerders of vra vinnige vrae.



## Fonetiese Bewustheid & Klanke/Handskrif

### Graad 1 & 2 (totdat die fonetiese programme voltooi is)

Fonetiese Bewustheid & Klanke en Handskrif werk saam in hierdie programme.

### Konsolidasie: Maandae

***Doelwit:** Leerders se fonetiese bewustheid word informeel geassesseer en die herroeping van geleerde klanke en handskrif. Klanke en handskrif word geremidieër of konsolideer deur self-regstelling. Gebruik assesserings waarneming vir formele doeleindes.*

- 1 Op Maandae gedurende Handskrif, sal leerders hulle drukskrif oefen deur klanke, lettergrepe en woorde wat in vorige weke aangeleer is, te hersien.
- 2 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak. Leerders moet die datum skryf, sodra hulle daartoe in staat is.
- 3 Vervolgens sê aan leerders om hulle bladsy in die helfte te vou, en nommer van 1–5 in die kantlyn, en 6–10 in die middel van die bladsy. (Die aantal klanke, lettergrepe en woorde sal van les tot les verskil).
- 4 Sê aan leerders om die klank, lettergreep of woord neer te skryf soos jy dit sê – hulle moet langs die korrekte nommer skryf. Indien hulle nie die woord of klank kan skryf nie, moet hulle 'n koppelteken skryf –.
- 5 Herinner leerders daaraan dat hierdie 'n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle kan onthou om die klanke, lettergrepe en woorde wat hulle alreeds geleer het kan skryf.
- 6 Sê aan leerders dat hulle hulle eie klanke en handskrif kontroleer.
  - Hulle moet kan sien of hulle weet hoe om 'n klank, lettergreep of woord korrek te skryf.
  - Hulle moet kan sien of hulle weet hoe om die letters behoorlik te vorm.
- 7 Vra die klanke, lettergrepe en woorde in die lesplan.
- 8 Die leerders neem 'n kleurpotlood om hulle eie werk te korrigeer.
- 9 Skryf die antwoorde korrek op die bord, sê die klanke terwyl jy die skryfproses verduidelik.

- 10 Indien leerders sukkel om 'n klank te onthou of 'n letter te skryf, moet hulle in die week hieraan werk.
- 11 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota wie addisionele hulp benodig.

### **Leer nuwe Klanke en Woorde aan: Dinsdae en Woensdae.**

*Doelwit:* Leerders se fonemiese bewustheid word sistematies ontwikkel. Om duidelik en sistematies huistaal foneme en lettergrepe aan leerders te leer, en om die identifikasie en gebruik van geleerde foneme en lettergrepe in woorde te oefen.

#### **Bekendstelling van die nuwe klank**

- 1 Sê die klank en wys die flitskaart, byvoorbeeld: /p/
- 2 Sê die klank die leerders herhaal die klank 3x.
- 3 Bespreek hoe die /p/ klank dieselfde in Afrikaans en Engels is.
- 4 Vir enkelklanke wys leerders die klanke op die Alfabetkaart.
- 5 Vra aan leerders: Kan jy aan woorde dink wat die klank /p/ gebruik?
- 6 Dinkskrum woorde met leerders, soos: **pote, pere, krap, prys**

#### **Bekendstelling van nuwe woorde**

- 1 Sê elke woord hard en duidelik terwyl jy die flitskaart aan leerders wys: **pote, pere, krap, prys**
- 2 Vra die leerders om die woorde na jou te herhaal terwyl klem gelê word op die teikenklank.
- 3 Plak die flitskaarte van die woorde op die Klanke Vertoonbord.

### **Skryf nuwe Letter(s) en Woorde: Dinsdae en Woensdae**

*Doelwit:* Om duidelik en sistematies die Leerders se vermoë om korrek en vlot grafeme wat ooreenstem met die aangeleerde foneme te kan beskryf.

- 1 Leer die leerders om die drukskrifletter(s) korrek te vorm van die aangeleerde klanke.
- 2 Wys hoe om die klank op die bord te skryf – beskryf die vormingsproses soos jy skryf.
- 3 Sê aan linkshandige skrywers om met hulle koppe op die lessenaar te lê.
- 4 Staan dan met jou rug na die klas en lig jou regterhand op.
- 5 Sê aan die regshandige leerders om in die lug te volg soos jy die letter(s) skryf.
- 6 Vervolgens herhaal die proses met die linkshandiges.
- 7 Sê dan aan die leerders om met 'n maat saam te werk en die klank om die beurt op mekaar se rug met hulle vingers te skryf.
- 8 Sê hierna aan die leerders om die klank met hulle vingers op hul lessenaars te skryf.



- 9 Heel laaste wys leerders nog eenkeer hoe om die letter(s) en woorde op die bord te vorm.
- 10 Leerders moet hierna die klank /woorde/ sinne in hulle boeke skryf.
- 11 Leerders moet die nuut geleerde klank in enige woord/sin wat geskryf is onderstreep.

### Segmentering en vermenging: Donderdae

*Doelwit:* Om duidelik en sistematies leerders se fonemiese bewustheid te ontwikkel, en hulle vaardigheid om alle aangeleerde foneme en lettergrepe te vermeng en segmenteer om sodoende onafhanklik te lees en skryf. Deur die herkenning van foneme en lettergrepe kan outomatisme verbeter word.

#### Ek:

- 1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
- 2 Sê die woord:
- 3 Segmenteer die woord in individuele klanke: /p/ - /e/ - /r/ - /e/
- 4 Sê die eerste enkelklank van die woord: /p/
- 5 Sê die tweede enkelklank van die woord: /e/
- 6 Sê die derde enkelklank van die woord: /r/
- 7 Sê die laaste enkelklank van die woord: /e/
- 8 Skryf die woord op die bord: **pere**
- 9 Deur jou voorbeeld, wys na die bord om klanke te vermeng om 'n woord te maak: /p/ - /e/ - /r/ - /e/ = **pere**
- 10 Vervolgens sê die eerste lettergreep van die woord: /pe/
- 11 Sê die tweede lettergreep van die woord: /re/
- 12 Deur jou voorbeeld wys, na die swartbord om die lettergrepe saam te voeg om 'n woord te maak: /pe/ - /re/
- 13 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdag les.

#### Ons ...

- 1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
- 2 Sê die woord: **pote**
- 3 Vra aan die leerders: Wat is die eerste enkelklank in die woord? /p/
- 4 Vra aan die leerders: Wat is die tweede enkelklank in die woord? /o/
- 5 Vra aan die leerders wat is die derde enkelklank in die woord? /t/
- 6 Vra aan die leerders wat is die laaste enkelklank in die woord? /e/
- 7 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te segmenteer: /p/ - /o/ - /t/ - e/
- 8 Skryf die woord op die bord: **pote**
- 9 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord te segmenteer: /p/ - /o/ - /t/ - /e/
- 10 Vra aan die leerders wat is die eerste lettergreep van die woord? /po/
- 11 Vra aan die leerders wat is die laaste lettergreep van die woord? /te/

- 12** Sê aan die leerders om die lettergrepe saam te voeg om 'n woord te vorm: /po/ – /te/ = pote
- 13** Herhaal hierdie proses met 'n woord uit die Woensdag les.

### Woordsoek: Vrydae

*Doelwit:* Gee aan leerders die geleentheid om hulle kennis van geleerde foneme te konsolideer. Die leerders kry geleentheid om die vaardigheid van vermenging te oefen om woorde te bou. Die herkenning van foneme word deur outomatisme herken.

Skryf die tabel op die bord wat vorige geleerde klanke sowel as klanke aangeleer op Dinsdag en Woensdag insluit.

|           |          |          |
|-----------|----------|----------|
| <b>y</b>  | <b>i</b> | <b>p</b> |
| <b>kr</b> | <b>d</b> | <b>a</b> |
| <b>pr</b> | <b>e</b> | <b>m</b> |

#### Model:

- 1 Herinner leerders aan die klanke van die week byvoorbeeld: /kr/ en /pr/.
- 2 Hersien alle klanke en vermengings op die bord.
- 3 Verduidelik dat leerders drie minute sal hê om soveel woorde as moontlik te kan skryf deur van die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
- 4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur 'n teikenklank te gebruik: /kl/ – /i/ – /m/
- 5 Herinner leerders daaraan dat hulle 'n woord kan maak deur enige van die klanke te gebruik – hulle hoef nie /kr/ of /y/ te gebruik nie.
- 6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak: /kr/ – /a/ – /p/
- 7 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur die teikenklanke te gebruik, soos /kl – /i/ – /p/, of woorde sonder die teikenklank soos **dink**.

#### Leerders doen:

- 1 Sê aan die leerders om hulle boeke uit te haal en die opskrif te skryf: **kl, y**
- 2 Gee die instruksie dat die leerders moet begin skryf.
- 3 Gee leerders 3 minute om soveel as wat hulle kan nuwe woord te vind en te bou.
- 4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou ( en nog ander): **klink, klank, klap, pad, dam, mank, dink, klep, demp, prys**



## Fonemiese Bewustheid & Fonetiek/Handskrif

### Graad 2 & 3 (sodra die fonetiekprogramme voltooi is)

Fonemiese Bewustheid & Fonetiek en Handskrif werk saam in hierdie programme.

### GRAAD 2 TERMYN 3-4

#### HANDSKRIF

#### Verander Woorde: Maandae

**Doelwit:** Om fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur selfkorreksie. Om leesvaardigheid te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op en veranderinge in woorde en sinne te identifiseer, wat die betekenis van die woorde of sinne verander

**Nota:** Aan die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF moet doen. Sodra die leerders genoeg kursiewe skrif ken, gee asseblief opdrag aan hulle om die aktiwiteit in KURSIEF te voltooi.

- 1 Op Maandae tydens Handskrif, oefen leerders hulle kursiewe skrif deur klanke en woorde wat in vorige weke aangeleer is, te hersien.
- 2 Sê aan die leerders om hulle boeke oop te maak en die datum te skryf.
- 3 Vervolgens sê aan die leerders om van 1–5 in die kantlyn te skryf, en tussen elke nommer 'n lyn oor te slaan.
- 4 Skryf die sin wat in die lesplan voorgeskryf is op die bord langs die nommer 1, bv.:  
1 Ek wil my boek hê.
- 5 Sê aan leerders om die sin in hulle boeke te kopieër.
- 6 Vervolgens sê aan leerders om verskillende voornaamwoorde langs die nommers te skryf, bv.:
  - Hy
  - Sy
  - Hulle
  - Ons
- 7 Sê aan die leerders om die sin oor te skryf, deur elkeen van hierdie voornaamwoorde te gebruik.
- 8 Herinner leerders dat hierdie 'n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou hoe om die klanke en woorde wat hulle alreeds geleer het, te kan skryf.
- 9 Sê aan leerders dat hulle hulle eie klanke en handskrif nagaan.
- 10 Aan die einde van die les skryf die sinne korrek op die bord, sê die klanke en verduidelik die kursiewe skryfproses terwyl jy dit doen.
- 11 Vra die leerders daarna om enige patroon wat hulle kan sien, uit te wys, bv.: waar die sinne verander.
- 12 Onderstreep enige patroon, soos:

- Hy wil sy boek hê.
  - Sy wil haar boek hê.
  - Hulle wil hul boek hê.
  - Ons wil ons boek hê.
- 13** Sê aan die leerders om 'n kleurpotlood te neem om hulle eie werk te korrigeer.
- 14** Indien leerders gesukkel het om 'n klank te onthou of om 'n letter in kursief te skryf, moet hulle in die week daaraan werk.
- 15** Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota oor wie addisionele hulp benodig. Sommige leerders mag met klanke sukkel, terwyl ander sukkel om kursief te skryf!

## GRAAD 3 TERMYN 1-2

### HANDSKRIF

#### Enkelvoud tot Meervoud Woorde: Maandae

***Doelwit:** Om fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur self korreksie. Om leesvaardigheid te ontwikkel deur leerders te help om te sien en fokus op die patrone van verandering in 'n sin, afhangende van die selfstandige naamwoord voorvoegsel.*

***Nota:** In die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF doen. So gou as wat leerders genoeg kursief ken, gee asseblief opdrag dat hulle die aktiwiteit in KURSIEF moet voltooi.*

- 1** Op Maandae tydens Handskrif, oefen leerders hulle kursiewe handskrif deur hersiening van klanke en woorde wat in die vorige weke geleer is
- 2** Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die datum en opskrif te skryf  
**Enkelvoud na Meervoudwoorde.**
- 3** Vervolgens sê aan leerders om nommers 1–5 in die kantlyn te skryf en om lyne tussen die nommers oor te slaan
- 4** Herinner leerders dat hierdie 'n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou hoe om die klanke en woorde wat hulle reeds geleer het, te skryf.
- 5** Sê aan leerders dat hulle hulle eie klanke en handskrif nagaan.
- 6** Roep die enkelvoudwoorde in die lesplan uit. Leerders moet hierdie woorde soos volg langs die nommers skryf.

#### **Enkelvoud na Meervoud Woorde**

- bak
  - hek
  - sak
  - gans
  - kind
- 7** Vervolgens sê aan leerders om die woorde oor te skryf as meervoude.
  - 8** In die laaste vyf minute van die les, skryf die woorde korrek op die bord, terwyl jy die klanke sê en beskryf die kursiewe skryfwyse proses soos jy dit doen.

- 9 Vra dan aan die leerders om enige patrone wat hulle kan sien, uit te wys, soos waar die woorde verander.
- 10 Onderstreep hierdie patrone, soos:  
**Enkelvoud na Meervoud Woorde**
- bak
  - bakke
  - hek
  - hekke
  - sak
  - sakke
  - gans
  - ganse
  - kind
  - kinders
- 11 Sê aan leerders om te dink oor hierdie patrone wanneer hulle lees of skryf.
- 12 Sê aan leerders om 'n kleurpotlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.
- 13 Sê aan leerders dat indien hulle sukkel om 'n klank te onthou, of om 'n letter in kursief te skryf, hulle daaraan gedurende die week moet werk.
- 14 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota oor wie addisionele hulp benodig. Sommige leerders mag sukkel met klanke, terwyl ander met kursiewe skrif mag sukkel!

## GRAAD 3 TERMYN 3-4

### HANDSKRIF

#### **Enkelvoud na Meervoud Sinne: Maandae**

***Doelwit:** Om fonetiek – en handskrifkennis te remedieër en konsolideer deur selfkorreksie. Om leesvaardigheid by leerders te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op – en verandering van patrone in 'n sin afhangende van die voornaam voorvoegsel.*

***Nota:** Aan die begin sal leerders hierdie aktiwiteit in DRUKSKRIF moet doen. Sodra leerders genoeg weet van Kursiewe skrif, gee asseblief opdrag aan hulle om die aktiwiteit in KURSIEF te voltooi.*

- 1 Op Maandae gedurende Handskrif, oefen leerders hulle kursiewe skrif deur woorde wat in vorige weke geleer is, te hersien.
- 2 Sê aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die datum te skryf met die opskrif **Enkelvoud na Meervoud Sinne**.
- 3 Vervolgens sê aan leerders om nommers 1–5 in die kantlyn te skryf, maar laat 'n lyn tussen elke nommer oop.
- 4 Herinner leerders daaraan dat hierdie 'n vinnige aktiwiteit is, om te sien of hulle onthou hoe om die woorde te skryf wat hulle reeds geleer het.

- 5 Sê aan leerders dat hulle hulle klanke en handskrif nagaan.
- 6 Roep die enkelvoudige sinne in die lesplan uit. Leerders moet hierdie sinne langs die nommers skryf, soos volg:  
**Enkelvoud na Meervoud Sinne**
  - a Die bak is op die tafel.
  - b Die hek is toe.
  - c Die sak is swaar.
  - d Die gans eet.
  - e Die kind speel
- 7 Vervolgens sê aan die leerders om die sinne in die meervoud te skryf.
- 8 In die laaste vyf minute van die les, skryf die sinne korrek op die swartbord, terwyl jy die klank sê en die kursiewe skryfproses verduidelik soos jy skryf.
- 9 Vra dan aan die leerders om enige patroon wat hulle kan sien, uit te wys, soos: waar woorde verander.
- 10 Onderstreep hierdie patrone, soos:  
**Enkelvoud na Meervoud Sinne**
  - a Die bak is op die tafel.
  - b Die bakke is op die tafel.
  - c Die hek is toe.
  - d Die hekke is toe.
  - e Die sak is swaar.
  - f Die sakke is swaar.
  - g Die gans eet.
  - h Die gansee eet.
  - i Die kind speel.
  - j Die kinders speel.
- 11 Sê aan leerders om te dink oor hierdie patrone wanneer hulle lees of skryf.
- 12 Sê aan leerders om 'n kleurpotlood te neem en hulle eie werk te korrigeer.
- 13 Indien leerders gesukkel het om 'n klank te onthou of 'n letter in kursief te skryf, moet hulle dit gedurende die week oefen.
- 14 Neem leerders se boeke aan die einde van die dag in, en maak 'n nota oor wie addisionele hulp nodig. Sommige leerders mag sukkel met klanke, terwyl ander met kursiewe skrif mag sukkel!

## FONETIEK

### Hersiening van klanke deur verdeling en vermenging: Dinsdae en Woensdae

*Doelwit:* Om uitdruklik en sistematies leerders se fonemiese bewustheid en vermoë om aangeleerde foneme en lettergrepe saam te voeg en te verdeel te ontwikkel, om sodoende onafhanklik te lees en skryf. Om herkenning van foneme deur outomatisme te vermeerder

**Ek ...**

- 1 Begin met 'n woord van die Dinsdag les.
- 2 Sê die woord: klank
- 3 Breek die woord op in klanke: /**kl**/ – /**a**/ – /**nk**/
- 4 Sê die eerste klank van die woord: /**kl**/
- 5 Sê die middelste klank van die woord: /**a**/
- 6 Sê die laaste klank van die woord: /**nk**/
- 7 Skryf die woord op die bord: **klank**
- 8 Wys na die klanke en voeg hulle saam om 'n woord te vorm: /**kl**/ – /**a**/ – /**nk**/ = **klank**
- 9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdag les.

**Ons ...**

- 1 Begin met 'n woord uit die Dinsdag les.
- 2 Sê die woord: **krank**
- 3 Vra aan die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? /**kr**/
- 4 Vra aan die leerders: Wat is die middelste klank van die woord? /**a**/
- 5 Vra aan die leerders: Wat is die laaste klank van die woord? /**nk**/
- 6 Skryf die woord op die bord: **krank**
- 7 Sê aan die leerders om saam met jou die klanke in die woord saam te voeg: **krank**
- 8 Herhaal hierdie met 'n woord van die Woensdag les.

**Jy...**

- 1 Sê aan leerders om hulle boeke uit te haal en die datum en opskrif te skryf: kl woorde.
- 2 Vervolgens sê aan leerders om van 1–5 in die kantlyn te nommer.
- 3 Roep die vyf woorde van die lesplan uit.
- 4 Leerders moet hierdie woorde langs die korrekte nommer skryf. Hulle behoort hulle verdeling – en vermengingsvaardighede te gebruik om hierdie woorde te spel.
- 5 Leerders moet die teikenklanke in elke woord onderstreep.
- 6 In die laaste twee minute van die les, skryf die woorde korrek op die bord, en onderstreep die teikenklank.
- 7 Sê aan die leerders om met 'n kleurpotlood hulle eie werk te korrigeer.
- 8 Verduidelik aan leerders dat hulle sal leer om hierdie klank in KURSIEF in die volgende les te skryf.
- 9 Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Donderdae.

## HANDSKRIF

### Skryf Nuwe Letter(s) en Woorde: Dinsdae en Woensdae

*Doelwit:* Om uitdruklik en sistematies die leerders se vermoë om korrek en vlot grafeme te skryf wat korrespondeer met die aangeleerde foneme.

- 1 Leer die leerders om korrek die kursiewe letter(s) te vorm vir die klank wat geleer is.
- 2 Leer die kleinletters sowel as die hoofletters vir elke letter.
- 3 Wys deur jou voorbeeld van die klank op die swartbord te skryf – verduidelik die lettervormingsproses soos jy skryf.
- 4 Sê aan linkshandige leerders om met hulle koppe op die lessenaar te lê.
- 5 Staar dan met jou rug na die leerders en lig jou regterhand op.
- 6 Sê aan die regshandige leerders om jou te volg soos jy die letter(s) in die lug skryf.
- 7 Herhaal daarna hierdie proses met die linkshandige leerders.
- 8 Sê dan aan die leerders om saam met 'n maat te werk deur die klanke met hulle vingers op mekaar se rûe te skryf.
- 9 Vertel leerders hierna om die klank met hulle vingers op hulle lessenaars te skryf.
- 10 Laastens, wys leerders nog 'n keer hoe om die letter(s) en woorde op die swartbord te vorm.
- 11 Leerders moet dan die klanke /woorde/ sinne in hulle boeke skryf. .
- 12 Wanneer voorbeelde van woorde gewys word, lê klem op hoe die kursiewe letters bymekaar kom of aanmekaar geskryf word.
- 13 Leerders moet die klank in enige woorde/sinne wat geskryf word, onderstreep.
- 14 Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Vrydae.

## FONETIEK

### Letters Omruil: Donderdae

*Doelwit:* Om fonetiese kennis te remedieër of konsolideer. Om leesvaardighede te ontwikkel deur leerders te help om te fokus op en 'n enkele verandering in 'n woord te identifiseer wat die betekenis van die woord verander

#### Ek...

- 1 Verduidelik dat ons vandag gaan oefen om na klein verskille in woorde te soek. Dit help ons om beter lesers te wees.
- 2 Skryf die twee woorde wat in die lesplan voorkom op die bord, soos **bank**, **mank**
- 3 Verduidelik dat ons vandag gaan probeer om uit te vind watter klank verskillend is in die twee woorde.
- 4 Wys aan die leerders hoe om die verskil te vind, soos: **bank**, **mank**
- 5 Verduidelik die verskil, soos: die /b/ en /m/ klank is verskillend, maar alles verder in die woord is dieselfde!



**Ons ...****Deel 1**

- 1 Skryf die twee woorde wat in die lesplan voorgeskryf is op die bord, soos: **vrug, vlug**
- 2 Vra die aan die leerders: wat is die verskil tussen hierdie twee woorde?
- 3 Roep 'n leerder om na vore te kom en die verskil tussen die twee woorde te onderstreep, byvoorbeeld: **vrug, vlug**
- 4 Verduidelik die verskil tussen die twee woorde.

**Deel 2**

- 1 Vervolgens, skryf die woord wat in die lesplan voorgeskryf word op die bord, soos **klank**
- 2 Vra aan die leerders: **Wat is die een klank wat jy in hierdie woord kan omruil om dit te verander na 'n verskillende woord?**
- 3 Skryf 'n lys van die leerders se idees op die bord, soos: **slank, flank, plank, blank, sak, pak**

**Julle ...**

- 1 Skryf die woord wat in die lesplan voorgeskryf word op die swartbord: **klank**
- 2 Vra die leerders: **Wat is een klank wat jy in hierdie woord kan vervang om sodoende 'n ander woord te maak?**
- 3 Sê aan die leerders om soveel as moontlik ander woorde te maak as wat hulle kan, deur net een klank in die woord te vervang.
- 4 Aan die einde van die les, roep die leerders saam terug.
- 5 Roep die leerders om vorentoe na die bord te kom en een van hulle woorde te skryf.
- 6 Gaan deur die woorde en verduidelik watter klank is omgeruil.
- 7 **Vlug, vrug, slank, klank, bank, mank**

**FONETIEK****Woordsoek: Vrydae**

*Doelwit: Om geleentheid aan leerders te bied om hulle kennis van aangeleerde foneme te konsolideer. Om leerders toe te laat om hulle vaardighede van samevoeging om woorde te bou, te oefen. Om die herkenning van foneme met outomatisme te verbeter.*

Skryf die tabel op die swartbord. Dit sluit vorige aangeleerde klanke in, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. Dit sluit ook sommige voorvoegsels in:

|             |          |           |            |
|-------------|----------|-----------|------------|
| <b>ank-</b> | <b>i</b> | <b>p</b>  | <b>-s</b>  |
| <b>d</b>    | <b>t</b> | <b>a</b>  | <b>-ge</b> |
| <b>l</b>    | <b>e</b> | <b>kr</b> | <b>o</b>   |

### Wys deur jou voorbeeld.

- 1 Herinner leerders oor die klanke van die week: /ank/ en /kr/
- 2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
- 3 Verduidelik dat leerders drie minute sal kry, om soveel woorde as wat hulle kan, te maak deur die klanke en samevoegings hierbo te gebruik.
- 4 Wys aan die leerders hoe om 'n woord te maak deur 'n teikenklank te gebruik, soos: /kl/ - /a/ - /nk/ = **klank**
- 5 Herinner leerders dat hulle 'n woord kan maak deur enige van die klanke te gebruik – hulle hoef nie klanke /kl/ of /rk/ te gebruik nie.
- 6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, soos: /t/ - /a/ - /s/ = **tas**
- 7 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur die teikenklank te gebruik, soos **bank**, of woorde sonder die teikenklank te gebruik soos, **tas**.

### Leerders

- 1 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **kl, kr**.
- 2 Sê dat leerders moet begin skryf.
- 3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
- 4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer. Wys leerders hoe om hierdie woorde (en nog meer) te bou: **bank, rank, slank, tjank, tronk, park, mark, vark, hark getref, gehurk, getjank**

Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Vrydae.



## Gedeelde Lees met begripsstrategieë

---

'n Nuwe Gedeelde Lees storie word elke week gelees.

Gedeelde lees word as volg gedoen:

|            |             |
|------------|-------------|
| Maandag:   | Pre-lees    |
| Dinsdag:   | Eerste lees |
| Donderdag: | Tweede lees |
| Vrydag:    | Nalees      |

Vir hierdie Gedeelde Lees sessies, maak seker al die leerders sit rustig en dat hulle duidelik die grootboekprente kan sien. Herinner leerders wat jou verwagtinge is gedurende gedeelde leestyd, byvoorbeeld:

- Sit gemaklik en STIL
- Hou jou HANDE op jou skoot
- Hou jou oë en gedagtes by die boek
- Skakel jou KLANK af (wys met 'n handgebaar om hul lippe te seel)

**Die hoofdoel van Gedeelde Lees in hierdie program is as volg:**

- 1 Die leerders ervaar hoe dit voel om 'n hele storie te lees wat moeiliker is as die stories wat hulle al op hul eie kan lees. Omdat leerders nie bekommerd hoef te wees oor die tegniese deel van lees nie, kan hulle nou net konsentreer op die storielyn en die karakters. Die leerders kan die stories geniet en so 'n liefde vir lees ontwikkel.
- 2 Soos wat die onderwyser die storie hardop lees, demonstreer sy toevallig leesvaardighede. Sy lees van die eerste tot die laaste bladsy, sy lees van bo tot onder van die bladsy, sy lees van links na regs, sy reageer volgens leestekens, sy lees vlot en teen 'n goeie pas. Sy lees met die nodige uitdrukking, dit gee betekenis aan die teks. Leerders leer toevallig baie vaardighede aan wanneer hulle 'n leser wat vlot lees dophou.
- 3 Soos wat die onderwyser lees, lê sy betekenis neer deur: te wys na 'n deel van die prent, deur 'n handgebaar of aksie en deur met uitdrukking te lees. Die onderwyser voeg uitdruklik betekenis by, deur te stop en 'n woord of 'n frase te verduidelik. Deur na die onderwyser te luister en te kyk, leer die leerders nuwe leesvaardighede aan.
- 4 Iets wat baie belangrik is gedurende Gedeelde Lees, is dat die onderwyser leerders moet leer hoe om te dink oor 'n storie en hoe om hul begrip van 'n storie te bou. In hierdie program het ons gekies om begripsvaardighede te bou deur die demonstrasie en leer van verskillende begripsstrategieë. Die volgende begripsstrategieë word gebruik:
- 5 Kies om begripsvaardighede te demonstreer en te leer deur verskillende begripsstrategieë. Die volgende begripsstrategieë word gebruik:
  - Voorspel
  - Visualiseer
  - Soek die teks
  - Opsomming
  - Dink oor die teks (wonder)
  - Maak konneksies
  - Maak afleidings
  - Evalueer

**BEGRIPSSTRATEGIEË**

Onderstaande tabel verskaf inligting oor elke strategie.

| <b>Strategie 1: Voorspel</b> |  |
|------------------------------|--|
| Verduideliking               | Wanneer leerders voorspel, sê hulle wat hulle <u>dink</u> gaan gebeur in die storie.<br>Leerders kan voorspel wat gaan gebeur deur te kyk na die prente in die boek. Hulle kan ook voorspel wat volgende gaan gebeur nadat hulle 'n bladsy van die teks gelees het. Uiteindelik kan leerders voorspel hoe hulle dink die storie gaan eindig. |
| Doel                         | Deur leerders te laat voorspel, kry jy hulle om te dink oor die storie voor hul dit nog gelees het. Leerders moet leidrade gebruik om uit te werk wie die karakters is en wat die hoofgebeure is wat gaan plaasvind. Deur te voorspel, ontwikkel leerders hul begripsvaardighede deur oor die storie na te dink.                             |

|  |   |
|--|---|
| Stappe<br><i>(Om te voorspel met prente)</i>     | <ol style="list-style-type: none"> <li>1 Kyk na die prent.</li> <li>2 Vra leerders: Wat dink julle gebeur hier?</li> <li>3 Laat leerders dink oor die vraag.</li> <li>4 As leerders nie kan antwoord nie, gee 'n voorbeeld antwoord tot die vraag.</li> <li>5 Wys hoe die prente tot mekaar verband hou om die storie te bou.</li> </ol>  |
| Voorbeelde<br><i>(Om met prente te voorspel)</i> | <ol style="list-style-type: none"> <li>1 Wat dink julle gebeur hier?</li> <li>2 Hoe dink julle voel die karakter? Hoekom?</li> <li>3 Wat dink julle gaan julle in die volgende prent sien?</li> </ol>   |
| Stappe<br><i>(Om met teks te voorspel)</i>       | <ol style="list-style-type: none"> <li>1 Lees 'n bladsy van die teks.</li> <li>2 Vra leerders: Wat dink julle gaan volgende gebeur?</li> <li>3 Laat leerders dink oor die vraag.</li> <li>4 As leerders nie kan antwoord nie, gee 'n voorbeeld antwoord tot die vraag.</li> </ol>   |
| Voorbeelde<br><i>(Om met teks te voorspel)</i>   | <ol style="list-style-type: none"> <li>1 Wat dink julle gaan volgende gebeur?</li> <li>2 Wat dink julle gaan die karakter volgende doen?</li> <li>3 Hoe dink julle gaan die storie eindig?</li> </ol>   |
| <b>Strategie 2: Visualiseer</b>                  |   |
| Verduideliking                                   | Wanneer leerders visualiseer moet hulle dink wat in die storie gebeur, soos 'n toneel in 'n fliek. Hulle moet probeer om die storie soos dit gebeur in hul gedagtes te sien.  |
| Doel   | <i>Visualisering help om betekenis te gee aan die woorde op die bladsy deur dit soos 'n toneel uit 'n fliek in die gedagtes van die leerder te plaas. Visualisering help ook vir leerders om te sien hoe gebeure in die teks met mekaar verband hou. Dit help hulle om begrip te bou en aan die storie as 'n geheel te dink, eerder as bladsy per bladsy.</i>   |
| Stappe   | <ol style="list-style-type: none"> <li>1 Lees die teks op die bladsy.</li> <li>2 Sê: Nou gaan ons die storie visualiseer asof ons na 'n fliek kyk.</li> <li>3 Vra die leerders om hulle oë toe te maak. Verduidelik aan leerders hulle moet luister na die woorde en hulle moet 'n fliek in hulle gedagtes maak.</li> <li>4 Lees weer die teks.</li> <li>5 Vertel die leerders wat jy gevisualiseer het. (Wys die vaardigheid.)</li> <li>6 Vra leerders: Wat het julle gesien? (Wat het in julle fliek gebeur?)</li> <li>7 Luister na leerders se antwoorde en bespreek dit. Maak seker dat leerders se antwoorde van toepassing is op wat in die storie gebeur het.</li> </ol> |
| Voorbeelde                                       | <ol style="list-style-type: none"> <li>1 Ek het gevisualiseer hoe Joe die resies wen. Ek kon sien hoe die sweet van sy voorkop af loop en oral spat. Ek kon sien hoe sy oë gefokus was op die eindpaal en hoe sy lyf so hard as moontlik gewerk het.</li> <li>2 Wat het julle gevisualiseer? Wat het in julle fliek gebeur?</li> </ol>  |
| <b>Strategie 3: Soek die teks</b>                |   |
| Verduideliking                                   | Soek die teks vrae, is die mees basiese tipe van begripvrae. Hierdie vrae vra leerders om te dink aan, of te kyk na die woorde op die bladsy en inligting te herroep.   |
| Doel   | <i>Hierdie vrae is om basies te kyk of daar begrip is vir die woorde op die bladsy. Hierdie strategie wys leerders hoe om te identifiseer en te soek na 'n sleutelwoord wat hulle sal help om die antwoord op 'n vraag te kry.</i>  |

|  |  |
|--|--|
| Stappe   | <ol style="list-style-type: none"> <li>1 Lees die teks op die bladsy.</li> <li>2 Vra leerders 'n vraag oor inligting in die teks, byvoorbeeld: Wie wou Joe in die resies wen?</li> <li>3 Laat leerders die vraag antwoord.</li> <li>4 <b>NOTA:</b> Help leerders om die antwoord te vind deur 'n sleutelwoord uit te wys en om dan deur die teks te soek na hierdie sleutelwoord. Dit sal hulle gewoonlik lei na die antwoord.</li> </ol>  |
| Voorbeelde                                     | <ol style="list-style-type: none"> <li>1 <b>Wie</b> wou Joe in die resies wen?</li> <li>2 <b>Wat</b> het Joe gedoen voor die resies?</li> <li>3 <b>Wanneer</b> het Joe ge oefen vir die resies?</li> <li>4 <b>Waar</b> is die resies gehou?</li> </ol>   |
| <b>Strategie 4: Opsomming</b>                  |  |
| Verduideliking                                 | Wanneer leerders opsom, dink hulle aan wat gebeur het in die storie. Hulle kan ook aan ander goed dink, byvoorbeeld: waarvan hulle gehou het in die storie en wat hulle uit die storie geleer het.   |
| Doel   | <i>'n Opsomming wys dat leerders die storie verstaan het en dat hulle oor die storie gedink het. Om leerders te vra om 'n storie op te som, is die beste manier om hul begrip te toets.</i>  |
| Stappe   | <ol style="list-style-type: none"> <li>1 Lees die teks.</li> <li>2 Herinner leerders: Wanneer ons opsom, dink ons aan die belangrikste dele van die storie. Ons kan ook dink waarvan ons gehou het in die storie en wat ons uit die storie geleer het.</li> <li>3 Gee leerders 'n paar minute om te dink oor die storie.</li> <li>4 Vra leerders om na mekaar te draai en om hulle opsomming van die storie met mekaar te deel.</li> <li>5 Laastens kan jy leerders vra om hul opsomming neer te skryf, deur aan hulle riglyne te gee om hul hiermee te help.</li> </ol> |
| Voorbeeld                                      | <p>Storie: Joe wen die resies.</p> <p><u>Leerders kan die storie as volg opsom:</u></p> <p><b>Hierdie storie gaan oor</b> 'n seun met die naam Joe, hy wil die vinnigste seun in die skool, Sizwe, wen in 'n resies. Joe oefen die heel tyd en uiteindelik wen hy vir Sizwe.</p> <p><b>Ek het van die deel gehou</b> waar Joe deur die wenpaal hardloop – dit was so opwindend.</p> <p><b>Ek het geleer</b> dat as jy hard probeer en nooit moed opgee nie, jy suksesvol kan wees.</p>   |
| <b>Strategie 5: Dink oor die teks (Wonder)</b> |  |
| Verduideliking                                 | Wanneer die onderwyser wonder, dink die onderwyser hardop oor die teks. Sy laat die leerders hoor wat sy dink oor die teks.  |
| Doel   | <p><i>Deur te wys hoe om te dink/wonder oor die teks, leer ons leerders twee dinge.</i></p> <p><i>Eerstens, leer ons leerders dat goeie leerders nie net woorde lees nie, hulle dink altyd oor dit wat hulle lees. Tweedens, wys ons leerders watter tipe gedagtes goeie lesers het oor 'n teks.</i></p> <p><i>Deur dit te doen wys ons lesers hoe om kreatief en krities te dink oor 'n teks.</i></p> <p><i>Met tyd sal leerders begin om dit vir hulleself te doen.</i></p>  |

|           |  |
|-----------|--|
| Stappe    | <ol style="list-style-type: none"> <li>1 Lees die teks op die bladsy.</li> <li>2 Dink aan 'n vraag of 'n idee wat 'n vlot leser miskien mag hê oor die teks. (Idees word verskaf in die Eerste Lees en Tweede Lees blokke van die lesplan.)</li> <li>3 Sê: Ek sien/Ek let op ...</li> <li>4 Sê: Ek wonder ...?</li> <li>5 Leerders hoef <b>nie</b> die vraag te antwoord nie.</li> </ol> |
| Voorbeeld | <b>Ek sien</b> hoe lag Sizwe vir Joe toe hy by die resies aankom. <b>Ek wonder</b> of dit vir Joe gaan ontstel?  |

### Strategie 6: Maak konneksies

|                |  |
|----------------|--|
| Verduideliking | Wanneer leerders <i>konneksies maak</i> , vergelyk hulle die storie met hul eie lewens (teks na hulself), of na 'n ander teks (teks na teks), of na iets anders in die wêreld (teks na die wêreld).  |
| Doel           | <i>Om konneksies te maak help leerders om die teks dieper te verstaan deur dit te verbind met ander dinge wat hulle reeds ken of reeds ervaar het. Deur leerders te wys dat hul verskillende konneksies kan maak: teks tot 'n ander teks; teks tot hulself; tot hul eie lewens; teks tot die wêreld – ander inligting wat hulle reeds ken van die wêreld.</i>  |
| Stappe         | <ol style="list-style-type: none"> <li>1 Lees die teks op die bladsy.</li> <li>2 Vra leerders 'n vraag, byvoorbeeld: Wanneer wou jy graag iets wen, soos Joe?</li> <li>3 Gebruik demonstrasie om 'n voorbeeld antwoord te gee, byvoorbeeld: Toe Joe die resies wou wen het dit my herinner hoe ek teen my suster op skool meegeding het. Sy het altyd volpunte gekry vir alles en my ouers was baie trots op haar. Ek wou hê my ouers moes so trots op my ook wees.</li> </ol> |

### Strategie 7: Maak afleidings

|                |  |
|----------------|--|
| Verduideliking | Om 'n afleiding te maak gebruik jy dit wat jy reeds weet, saam met dit wat jy lees om 'n raaiskoot te maak oor iets in die storie. Dit is wat bedoel word met 'om tussen die lyne te lees'. Wanneer leerders 'n afleiding maak, maak hulle 'n raaiskoot oor iets in die storie.<br><br>Soms skryf die skrywer nie elke stukkie detail in 'n storie in nie. Die skrywer laat seker dele van die storie onvolledig, op hierdie manier kan lesers vir hulleself uitwerk wat gaan gebeur.  |
| Doel           | <i>Leerders moet sekere dele van die storie uitwerk deur afleidings te maak – hulle moet 'tussen die lyne lees'. Om dit te kan doen moet hulle gebruik wat geskryf is saam met dit wat hulle reeds weet om uit te werk wat nie spesifiek neergeskryf is nie.</i>   |
| Stappe         | <ol style="list-style-type: none"> <li>1 Lees die teks op die bladsy.</li> <li>2 Vra leerders: Wat weet julle hiervan? Wat sê die teks?</li> <li>3 Vra leerders: Wat kan ons nog hieroor raai? Is daar iets wat die teks ons nie vertel nie?</li> <li>4 Vra leerders: Wat kan ons aflei van Joe van die manier waarop hy oefen?</li> <li>5 Luister en <b>bespreek</b> leerders se antwoorde. Maak seker leerders se antwoorde is logies.</li> <li>6 As leerders sukkel, gee hulle 'n voorbeeld van 'n afleiding. Gebruik die volgende sin om hulle te help: Gebaseer op ... Ek dink ...</li> </ol> |
| Voorbeeld      | <b>Teks:</b><br>My broer het aansoek gedoen om Universiteit toe te gaan. Toe ek by die huis kom het my broer 'n brief vasgehou en geglimlag. My ma het gehuil en gelag en hom vasgedruk.   |

|                              |  |
|------------------------------|--|
|                              | Afleiding:<br>Gebaseer op die feit dat my broer aansoek gedoen het om Universiteit toe te gaan en omdat hy 'n brief vasgehou en baie gelukkig gelyk het, kan ons raai dat sy aansoek suksesvol was.  |
| <b>Strategie 8: Evalueer</b> |  |
| Verduideliking               | Wanneer ons 'n teks evalueer, maak ons 'n besluit oor 'n aspek van die teks.   |
| Doel                         | <i>Leerders moet geleer word dat hulle altyd moet evalueer wat hulle lees en hulle moet hulle afleidings kan verduidelik.</i>  |
| Stappe                       | <ol style="list-style-type: none"> <li>1 Lees die teks.</li> <li>2 Vra leerders om te evalueer en om hierdie evaluering te verduidelik.<br/>Byvoorbeeld: Dink jy x het die regte ding gedoen? Hoekom of hoekom nie?</li> <li>3 Luister na leerders se antwoorde en bespreek dit. Maak seker leerders se antwoorde is logies.</li> <li>4 Indien leerders sukkel, deel jou eie evaluasie as voorbeeld: <b>Ek dink</b> x het die regte ding gedoen <b>want</b> x</li> </ol> |
| Voorbeeld                    | <b>Sommige evaluasie vrae kan begin met:</b> <ol style="list-style-type: none"> <li>1 Dink jy ...</li> <li>2 Stem jy saam met ...</li> <li>3 Volgens jou opinie ...</li> <li>4 Het jy gehou van ...</li> </ol>   |

Hier onder is 'n beskrywing van die kernmetodologieë van elk van die Gedeelde Lees lesse: Pre-Lees; Eerste Lees; Tweede Lees en Nalees. Lees hierdie beskrywings om 'n duidelike begrip te kry van die vloei van elke les.

## GEDEELDE LEES: PRE-LEES

### BEGRIPSSTRATEGIE: VOORSPEL

In die Pre-Lees bou ons begripsvaardighede om leerders te laat dink oor 'n storie voor hulle dit lees.

- 1 Sê vir leerders dat hulle vandag na die prente gaan kyk en dink oor die storie.
- 2 Sê vir leerders dat, gebaseer op wat hulle sien, hulle 'n voorspelling moet maak oor die storie. Dit beteken hulle moet die prente gebruik om te raai waarom die storie gaan.
- 3 Verduidelik aan leerders dat hulle nie aan elke prent op sy eie moet dink nie. Hulle moet dink hoe elke prent by die volgende een aansluit. Hulle moet die prente as 'n geheel sien en op hierdie manier uitwerk waarom die storie gaan.
- 4 Wys die leerders die buiteblad van die boek en lees die titel hardop.
- 5 Vra leerders: Wat dink julle gaan in die storie gebeur?
- 6 Volgende, kyk na elke prent in die boek en soos jy kyk vra die leerders:
  - a Wat sien jy in hierdie prent?
  - b Wat dink jy gebeur hier?
  - c Wat dink jy gaan in die teks gebeur?

- 7 As leerders vergeet om die prente met mekaar te verbind, herinner hulle om dit te doen. Byvoorbeeld: 'Kan julle onthou wat die seun in die vorige prent gedoen het? Wat doen hy nou? Wat dink julle is besig om te gebeur?'
- 8 Wanneer jy by die laaste prent kom, vra leerders: Hoe dink julle gaan die storie eindig (Indien toepaslik)?
- 9 Bedank leerders vir hulle voorspellings.
- 10 Indien jy tyd het, lees een maal deur die storie sonder om te stop.

### **GEDEELDE LEES: EERSTE LEES**

#### **BEGRIPSSTRATEGIE: DIE STRATEGIE WAT GEBRUIK MOET WORD IS IN DIE LESPLAN.**

Tydens die Eerste Lees, bou ons eerstens begripsvaardighede deur die storie te lees en te verduidelik aan leerders. Ons demonstreer ook hoe om te dink oor die storie. Voor jy begin lees, verduidelik eers aan die leerders wat jy gaan doen. Sê iets soos: *'Klas, dit is nou tyd vir Gedeelde Lees. Onthou wanneer ons lees of luister na 'n storie is dit altyd belangrik om te dink aan die storie. Vandag gaan ek julle wys hoe om te dink oor die storie. Ek gaan dit doen deur (byvoorbeeld) te visualiseer wat in die storie gebeur. Dit beteken dat soos ek lees, ek 'n flik van die storie in my gedagtes gaan maak.'*

- 1 Lees elke bladsy vlot en duidelik. Soos jy lees, gebruik handgebare, aksies en gesigsuitdrukkinge en verander die toon van jou stem (uitdrukking) om die betekenis duideliker te maak.
- 2 Waar nodig, stop en verduidelik 'n woord of frase aan die leerders.
- 3 Op dieselfde tyd, gedurende die Eerste Lees, fokus ons ook op demonstrasies en die leer van begripsstrategieë aan leerders.
- 4 Aan die einde van elke bladsy sal jy twee gekleurde blokke sien, dit is gemerk Eerste Lees en Tweede Lees.
- 5 Sodra jy 'n bladsy aan leerders gelees het, stop en wys wat jy dink deur te sê wat in die blok vir Eerste Lees staan. Deur dit te doen, demonstreer jy hoe om te dink oor die storie. Dit is belangrik dat jy verstaan wat jy sê – as dit nie vir jou sin maak nie, sal dit ook nie vir die leerders sin maak nie.
- 6 Op die laaste bladsy van die storie is daar 'n paar vrae in die Eerste en Tweede Leesblokke.
- 7 Vra verskillende leerders om te antwoord.
- 8 Wys leerders dat daar meer as een korrekte antwoord op 'n vraag kan wees en dat leerders verskillende opsies het.



**GEDEELDE LEES: TWEDE LEES****BEGRIPSSTRATEGIE: DIE STRATEGIE WAT GEBRUIK MOET WORD IS GEÏDENTIFISEER IN DIE LESPLAN.**

In die Tweede Lees bou ons voort op begripsvaardighede deur die storie aan leerders te lees en te demonstreer hoe om te dink oor die storie. Weereens, vertel aan die klas wat jy gaan doen. Sê iets soos: *'Klas, dit is tyd vir Gedeelde Lees. Onthou wanneer ons 'n storie lees of luister is dit altyd belangrik om te dink oor die storie. Ek gaan dit doen deur (byvoorbeeld) te visualiseer wat gebeur in die storie. Dit beteken dat terwyl ek lees, ek 'n fliek in my gedagtes gaan maak.'*

- 1 Lees elke bladsy vlot en duidelik. Soos jy lees, gebruik handgebare, aksies en gesigsuitdrukkings en verander die toon van jou stem (uitdrukking) om die betekenis duideliker te maak.
- 2 Op dieselfde tyd, gedurende die Tweede Lees, moet jy demonstreer hoe om te dink oor die storie.
- 3 Aan die einde van elke bladsy sal jy twee gekleurde blokke sien, dit is gemerk Eerste Lees en Tweede Lees.
- 4 Sodra jy 'n bladsy aan leerders gelees het, stop en wys wat jy dink deur te sê wat in die blok staan vir Tweede Lees. Deur dit te doen, demonstreer jy hoe om te dink oor die storie. Dit is belangrik dat jy verstaan wat jy sê – as dit nie vir jou sin maak nie, sal dit ook nie vir die leerders sin maak nie.
- 5 Op die laaste bladsy van die storie is daar 'n paar vrae in die Eerste en Tweede Leesblokke.
- 6 Vra verskillende leerders om te antwoord.
- 7 Laastens, vra leerders om 'n vraag te formuleer oor die teks.
  - a Vra leerders om elkeen op hul eie te dink aan 'n vraag wat hulle kan vra oor die teks.
  - b Indien nodig, herinner leerders aan van die vraagwoorde of frases, byvoorbeeld: wie; wat; waar; hoe; hoekom; in jou opinie; dink jy; maak 'n lys; ens.
  - c Vra leerders om na mekaar te draai en hulle vrae met mekaar te deel.
  - d Vra dan 'n paar leerders om hulle vrae met die klas te deel.
  - e Gee ander leerders die kans om die vrae te beantwoord.

**GEDEELDE LEES: NALEES**

Die doel van die Nalees aktiwiteit is om leerders die kans te gee om hulle begrip van die storie goed vas te lê. Sowel as om die nuwe taal wat hulle geleer het te oefen.

Gedurende die nalees, gaan jy een van vier aktiwiteite beoefen:

- 1 Illustreer die teks.
- 2 Voer die storie op.
- 3 'n Mondelinge of geskrewe vertelling van die storie.
- 4 'n Geskrewe begripstoets.

### **ILLUSTREER DIE TEKS**

- 1 Laat die leerders by hulle banke sit, met hulle boeke of 'n skoon vel papier, potlode en kryte.
- 2 Sê vir leerders dat hulle iets gaan visualiseer uit die teks. Herinner leerders dat wanneer hulle iets visualiseer, hulle moet dink hoe dit lyk, hoe dit ruik, hoe dit voel en hoe dit klink. Hulle moet ook dink hoe hulle voel oor die karakter, 'n gebeurtenis of 'n item in die teks.
- 3 Vra leerders om hul oë toe te maak en te ontspaan. Lees die teks nog een maal vir hulle.
- 4 Vra dan vir leerders om hul oë oop te maak en iets uit die teks te teken wat hulle gevisualiseer het. Leerders kan byskrifte maak om reuk, smaak ens. te verduidelik.
- 5 Dan moet leerders die aanvang van 'n sin/sinne gebruik om 'n sin of twee te skryf oor wat hul gevisualiseer het.
- 6 Laastens, laat leerders na mekaar draai en met mekaar gesels oor wat hul gevisualiseer het.

### **VOER DIE STORIE OP**

- 1 Laat die leerders rustig op die mat, of op 'n stil plek buite sit.
- 2 Vertel vir leerders dat hulle vandag dele van die storie wat hulle gelees het gaan opvoer.
- 3 Hou die groot boek op. Lees die eerste bladsy.
- 4 Gee die leerders instruksies oor wat hulle moet opvoer. (In lesplan)
- 5 Voer die instruksies saam met die leerders uit.
- 6 Herhaal elke bladsy.
- 7 Leer leerders om te reageer op 'n teken dat hulle moet stil wees en luister wanneer jy 'n bladsy tussen aksies lees.

### **'N MONDELINGE OF GESKREWE VERTELLING VAN DIE STORIE.**

- 1 Maak die leerders rustig om hulle aandag te kry.
- 2 Volg die stappe in die lesplan om 'n deel van die storie te herhaal aan die leerders.
- 3 Eerstens demonstreer jy 'n herhaling van iets uit die storie.
- 4 Volgende vra jy die leerders om te dink aan iets oor die storie, hulle moenie jou voorbeeld gebruik nie.
- 5 Dan moet leerders DRAAI EN GESELS en hulle herinnering met hul maat deel.
- 6 Laastens vra jy 'n paar leerders om hul herinnering van die storie met die res van die klas te deel.
- 7 Indien die les 'n geskrewe herinnering is, moet leerders hulle herinnering teken of skryf in hul skrifte.

### **'N GESKREWE BEGRIPSTOETS**

- 1 Voor die les, skryf die titel van die teks as opskrif op die bord.
- 2 Volgende, skryf die begripstoetsvrae op die bord, saam met die aanvangswoorde om die sinne mee te begin vir die antwoorde. (Waar van toepassing.)
- 3 Gee die leerders instruksies om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf.

- 4 Sê vir leerders dat hulle vandag gaan dink oor die vrae en dan hulle antwoorde gaan neerskryf.
- 5 Lees saam met die leerders deur die vrae en verduidelik, indien nodig.
- 6 Sê vir leerders hulle hoef nie die vrae neer te skryf nie, slegs die antwoorde.
- 7 Loop deur die klas en help leerders wat sukkel.
- 8 Gedurende die laaste twee minute, gaan deur die antwoorde met die leerders en gee hulle kans om hulle eie werk na te sien.



## Groepbegeleide Lees

**Doelwit:** Om na elke leerder te luister wat individueel hardop lees. Om tegniese leesvaardighede te onderrig en die leerders se leesbegrip te ontwikkel. Om die res van die klas die geleentheid te gee om woordbouwoorde, hoë frekwensie woorde, sowel as kort ontsyferbare sinne te lees, kort begripsaktiwiteite voltooi en onafhanklik te skryf.

Dit is baie belangrik dat jy ten minste een keer per week na elke leerling wat individueel lees, sal luister.

### WAT OM MET DIE RES VAN DIE KLAS TE DOEN:

- 1 Voordat jy met 'n groep met die begeleide groepslees begin, moet jy vooraf die res van die klas tot orde bring met hulle boeke en Werkkaarte.
- 2 Maak seker dat die werkkaarte beskerm word, deur van toevou lêers (flip files) of plastiese lêers gebruik te maak.
- 3 Herhaal die roetine van Huistaal begeleide Groepslees soos volg:
  - a Bring die klas tot orde met hulle lees werkkaarte.
  - b Verduidelik die eerste werkkaarte aktiwiteit wat voltooi moet word.
  - c Roep 'n groep om vir jou te kom lees.
  - d Wanneer jy na elke leerder in die groep geluister het, stuur die groep terug na hulle sitplekke.
  - e Gee opdrag aan die klas om 'n oordrag aktiwiteit te doen, soos: Juffrou sê: Dansparty; Wikkkel, wikkkel, vries; of My stoel en ek.
    - *Nota: 30 minute is 'n lang tyd vir jong leerders om te bly sit en stil en onafhanklik te werk. Om hierdie rede is dit belangrik om 'n oordrag aktiwiteit te doen om leerders die geleentheid te gun om 'n breuk te hê en iets prettig en fisies te doen.*
  - f Bring die klas tot orde met hulle werkkaarte.
  - g Verduidelik die volgende werkkaarte aktiwiteit wat voltooi moet word.
  - h Roep 'n ander groep om vir jou te kom lees.
- 4 Dit is 'n goeie plan om 'n swak leser langs 'n sterker leser te laat sit, sodat soos leerders die werkkaarte lees, gelyke onderrig deur 'n eweknie kan plaasvind.

### STRUKTURE VAN DIE LEES WERKKAARTE:

- 1 Elke weeklikse werkkaart bestaan uit 10 aktiwiteite. Daar is 10 begeleide groepslees sessies per week. Derhalwe, kry elke groep 'n beurt om een maal per week saam met die onderwyseres te werk. Dit beteken dat leerders die Werkkaart aktiwiteite gedurende 9 sessies sal voltooi.
- 2 Simbole wat leerders daaraan herinner wat om elke dag te doen:
  - a Die mond herinner leerders om woorde te klank.
  - b Die oog herinner leerders dat hulle hierdie woorde op sig moet lees.
  - c Die enkel kind herinner leerders dat hulle op hul eie moet lees.
  - d Die twee kinders herinner leerders om saam met 'n maat te lees.
  - e Die hand wat 'n pen vashou herinner leerders dat hulle moet teken of skryf.
- 3 'n Meesterlys van alle geleerde fonetiese – en hoë frekwensie woorde word gehou. Nuwe stories word saamgestel deur die gebruik van fonetiese en hoë frekwensie woorde wat voorheen geleer is. Dit beteken dat leerders nooit woorde op die werkkaart teëkom wat hulle nog nie tevore gesien het nie.

### DIE AANWYSING VAN GROEPE EN TEKS SELEKSIE VIR BEGELEIDE GROEPSLEES

- 1 Gedurende die eerste twee weke van skool, luister na elke leerder se leeswerk individueel.
- 2 Gebruik die rubriek hieronder om die leerders volgens hulle bekwaamheid te sorteer.
- 3 Wys leerders toe aan dieselfde bekwaamheids groepe.
- 4 In hierdie programme is daar 10 tydgleuwe per week om na lees te luister. Dit beteken dat jy tot 10 groepe mag vorm. As jy minder as 10 groepe vorm, mag jy die ekstra tydgleuwe gebruik om met sukkelende lesers te werk. .
- 5 In jou Kontrolelys sal jy 'n vorm vind waarop die name van leerders per groep ingevul moet word, en 'n tabel waar jy kan rekord hou van wat elke groep gelees het.
- 6 **Neem asseblief kennis:** Hierdie rubriek verdeel leerders gebaseer op hulle tegniese lees vaardighede.
- 7 Indien daar baie leerders op dieselfde vlak is, mag jy leesbegrip as 'n verdere manier gebruik om die groep verder te verdeel.
- 8 **In 'n klas van 40 leerders, mag daar:**
  - Geen vol groep op vlak 1 wees nie, legs 'n paar individuele leerders.
  - 1 groep op vlak 2
  - 2 of 3 groepe op vlak 3
  - 2 of 3 groepe op vlak 4
  - 1 of 2 groepe op vlak 5

| Ek dink hierdie leerder lees op:<br>Vlak 1  | Ek dink hierdie leerder lees op:<br>Vlak 2  | Ek dink hierdie leerder lees op:<br>Vlak 3  | Ek dink hierdie leerder lees op:<br>Vlak 4  | Ek dink hierdie leerder lees op:<br>Vlak 5  |
|---|---|---|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Hierdie leerder ken geen of baie min woorde.</li> <li>Hierdie leerder blyk nie in staat te wees om baie letter-klank verhoudings te herken nie.</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Hierdie leerder ken slegs 'n paar gewone woorde.</li> <li>Hierdie leerder blyk nie in staat te wees om sommige letter-klank verhoudings te herken nie OF hierdie leerders benodig baie hulp om vorige ongesiene woorde te lees.</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Hierdie leerder ken baie algemene woorde.</li> <li>Hierdie leerder benodig hulp om vorige ongesiene woorde te ontsyfer.</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Hierdie leerder ken baie algemene woorde en kan die meeste van vorige ongesiene woorde ontsyfer.</li> <li>Hierdie leerder het soms hulp nodig om vorige uitdagende ongesiene woorde te ontsyfer. Hierdie leser lees redelik vlot.</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Hierdie leerder ken baie algemene woorde.</li> <li>Hierdie leerder kan vorige ongesiene woorde ontsyfer.</li> <li>Hierdie leerder lees vlot en met intonasie.</li> <li>Hierdie is een van die beste lesers in die klas.</li> </ul> |

### WAT OM MET ELKE GROEP TE DOEN TYDENS BEGELEIDE GROEPSLEES:

- 1 Roep 'n groep om vir jou te kom lees.
  - a Maak seker hulle het almal die korrekte teks.
  - b Plaas die groep in 'n sirkel.
  - c Herinner leerders aan die sigwoorde wat hulle vir die week geleer het. Wys aan die groep die flitskaarte van hierdie woorde en oefen om dit te lees.
  - d Gee hierna aan die leerders 'n paar minute om 'n gedeelte van die teks onafhanklik en in stilte te lees.
  - e Vra dan aan elke leerder om 'n gedeelte van die teks op sy of haar eie, hardop te lees.
- 2 Gedurende begeleide groepslees, is dit belangrik om te onthou:
  - a **Dui die hoë frekwensie woorde aan.** Herinner leerders dat daar sommige woorde is wat so dikwels voorkom, dat ons moet leer om dit te siglees.
  - b **Bou van ontsyferingsvaardighede.** As 'n leerder 'n woord nie kan lees nie, moenie die leerder sommer dadelik met die woord help nie. Moedig eerder die leerder aan om die woord te klank en dan die klanke saam te voeg om die woord te vorm.
  - c **Pryse en moedig leerders aan.** Maak van begeleide groepslees 'n positiewe ondervinding vir leerders en gebruik hierdie tyd om leerders se selfvertroue op te bou.

- d Bou vlotheid van lees.** Help leerders om hulle leesvlotheid te verbeter. Sê aan leerders dat hulle lees moet klink asof hulle praat. Demonstreer leesvlotheid aan leerders en laat hulle jou voorbeeld herhaal.
- e Bou Leesbegrip.** Sê aan leerders dat hulle altyd moet dink waarom hulle lees. Leer leerders om te wag, terug te gaan en dit wat hulle gelees het, weer te lees, indien hulle die spoor of die doel verloor het. Leer leerders om te visualiseer soos hulle lees – om 'n flik in hulle koppe te bou oor dit wat hulle lees. Leer leerders om te probeer onthou wat hulle gelees het. Moedig leerders ook aan om te vra, indien daar iets is wat hulle nie verstaan nie.

#### **VERSORGING VAN DIE LEES WERKKAARTE:**

- 1** Dit is 'n goeie plan om die werkkaarte in toevou lêers of plastiese saklêers te sit wanneer leerders dit gebruik.
- 2** Pas hierdie werkkaarte versigtig op en bêre dit behoorlik na gebruik.
- 3** Jy behoort dieselfde werkkaarte vir baie jare te kan gebruik, aangesien leerders nie daarop skryf nie. In plaas daarvan skryf hulle in hulle in hulle boeke.

#### **ALTERNATIEF TOT BEGELEIDE GROEPSLEES**

Onthou dat die doel van Begeleide Groepslees is om na elke leerder se lees individueel te luister, om sodoende vir hulle tegniese leesvaardighede te help bou. Indien jy nie genoeg spasie in jou klaskamer hiervoor het nie, of as jy sukkel om die klas se gedrag te beheer terwyl jy na 'n groepslees luister, is daar 'n alternatief.

Bring al die leerders tot orde by hulle lessenaars gedurende Begeleide Groepslees met hulle lees werkkaarte. Doen dan die volgende:

- 1** Verduidelik die eerste werkkaart aktiwiteit wat hulle moet doen.
- 2** Roep daarna individuele leerders een op 'n keer na jou tafel om hardop vir jou te lees.
- 3** Luister na elke leerder wat van 'n toepaslike teks lees.
- 4** Bou die leerder se tegniese leesvaardigheid.
- 5** Gee na 15 minute opdrag aan die klas om 'n oorgangsaktiwiteit te doen.
- 6** Bring leerders daarna tot orde in hulle sitplekke met hulle werkkaarte.
- 7** Verduidelik die volgende aktiwiteit wat hulle moet doen.
- 8** Gaan voort om individuele leerders na jou tafel te roep om hardop vir jou te lees.

Indien jy sou besluit om hierdie alternatiewe metode van luister na lees te gebruik, moet jy seker maak dat jy ten minste een maal per week na elke leerder sal luister.



## Prosesskryf

**Doel:** *Om aan leerders 'n proses te leer om, met ondersteuning, hul oorspronklike gedagtes in skryfwerk om te sit. Om aan leerders te wys dat om deur 'n proses te werk, hul die geleentheid gegun word om hul gedagtes te verander, te verfyn en te verbeter, eerder as om 'dit die eerste keer reg te kry'.*

Prosesskryf bestaan uit beplanning, rofwerk, redigering, publisering en aanbieding. Hierdie vier dele van die prosesskryf word, soos die leerders vaardiger word, oor die eerste drie grade aan hulle bekend gestel.

### BEPLAN SKRYFWERK

- 1 In hierdie program, fokus beplanning daarop om die leerders te leer hoe om te beplan deur die volgende te gebruik:
  - a 'n Lys
  - b 'n Breinkaart
- 2 Voordat leerders hul eie plan skep, moet jy dit volledig aan hul demonstreer, sodat hulle presies weet wat om te doen. Die lesplan sal jou lei hoe om dit te doen.
- 3 Verduidelik aan leerders dat jy altyd DINK waaroor jy gaan skryf. Jy moet gedagtes hardop verduidelik sodat leerders hul kan hoor.
- 4 Gebruik die beplanningsvoorbeeld om jou skryfwerkplan te skep.
- 5 Volgende, gee die leerders 'n paar minute om te dink oor dit waaroor hul gaan skryf.
- 6 Laat leerders toe om om te draai, te praat, en hul idees met 'n maat te deel.
- 7 Ten laaste, lei en ondersteun leerders wanneer hulle nou die beplanningsvoorbeeld gebruik om hul eie planne te voltooi.

### SKRYF VAN ROFWERK

- 1 Voordat die les begin, herskryf jou beplanningsraamwerk van MAANDAG op die bord. Skryf die skryfraamwerk voorbeeld op die bord.
- 2 Verduidelik volgende kortliks en demonstreer hoe leerders die plan gaan gebruik om hul rofwerk te skep.
- 3 Wys aan leerders die skryfraamwerk voorbeeld wat hul gaan help om dit te doen.
- 4 Loop rond in die klas en bied ondersteuning aan terwyl leerders hul rofwerk voltooi.

### REDIGERING VAN SKRYFWERK

- 1 Skryf die redigering kontrolelys van die lesplan op die bord.
- 2 Lees deur en verduidelik die kriteria aan die leerders.
- 3 Jy mag dalk aan die leerders wys hoe om algemene foute reg te maak.
- 4 Laat leerders toe om hul eie skryfwerk te redigeer en reg te maak deur die kontrolelys te gebruik.

### **BIED DIE SKRYFWERK AAN EN GEE VERSLAG DAAROO**

- 1 Gee instruksie aan die leerders om die finale weergawe netjies oor te skryf.
- 2 Gee aan leerders die geleentheid om boeke uit te ruil en mekaar se skryfwerk te lees.
- 3 Gee aan verkillende leerder die geleentheid om hul skryfwerk te deel deur dit aan die hele klas voor te lees.
- 4 Vra sommige leerders om hul storie oor te skryf op 'n blanko papier, dit te illustreer en hul naam by te skryf. Vertoon die skryfwerk op die klaskamer se muur.
- 5 Neem die leerders se boeke in. Daar word slegs van jou verwag om formeel 2 stukke skryfwerk per termyn te merk deur die rubrieke wat voorsien word. Lees egter en lewer kommentaar op die leerders se finale stuk skryfwerk vir elke siklus.
- 6 Onthou weereens dat selfvertroue 'n belangrike deel van die ontwikkeling van skryfvaardighede is.



### **Skryfstrategieë**

---

*Doel: Om die leerders met verskeie strategieë toe te rus wat sal dien as boublokke om hul in staat te stel om hul gedagtes in oorpronklike skryfwerk te verander.*

- 1 Volg die lesplanne om die skryfwerk opdrag vir elke week te voltooi.
- 2 Jy sal oplet dat dieselfde roetine altyd in die lesplanne gevolg word. Dit is om die leerders te help om te weet wat om te verwag in skryflesse. Dit help dan ook om hul selfvertroue te bou.
- 3 Jy sal oplet dat verskillende strategieë stadig aan leerders geleer word om hulle in staat te stel om sinraamwerke suksesvol te voltooi.
- 4 Die doel is vir leerders om uiteindelik hierdie strategieë outomaties te gebruik.
- 5 Hierdie strategieë help leerders om vol selfvertroue te voel oor hul skryfwerk en deur hulle te wys dat daar 'n reeks stappe is om te volg wanneer hulle skryf.

#### **STRATEGIE 1: ONDERWYSER DEMONSTREER EERS DIE SKRYFWERK**

- a Die onderwyser demonstreer eers die opdrag aan die klas (sy wys presies aan die klas wat hulle gaan doen).
- b Die leerders kry 'n duidelike idee van die opdrag deur te sien wat die onderwyser doen.



**STRATEGIE 2: LEERDERS DINK VOORDAT HULLE SKRYF**

- a Skryf is die aksie om gedagtes op papier neer te skryf.
- b Dit beteken dat skrywers eers moet dink en besluit wat om te skryf voordat hulle skryf.
- c Dit beteken ook dat daar geen korrekte of verkeerde 'antwoorde' in skryfwerk is nie – elke skrywer het haar of sy eie gedagtes om oor te skryf.
- d Voorsien altyd genoeg tyd vir leerder om eers te dink waaroor hulle wil skryf.

**STRATEGIE 3: SKRYWERS TREK LYNE VIR ELKE WOORD**

- a Leerders dink oor die sin wat hul wil skryf, en sê dit hardop.
- b Hulle moet dan die woorde in hul sinne tel en 'n lyn trek wat elke woord verteenwoordig.
- c Lyne moet van links na regs en van bo na onder op die bladsy getrek word.
- d Lyne moet min of meer so lank as die woord wees.
- e Spasies moet oopgelaat word tussen woorde.
- f Die leerder moet aan die einde van 'n sin 'n punt sit.
- g Met die lyne in plek, moet leerders die woorde invul wat hulle ken, of probeer om die beginklanke neer te skryf voordat hulle om hulp vra.
- h Dit gee struktuur aan die leerder se skryfwerk, wat selfvertroue bou. Selfs leerders wat werklik sukkel kan die skryfproses op die manier begin.

**STRATEGIE 4: SKRYWERS GEBRUIK HULPBRONNE OM WOORDE TE SKRYF**

- a Leer leerders om nie vir hulp te vra met al die onbekende woorde nie. Hulle moet eers van ander hulpbronne gebruik maak om uit te vind hoe om die onbekende woord te skryf. Byvoorbeeld:
  - Woorde op die muur
  - Ander boeke
  - Spellyste
  - Hulle kan selfs hul klasmaats vra.

**STRATEGIE 5: SKRYWERS GEBRUIK HUL GEHEUE OM WOORDE TE SKRYF**

- a Leerders moet probeer om woorde te onthou wat hul reeds geleer het, en om hierdie woorde van geheue te skryf.

### STRATEGIE 6: LEERDERS SÊ WOORDE STADIG

- 1 Leer leerders om onbekende woorde baie stadig te sê om die verskillende klanke te hoor. (Segmentering)
- 2 Volgende, leer die leerders om elke klank wat hul kan hoor, neer te skryf. (Hul mag dalk nie die woord korrek spel nie, maar dit dien as beginpunt om onbekende woorde te skryf. Byvoorbeeld, **bring** mag dalk as **brig** geskryf word of self **brng**. Die onderwyser kan dan hierop bou en aan die leerder die korrekte spelling wys.)
- 3 Probeer om die leerder se fonetiese skryfwerk te lees en prys hulle omdat hulle hul fonetiese kennis gebruik het om woorde te bou. Dit is 'n belangrike vaardigheid om aan te moedig.

### STRATEGIE 7: SKRYWERS LEES WAT HULLE SKRYF

- a Leerders lees hul sin hardop aan hulself of 'n klasmaat. Die skryfproses word meer betekenisvol deur hul skryfwerk aan 'n klasmaat te lees.
- b Maak seker dat hulle nie woorde uitgelaat het terwyl hulle dit doen nie.
- c Hulle maak ook seker dat die woordorde korrek is.
- d Die belangrikste is om dit so aan te bied dat leerders die skryfproses geniet en trots voel oor wat hulle geskryf het.

### STRATEGIE 8: SKRYWERS DRAAI OM EN GESELS

- a Skrywers kan op verskillende tye gedurende die les omdraai na 'n klasmaat en beurte maak om met mekaar te praat.
- b Dit kan dan gebruik word om idees uit te ruil oor wat hulle wil skryf, deur hul skryfwerk aan mekaar te lees, deur mekaar te vertel oor hul prentjies of om seker te maak hulle verstaan wat hulle moet doen.
- c Leer leerders om mekaar in die gesig te kyk en saggies te praat wanneer hulle omdraai om te gesels.

### STRATEGIE 9: HOU MINI KONFERENSIES

- a Dit is 'n nuttige strategie om te gebruik terwyl leerders skryf.
- b Loop deur die klaskamer en stop wanneer jy sien dat 'n leerder sukkel.
- c Hou mini konferensies met daardie leerder.
- d Neem deel met die leerder se werk, luister na die leerder en bied hulp aan waar nodig.
- e Onthou om te probeer om aan alle leerders individuele aandag te gee en om hul pogings en verbeteringe te prys.

The background is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational subjects and tools, such as books, pencils, globes, lightbulbs, and laboratory equipment. The icons are scattered across the entire page, creating a textured, academic atmosphere.

**Graad 1**

**TERMYN 2**

**Week**

**1**

**TEMA:**

**Vriende**



## Vorbereiding van klaskamer

---

- 1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
- 3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: 'n Prentjie van jouself met jou vriende; 'n prentjie van vriende wat speel; ens.
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor die kwaliteite van 'n goeie vriend.
- 6 Maak seker dat alle leerders se Boeke / DVO Werkboeke netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



## Uitbreidingsaktiwiteite

---

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DVO Werkboek 1: Bladsy 24 en 25, Kom ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DVO Werkboek 1: Bladsy 26, Kom ons lees

**Aktiwiteit 3:** DVO Werkboek 1: Bladsy 27 en 28, Ons Skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prentjie van jou beste maat

# Maandag



## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die eerste/tweede/ens. prentjie van die Grootboek storie Die 'A' maats
- 2 Vertel aan leerders dat julle 'n nuwe tema begin wat Vriende genoem word.
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
  - a Wat is die kwaliteite van vriend?
  - b Noem goed wat vriende saam sal doen?
  - c Wat moet 'n vriend nooit doen nie?

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - kwaliteit
  - skaam
  - vriendelik

| Rympie of Liedjie                                      | Aksies   |
|--|--|
| Sonder maatjies is die lewe vaal,                      | <i>Wys met jou vinger na al die maatjies rondom jou</i>      |
| want saam met my maatjies kan ek bokspring en baljaar. | <i>Spring op en af</i>                                       |
| Elke dag hoop ons pouse maak nooit klaar,              | <i>Wys met jou vinger opjou arm asof daar 'n horlosie is</i> |
| want anders moet ons ophou lag en speel en baljaar!    | <i>Spring op en af</i>                                       |



## Handskrif

15 minute

- 1 Sê aan die leerders om hulle skrifte oop te maak.
- 2 Roep die volgende woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf
  - a pot
  - b mas

- c dan
- d gom
- e kap
- f sus


- 3 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---



### Gedeelde lees:

15 minute

---

#### Pre-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Die 'A' maats
- 3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.



### Skryfwerk:

30 minute

---

#### Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Teken 'n prentjie van jou beste vriend.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:** My beste vriend is.....

#### DEMONSTRASIE

- 1 Verduidelik aan die leerders dat vandag gaan skryf oor hulle beste vriend.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.

- 3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: Dit is my vriend, Siya.
- 4 **Demonstreer** hoe jy 'n prentjie van jou en jou beste vriend teken.
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. Trek 'n lyn vir elke woord, bv.: My vriend Siya en ek.
- 6 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

### VERBALE INSTRUKSIES

- 1 Vra die leerders: Wie is jou beste vriend. Noem een ding waarvan jy hou van jou vriend.
- 2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: gaaf, behulpsaam, vriendelik
- 3 Vra aan leerders: Hoe wil jy graag hê moet jou beste vriend wees?
- 4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel watter kwaliteite hulle van jou in jou vriend.
- 6 Hulle moet sê: My vriend is .....
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!


### SKRYFWERK

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem.
- 5 Moedig leerders aan.

### DRAAI EN PRAAT

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te draai en te praat met 'n maat oor hul tekeninge.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Vuyo is my vriend.



### Groepbegeleide Lees

30 minute

---

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of -aktiwiteite.



# Dinsdag



## Phoenemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Stel nuwe klanke en woorde bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: /e/
- 2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
- 3 Bespreek die klank /e/ is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
- 4 Vir enkel klanke, wys die klanke uit aan die leerders op die alfabetkaart.
- 5 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat begin met /e/?
- 6 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **ek, elke, enjin, ekskuus**
- 7 Vra aan die leerders: Kan jy aan 'n woord dink met /e/ in die middel?
- 8 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **met, stel, plek, stem**

#### STEL NUWE WOORDE/KLANKE BEKEND

- 1 Sê elke woord/klank hard en duidelik terwyl jy die flitskaart wys: net, nek, pen
- 2 Wys elke woord vir die leerders soos wat jy dit sê.
- 3 Vra die leerders om elke woord te herhaal.
- 4 Plaas die flitskaarte van die nuwe woorde/klanke op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_





## Handskrif:

15 minute

### Skryf nuwer letter(s) / woorde / sinne

- 1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Ee**
- 2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
- 3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
- 5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.


- 6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.  
 7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.



**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



**Gedeeldelees:**

15 Minute

**Aanvangslees**

**BEGRIPSSTRATEGIË: EK WONDER / MAAK AFLEIDINGS**

| Teks   | Aanvangslees (Dink hardop) |
|--|----------------------------|
| Anopa en Akani is reeds sedert hulle geboorte beste vriende. Hulle is beide in Augustus gebore. Beide se name begin met 'n "A". Anopa en Akani het elke dag saamgespeel.       | --                         |
| Die twee seuns was in verskillende klasse by die skool, maar hulle het elke pouse saamgespeel. Elke dag het hulle by die akasiaboom ontmoet om te besluit wat hulle gaan doen. |                            |

| Teks   | Aanvangslees (Dink hardop)   |
|--|--|
| Op Maandag het hulle besluit om te hardloop. Terwyl Anopa gehardloop het, het sy voet aan 'n klip vasgehaak en het hy op die grond neergeslaan. Anopa het begin huil. "Hou op met huil! Jy is net soos 'n baba!" het Akani gespot, maar Anopa het nie gelag nie.   | Ek <b>wonder</b> hoe Anopa voel wanneer sy vriend hom 'n baba noem?  |
| Dinsdag besluit hulle om sokker te speel. Terwyl Anopa speel skop 'n ander seun hom raak en Anopa begin te huil. "Hou op met huil! Jy is net soos 'n baba!" het Akani gespot, maar Anopa het nie gelag nie.  | Akani dink dit is snaaks, maar ek kan <b>aflei</b> van die tekening dat Anopa nie dink dit is snaaks wanneer sy vriend hom 'n baba noem nie. |
| Woensdag besluit hulle om op die glyplank te gly. Terwyl Anopa teen die glyplank afgaan, gaan hy so vinnig dat hy met 'n harde slag op die grond land. Hy begin te huil. "Hou op met huil! Jy is net soos 'n groot baba!" het Akani gespot, maar Anopa het nie gelag nie.  | Ek kan <b>aflei</b> dat Anopa besig is om baie vies te word omdat sy vriend hom 'n baba noem! Ek <b>wonder</b> wat hy gaan doen?             |
| Donderdag toe Akani by die akasiaboom kom is Anopa nie daar nie. Akani besluit om sy vriend te gaan soek. Hy kyk oral. Uiteindelik kry hy vir Anopa by die swaaie saam met Bongani. "Hoekom het Anopa nie vir my gewag om saam met hom te speel nie?" dink Akani kwaai. Hy speel met homself vir die res van die pouse.  | O! Ek sien Anopa speel saam met 'n nuwe vriend. Ek <b>wonder</b> of dit is omdat Akani hom 'n baba genoem het.                               |
| Daardie aand vra Akani se pa hom of hy 'n lekker dag gehad het.<br>"Nee," sê Akani, "Anopa het nie vir my gewag om te speel nie."<br>"Hoekom nie?" vra sy pa.<br>"Ek weet nie," sê Akani en haal sy skouers op.<br>"Het enige iets tussen julle twee gebeur?" vra sy pa.<br>"Ek weet nie," sê Akani en haal sy skouers op.<br>"Is jy seker niks het gebeur nie?" vra sy pa weer.<br>Akani dink en dink. "Wel ... Anopa huil elke pouse ... ek het hom 'n baba genoem."<br>"Hoe dink jy sal jy voel as Anopa jou 'n baba noem?" vra sy pa.<br>Akani dink en dink. "Ek dink dit sal my hartseer maak!" sê hy.<br>"Wat dink jy moet jy doen om dit reg te maak?" vra sy pa. | Akani het gedink sy grap is snaaks. Ek kan <b>aflei</b> dat hy nie gedink het hoe die grap sy vriend se gevoelens kan seermaak nie.          |
| "Ek wil vir hom 'n kaartjie maak wat sê ek is jammer," sê Akani.   | Ek <b>wonder</b> of Anopa sy vriend sal vergewe wanneer hy die kaartjie sien.  |

| Teks  | Aanvangslees (Dink hardop)   |
|---|--|
| Hy hardloop om 'n stuk papier te kry. Hy vou dit in die helfte. Hy teken 'n prentjie van hom en Anopa wat saam speel. Toe skryf hy, "Jammer!"   |  |
| Vrydag voor die skool begin, kyk Akani oral vir Anopa. Toe hy hom kry gee hy vir hom die kaartjie. "Ek is jammer!" sê hy.   | --   |
| <p>Toe dit pouse is, wag Anopa vir Akani by die akasiaboom, maar hy is nie alleen nie. Bongani is ook by hom. "Dankie vir die kaartjie," sê Anopa. "Kom ons speel en Bongani kan saamspeel!"</p> <p>Bongani se naam begin nie met 'n "A" nie. Hy is ook nie in Augustus gebore nie, maar dit is steeds lekker om met 'n nuwe vriend te speel.</p> | Ek kan <b>aflei</b> dat Anopa sy vriend vergewe het, want hy wag vir hom op hul gewone plek.   |
| Opvolg vrae   | Moontlike antwoorde  |
| Wat alles het Anopa laat huil?  | Hy het oor 'n klip geval, 'n ander seun het hom raakgeskop, hy het hard op die grond geland.   |
| Wat het Akani gesê toe Anopa huil?  | Hy het hom 'n baba genoem.   |
| Hoekom vrae   | Moontlike antwoorde  |
| Hoekom het Anopa Donderdag met 'n nuwe vriend gespeel?  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Omdat hy nie daarvan hou om 'n baba genoem te word nie.</li> <li>• Omdat Akani hom Maandag, Dinsdag en Woensdag 'n baba genoem het en hy nie daarvan gehou het nie.</li> <li>• Omdat hy 'n vriend wou hê wat nie vir hom lag wanneer hy seerkry nie.</li> <li>• Omdat Akani sy gevoelens seergemaak het.</li> </ul> |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- 3 geval
- 4 hartseer
- 5 glyplank

| Rympie of Liedjie  | Aksies   |
|--|--|
| Sonder maatjies is die lewe vaal,<br>want saam met my maatjies kan ek bokspring en baljaar.      | <i>Wys met jou vinger na al die maatjies rondom jou</i><br><i>Spring op en af</i>      |
| Elke dag hoop ons pouse maak nooit klaar,<br>want anders moet ons ophou lag en speel en baljaar! | <i>Wys met jou vinger opjou arm asof daar 'n horlosie is</i><br><i>Spring op en af</i> |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 1 VAN DIE TEMA)

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
- 5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Stel nuwe klanke en woorde bekend

#### STEL KLANK BEKEND

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: /l/
- 2 Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
- 3 Bespreek die klank /l/ is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
- 4 Vir enkel klanke, wys die klanke uit aan die leerders op die alfabetkaart.
- 5 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat begin met /l/?
- 6 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **laat, lag, land, leen**
- 7 Vra aan die leerders: Kan jy aan 'n woord dink wat eindig met /l/?
- 8 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **haal, liniaal, spesiaal**

#### STEL NUWE WOORDE/KLANKE BEKEND

- 1 Sê elke woord/klank hard en duidelik terwyl jy die flitskaart wys: lig, lip, los
- 2 Wys elke woord vir die leerders soos wat jy dit sê.
- 3 Vra die leerders om elke woord te herhaal.
- 4 Plaas die flitskaarte van die nuwe woorde/klanke op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_



## Handskrif:

15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

- 1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Ll**
- 2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
- 3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
- 5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
- 6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
- 7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

Handwriting practice on four lines. Each line starts with a cat illustration and a 'J' shape. The first line shows the letters 'L' and 'I' with stroke order arrows and numbers (1, 2). The second line shows the word 'lig' in solid and dotted. The third line shows the word 'lip' in solid and dotted. The fourth line shows the word 'los' in solid and dotted.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



**Skryfwerk:**

30 minute

**Beplan en berei voor**

**ONDERWERP:** Teken 'n prentjie van jou en jou vriend. Skryf een kwaliteit waarvan jy hou in jou vriend.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en sit 'n byskrif by

**SKRYFRAAMWERK:** My vriend ..... is .....

**DEMONSTRASIE**

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan teken oor een ding waarvan jy hou van jou maatjie.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.

- 3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: Dit is my vriend Siya. Ek hou van Siya, want hy is so snaaks.
- 4 Demonstreer hoe jy 'n prentjie van jouself en jou vriend teken.
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: My vriend Siya is snaaks!
- 6 Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

### VERBALE INSTRUKSIES

- 1 Hou 'n dinkskrum oor kwaliteite in jou maatjies waarv an jy hou met die leerders.
- 2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: gaaf, snaaks, behulpsaam, deel graag
- 3 Vra aan leerders Wie is jou nuwe maatjie by die skool? Wat is een ding waarvan jy hou van jou maatjie.
- 4 Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om vir jou te sê watter kwaliteit hulle van jou in hulle maatjie.
- 6 Hulle moet sê: My vriend ..... is .....
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!

### SKRYFWERK

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem (tag)
- 5 Moedig leerders aan.

### DRAAI EN PRAAT

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te **draai en te praat** met 'n maat oor hul tekeninge.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*





My vriend Vuyo is gaaf



### Groep Begeidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
- 2 Verduidelik Woensdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik Woensdag Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Segmentasie en vermenging

#### EK DOEN...

- 1 Begin met 'n woord van Dinsdag se les.
- 2 Sê die woord: **net**
- 3 Segementeer die woord in klanke: /n/-/e/-/t/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /n/
- 5 Sê die middelklank van die woord: /e/
- 6 Sê die eindklank van die woord: /t/
- 7 Skryd die woord op die bord: **net**
- 8 Demonstreer hoe om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /n/-/e/-/t/ = **net**
- 9 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **lip**

#### ONS DOEN...

- 1 Begin met 'n woord van Dinsdag se les.
- 2 Sê die woord: **pen**
- 3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank van die woord? /p/
- 4 Vra die leerders: Wat is die middelklank van die woord? /e/
- 5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank van die die woord? /n/
- 6 Vra die leerders om die woord in klanke te segmenteer. /p/-/e/-/n/
- 7 Skryd die woord op die bord: **pen**
- 8 Sê die leerders om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /p/-/e/-/n/ = **pen**
- 9 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **los**

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---



## Gedeeldelees:

15 minute

### Herhaalde lees

WEEK 1

#### LEESSTRATEGIEË: MAAK AFLEIDINGS

| Teks  | Herhaalde lees (Dink hardop)  |
|---|---|
| Anopa en Akani is reeds sedert hulle geboorte beste vriende. Hulle is beide in Augustus gebore. Beide se name begin met 'n "A". Anopa en Akani het elke dag saamgespeel.  | --  |
| Die twee seuns was in verskillende klasse by die skool, maar hulle het elke pouse saamgespeel. Elke dag het hulle by die akasiaboom ontmoet om te besluit wat hulle gaan doen.  |   |
| Op Maandag het hulle besluit om te hardloop. Terwyl Anopa gehardloop het, het sy voet aan 'n klip vasgehaak en het hy op die grond neergeslaan. Anopa het begin huil. "Hou op met huil! Jy is net soos 'n baba!" het Akani gespot, maar Anopa het nie gelag nie.  | Ek kan <b>aflei</b> dat Anopa nie gedink het dit is snaaks toe Akani hom 'n baba genoem het nie, want hy het nie saam gelag nie.  |
| Dinsdag besluit hulle om sokker te speel. Terwyl Anopa speel skop 'n ander seun hom raak en Anopa begin te huil. "Hou op met huil! Jy is net soos 'n baba!" het Akani gespot, maar Anopa het nie gelag nie.   | Ek kan <b>aflei</b> dat Anopa nie van Akani se grap hou nie, want hy lag nie.   |
| Woensdag besluit hulle om op die glyplank te gly. Terwyl Anopa teen die glyplank afgaan, gaan hy so vinnig dat hy met 'n harde slag op die grond land. Hy begin te huil. "Hou op met huil! Jy is net soos 'n groot baba!" het Akani gespot, maar Anopa het nie gelag nie.   | Wanneer Anopa nie lag nie, kan ek <b>aflei</b> dat hy nie daarvan hou om 'n baba genoem te word nie – selfs al is dit 'n grap!  |
| Donderdag toe Akani by die akasiaboom kom is Anopa nie daar nie. Akani besluit om sy vriend te gaan soek. Hy kyk oral. Uiteindelik kry hy vir Anopa by die swaaie saam met Bongani. "Hoekom het Anopa nie vir my gewag om saam met hom te speel nie?" dink Akani kwaai. Hy speel met homself vir die res van die pouse. | Ek kan <b>aflei</b> dat Anopa vir hom 'n nuwe vriend gekry het, omdat hy nie daarvan gehou het dat Akani hom 'n baba noem nie. Dit het gemaak dat hy nie meer met Akani wil speel nie!  |
| Daardie aand vra Akani se pa hom of hy 'n lekker dag gehad het.<br>"Nee," sê Akani, "Anopa het nie vir my gewag om te speel nie."<br>"Hoekom nie?" vra sy pa.<br>"Ek weet nie," sê Akani en haal sy skouers op.<br>"Het enige iets tussen julle twee gebeur?" vra sy pa.  | Dit was moeilik vir Akani om uit te pluus hoekom Anopa nie met hom wil speel nie. Dit het hom 'n lang ruk geneem om uit te pluus wat fout kan wees. Ek kan <b>aflei</b> dat Akani nie aspris sy vriend se gevoelens wou seermaak nie – hy het net gedink dit is snaaks. |

| Teks  | Herhaalde lees (Dink hardop)  |
|---|---|
| <p>“Ek weet nie,” sê Akani en haal sy skouers op.</p> <p>“Is jy seker niks het gebeur nie?” vra sy pa weer.</p> <p>Akani dink en dink. “Wel ... Anopa huil elke pouse ... ek het hom ‘n baba genoem.”</p> <p>“Hoe dink jy sal jy voel as Anopa jou ‘n baba noem?” vra sy pa.</p> <p>Akani dink en dink. “Ek dink dit sal my hartseer maak!” sê hy.</p> <p>“Wat dink jy moet jy doen om dit reg te maak?” vra sy pa.</p> |   |
| <p>“Ek wil vir hom ‘n kaartjie maak wat sê ek is jammer,” sê Akani.</p> <p>Hy hardloop om ‘n stuk papier te kry. Hy vou dit in die helfte. Hy teken ‘n prentjie van hom en Anopa wat saam speel. Toe skryf hy, “Jammer!”</p>  | <p>Ek kan <b>aflei</b> dat Akani wil hê sy vriend moet sien hy is jammer, want hy doen moeite om vir hom ‘n kaartjie te maak.</p>   |
| <p>Vrydag voor die skool begin, kyk Akani oral vir Anopa. Toe hy hom kry gee hy vir hom die kaartjie. “Ek is jammer!” sê hy.</p>  | <p>--</p>   |
| <p>Toe dit pouse is, wag Anopa vir Akani by die akasiaboom, maar hy is nie alleen nie. Bongani is ook by hom. “Dankie vir die kaartjie,” sê Anopa. “Kom ons speel en Bongani kan saamspeel!”</p> <p>Bongani se naam begin nie met ‘n “A” nie. Hy is ook nie in Augustus gebore nie, maar dit is steeds lekker om met ‘n nuwe vriend te speel.</p>   | <p>Ek kan <b>aflei</b> dat Anopa daarvan hou om met Bongani te speel, want hy bring hom saam – selfs al het hy Akani vergewe!</p>   |
| Opvolg vrae   | Moontlike antwoorde   |
| <p>Hoe kan ons aflei dat Anopa nie van Akani se grap hou nie?</p>   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Omdat hy nie gelag het nie.</li> <li>• Omdat hy ‘n nuwe vriend gekry het om mee te speel.</li> </ul>   |
| <p>Wat Akani vir sy vriend gemaak?</p>  | <p>Hy het vir hom ‘n kaartjie gemaak om jammer te sê.</p>   |
| Hoekom vrae   | Moontlike antwoorde   |
| <p>Hoekom het Akani met sy pa gepraat in die storie?</p>  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Omdat hy ‘n slegte dag gehad het.</li> <li>• Omdat hy hartseer was dat Anopa met ‘n nuwe vriend in plaas van met hom gespeel het.</li> <li>• Omdat hy nie verstaan het hoekom Anopa nie met hom wil speel nie.</li> <li>• Omdat hy moes uitpluis wat verkeerd is.</li> </ul> |



## Groep Begeidelees

30 minute

WEEK 1

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n Lees Oorgangsaktiwiteit.
- 6 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- 3 gaaf
- 4 gemeen
- 5 vergewe

| Rympie of Liedjie  | Aksies   |
|--|--|
| Sonder maatjies is die lewe vaal,<br>want saam met my maatjies kan ek bokspring en baljaar.      | <i>Wys met jou vinger na al die maatjies rondom jou<br/>Spring op en af</i>      |
| Elke dag hoop ons pouse maak nooit klaar,<br>want anders moet ons ophou lag en speel en baljaar! | <i>Wys met jou vinger opjou arm asof daar 'n horlosie is<br/>Spring op en af</i> |

### BESPREKING VAN GEDEELDELES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:
  - a Hierdie storie gaan oor...
  - b Ek dink Akani...
  - c Een ding wat ek uit die storie oor vriendskap geleer het, is...
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

|          |          |          |
|----------|----------|----------|
| <b>e</b> | <b>l</b> | <b>n</b> |
| <b>t</b> | <b>k</b> | <b>i</b> |
| <b>p</b> | <b>g</b> | <b>a</b> |

#### EK DOEN

- 1 Herinner die leerders aan die klanke van die week: /e/ en /l/
- 2 Hersien AL die klanke op die bord.
- 3 Gee die leerders 3 minute om soveel woorde as moontlik te maak met die klanke op die bord.
- 4 Verduidelik aan die leerders hoe om woorde te maak met die teiken klanke, bv: /l/ – /i/ – /g/ = **lig**
- 5 Herinner die leerders dat hulle enige woorde kan maak met die klanke – hulle hoef nie net die /e/ **or** /l/ te gebruik nie.
- 6 Wys die leerders hoe om nog 'n woord te maak: /n/ – /a/ – /t/ = **nat**

#### LEERDERS DOEN

- 1 Leerders moet hulle boeke oop maak en die opskrif skryf: **e, l**
- 2 Sê aan die leerders om te begin skryf.
- 3 Geen die leerders 3 minute om soveel moontlike woorde te vind en te bou.
- 4 Wys die leerders hoe om hierdie woorde en ander te bou: **net, nek, pen, lig, lip, nat, kat, pan**
- 5 Laat leerders toe om hulle werk te korrigeer.

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_



## Gedeeldelees:

15 minute

---

### Na-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: OPSOMMING

#### VERBALE OORVERTEL VAN DIE STORIE

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan praat oor die storie. Waarvan het hulle **nie** gehou in die storie nie. **Die 'A' maats.**
- 2 Demonstreer hoe om 1 tot 2 sinne te gebruik om te vertel **waarvan hulle nie gehou het** in die storie nie. Bv: **Ek het nie daarvan gehou dat** Akani gesê het dat sy vriend 'n baba is nie. Dit was gemeen. Ek hou nie van vriende wat gemeen is met mekaar nie.
- 3 Hou die Groot Boek op en wys na die prente in die boek. Die leerders moet na die prente kyk en dink wat gebeur het.
- 4 Sê die leerders moet nou dink **waarvan hulle nie gehou het** in die storie nie en hoekom.
- 5 Vra 2–3 leerders om hulle idees te deel met die klas. Help hulle om volledige sinne te gee.
- 6 Verduidelik en korrigeer algemene foute wat die leerders maak in hulle sinne.
- 7 Sê die leerders om om te **draai en te praat** met 'n maat oor **hulle eie** opinie van die storie.

**Let wel: Hierdie moet hulle eie opinie wees en nie 'n herhaling van die juffrou se idee nie.**



## Groep Begeleidelees

30 minute

---

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1**.
- 2 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.





## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om te ‘Draai en Praat’ en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
  - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
  - b **Watter stories het ons saam gelees?**
  - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
  - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
  - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
  - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
  - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
  - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*



The background of the entire page is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational subjects and tools, such as books, pencils, globes, lightbulbs, gears, and laboratory equipment. The icons are scattered across the page, creating a textured, academic atmosphere.

**Graad 1**

**TERMYN 2**

**Week**

**2**

**TEMA:**

**Vriende**



## Vorbereiding van klaskamer

---

- 1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
- 3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: 'n Prentjie van vriende wat goed saam doen.
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor hoe om nuwe vriende te maak.
- 6 Maak seker dat alle leerders se Boeke / DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



## Uitbreidingsaktiwiteite

---

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assessee.

**Aktiwiteit 1:** DVO Werkboek 1: Bladsy 29, Kom ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DVO Werkboek 1: Bladsy 30, Kom ons lees

**Aktiwiteit 3:** DVO Werkboek 1: Bladsy 31 en 32, Ons Skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prentjie oor 'n aktiwiteit wat jy saam met jou vriende doen.

# Maandag



## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die eerste/tweede/ens. prentjie van die Grootboek storie Die koei en die Amerikaanse Eland
- 2 Vertel aan leerders die julle die tema voortsit wat Vriende genoem word.
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
  - a Hoe moet ons vriende behandel?
  - b Hoe laat ons vriende om soms voel?
  - c Dink jy dit is altyd maklike en pret om vriende te he? Hoekom sê jy so?

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - ongewoon
  - bok
  - Amerikaanse Eland

| Rympie of Liedjie                                      | Aksies   |
|--|--|
| Sonder maatjies is die lewe vaal,                      | <i>Wys met jou vinger na al die maatjies rondom jou</i>      |
| want saam met my maatjies kan ek bokspring en baljaar. | <i>Spring op en af</i>                                       |
| Elke dag hoop ons pouse maak nooit klaar,              | <i>Wys met jou vinger opjou arm asof daar 'n horlosie is</i> |
| want anders moet ons ophou lag en speel en baljaar!    | <i>Spring op en af</i>                                       |



## Handskrif

15 minute

- 1 Sê aan die leerders om hulle boeke oop te maak.
- 2 Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
  - a net

- b** nek
- c** pen
- d** lig
- e** lip
- f** los

- 3 Sê aan die leerders om nou 'n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
- 4 Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord.
- 5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---



### Gedeelde lees:

15 minute

---

#### Pre-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Die koei en die Amerikaanse Eland
- 3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.



### Skryfwerk:

30 minute

---

#### Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Teken 'n prentjie oor iets goed wat jy vir 'n vriend kan doen.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:** Ek kan...

**DEMONSTRASIE**

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor iets gaaf wat hulle vir hulle vriende sal doen.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: Ek kan my vriende na my huis nooi en vir hulle lekker kos kook.
- 4 **Demonstreer** hoe jy 'n prentjie van jou wat jou vriende bedien teken.
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. Trek 'n lyn vir elke woord, bv.: Ek kan vir my vriende kook.
- 6 Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

**VERBALE INSTRUKSIES**

- 1 Vra die leerders: Wat is gawe dinge wat jy vir jou vriende kan doen?
- 2 Skryf die woorde op die bord, bv.: deel eetgoed, teken 'n prentjie, deel 'n potlood ens.
- 3 Vra aan leerders: Wat is iets gaaf wat jy vir 'n vriend kan doen?
- 4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel van 2–3 gawe dinge wat hulle vir 'n vriend kan doen.
- 6 Hulle moet sê: Ek kan .....
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!


**SKRYFWERK**

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem.
- 5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te draai en te praat met 'n maat oor hul tekening.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



## Groepbegeleide Lees

30 minute

---

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of -aktiwiteite.



# Dinsdag



## Phoenemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Stel nuwe klanke en woorde bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: /b/
- 2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
- 3 Bespreek die klank /b/. Is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
- 4 Vir enkel klanke, wys die klanke uit aan die leerders op die alfabetkaart.
- 5 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat begin met /b/?
- 6 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **baai, badkamer, baie, bak**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_





## Handskrif:

15 minute


### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

- 1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: Bb
- 2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
- 3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
- 5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
- 6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
- 7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.




**bak** **bak**


**bel** **bel**


**bes** **bes**

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



**Gedeeldeles:**

15 Minute

**Aanvangslees**

**BEGRIPSSTRATEGIË: EK WONDER / MAAK AFLEIDINGS**

| Teks   | Aanvangslees (Dink hardop)   |
|--|--|
| <p><i>Die storie wat ons nou gaan lees is gebasseer op 'n ware verhaal van 'n ongewone vriendskap. Die storie speel af in Vermont, dit is 'n klein staat in die Noordooste van die Verenigde State van Amerika. Vermont is bekend vir pragtige berge, esdoringstroop en baie melkplase. In hierdie storie gaan ons lees van 'n koei – 'n dier waarmee julle bekend is – en 'n Amerikaanse eland. Jy mag dalk nog nooit van 'n Amerikaanse eland gehoor het nie! Amerikaanse elande word net in Noord-Amerika gevind. Hulle is soos 'n baie groot wildsbok.</i></p> | <p><i>Vraag: Het enige iemand al gehoor van 'n Amerikaanse eland?</i></p>  |
| <p>Vroeg een mistige oggend ry Boer Abbott op sy plaaspad. Hy kyk hoe wei die koeie in die sneeubedekte weivelde. Skielik stop hy, want hy sien die vreemdste ding ...</p>   | <p><b>Ek lei af</b> dat Boer Abbott baie verbaas is oor iets, want hy stop sy motor. <b>Ek wonder</b> wat hy sien?</p> |

| Teks   | Aanvangslees (Dink hardop)  |
|--|---|
| <p>“Is dit ... ’n eland?” sê hy hardop, selfs al is hy alleen. Hy het nog nooit vantevore ’n eland op sy plaas gesien nie, omdat dit mistig was, was hy nie heeltemal seker nie. Hy klim uit sy motor en stap na die heining.</p> <p>Inderdaad, ’n langbeen eland met massiewe horings staan in sy weiveld. “Wat maak ’n eland hier?” wonder Boer Abbott.</p>                                | <p>Daardie eland is baie groot! <b>Ek wonder</b> of Boer Abbott bang voel wanneer hy die eland naby sy koeie sien?</p>  |
| <p>Die meeste van die koeie staan ’n redelike afstand van die eland af, hulle lyk nuuskierig en selfs ’n bietjie bang. Almal behalwe sy gunsteling, vriendelikste koei, Daisy. Sy stap reguit na die eland toe. Hulle kyk na mekaar asof hulle ou vriende is. Toe begin hulle langs mekaar wei. Boer Abbott kan nie sy oë glo nie.</p>   | <p>Ek kan <b>aflei</b> dat Boer Abbott verwag het dat die koeie ver van die reuse eland gaan wegbly, want hy is baie verbaas as Daisy die koei na die eland stap.</p>           |
| <p>Boer Abbott klim in sy motor en ry terug huis toe. Toe hy by die huis kom sit hy sy wiegstoel voor die venster neer. Hy sit en wieg en wieg en kyk hoe die koei en die eland saam wei totdat die son sak.</p>   | <p><b>Ek wonder</b> hoekom hy die koei en die eland dophou? <b>Ek wonder</b> of hy bang is dat die reuse eland vir Daisy die koei gaan seermaak?</p>                            |
| <p>Soos wat die koeie in die skuur begin inloop, staan Eland buite en kyk, hy lyk nuuskierig en skepties. Eland gaan lê uiteindelik buite die skuur. Toe gaan lê Daisy langs hom. Gou gou is Daisy en Eland vas aan die slaap. Boer Abbott kan nie sy oë glo nie.</p>  | <p>Ek kan <b>aflei</b> dat Boer Abbott nie verwag het dat Daisy die koei buite saam met die eland sou slaap nie, want hy is baie verbaas toe Daisy langs die eland gaan lê.</p> |
| <p>Toe Boer Abbott in sy wiegstoel wakker word, kyk hy in ongeloof hoe Eland en Daisy saam teen die heining af stap. Boer Abbott glimlag wanneer hy dink aan wat die twee met mekaar gesels.</p>   | <p>--</p>   |
| <p>Boer Abbott klim op sy trekker en gaan aan met sy gewone oggend take. Eerste gaan melk hy die koeie in die skuur. Toe gaan hy om die hoenders kos te gee. Toe hy gaan om nog hooi te gaan haal, sien hy vir Eland en Daisy onder by die hoofpad.</p>  | <p>Ek kan <b>aflei</b> dat hy nie meer bekommerd is dat die eland vir Daisy die Koei gaan seermaak nie, want hy gaan aan met sy gewone oggend take.</p>                         |
| <p>Soos hy met sy trekker aangery kom, sien hy hoe verskeie motors langs die heining stop. ’n Skare het bymekaar gekom en opgewonde vir Daisy en Eland dopgehou. Dit was nie lank nie, toe stop ’n televisiespan om die ongewone vriendskap af te neem. Boer Abbott kon nie sy oë glo nie.</p> <p>“Hoe lank is die twee reeds vriende?” vra die verslaggewer nuuskierig vir Boer Abbott.</p> | <p>Ek kan <b>aflei</b> dat mense nie gewoonlik stop om die koeie dop te hou nie, want Boer Abbott is baie verbaas wanneer hy al die mense by die heining sien!</p>              |

| Teks  | Aanvangslees (Dink hardop)  |
|---|---|
| <p>Daardie aand skuif Boer Abbott sy wiegstoel voor die televisie. Daar op die nuus is sy plaas. Daisy die Koei en Eland was sterre! Boer Abbott kon nie sy oë glo nie.</p> <p>Hy het gehoop dat Eland en Daisy vir altyd vriende kan wees.</p> | <p><b>Ek wonder</b> vir hoe lank Daisy die Koei en Eland vriende gebly het?</p>   |
| Opvolg vrae   | Moontlike antwoorde   |
| Wie het vriende geword in die storie?   | Daisy die koei en Eland het vriende geword.   |
| Wat het Daisy en Eland saam gedoen?   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hulle het saam gewei.</li> <li>• Hulle het saam geslaap.</li> <li>• Hulle het saam teen die heining af gestap.</li> </ul>  |
| Hoekom vrae   | Moontlike antwoorde   |
| Hoekom kon Boer Abbott nie sy oë glo nie?   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Omdat hy nog nooit vantevore 'n eland op sy plaas gesien het nie.</li> <li>• Omdat hy nog nooit gehoor het van 'n eland en 'n koei wat vriende word nie.</li> <li>• Omdat hy verbaas was dat Daisy die koei en Eland saam buite geslaap het.</li> <li>• Omdat so baie mense gestop het om na Daisy die koei en Eland te kyk.</li> <li>• Omdat sy plaas op die nuus was.</li> </ul> |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

WEEK 2


### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - a wei
  - b eensaam
  - c teenwoordigheid

| Rympie of Liedjie  | Aksies   |
|--|--|
| Sonder maatjies is die lewe vaal,<br>want saam met my maatjies kan ek bokspring en baljaar.      | <i>Wys met jou vinger na al die maatjies rondom jou</i><br><i>Spring op en af</i>      |
| Elke dag hoop ons pouse maak nooit klaar,<br>want anders moet ons ophou lag en speel en baljaar! | <i>Wys met jou vinger opjou arm asof daar 'n horlosie is</i><br><i>Spring op en af</i> |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 2 VAN DIE TEMA)

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
- 5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Stel nuwe klanke en woorde bekend

#### STEL KLANK BEKEND

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien /h/
- 2 Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
- 3 Bespreek die klank /h/. Is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
- 4 Vir enkel klanke, wys die klanke uit aan die leerders op die alfabetkaart.
- 5 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat begin met /h/?
- 6 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **haan, haas, hande, handsak**

#### STEL NUWE WOORDE/KLANKE BEKEND

- 1 Sê elke woord/klank hard en duidelik terwyl jy die flitskaart wys: hek, hak, hen
- 2 Wys elke woord vir die leerders soos wat jy dit sê.
- 3 Vra die leerders om elke woord te herhaal.
- 4 Plaas die flitskaarte van die nuwe woorde/klanke op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---






## Handskrif:


15 minute


### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

- 1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Hh**
- 2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
- 3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
- 5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
- 6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
- 7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.


 hek hek


 hak hak


 hen hen

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



**Skryfwerk:**

30 minute

Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Teken 'n prentjie van 'n buitengewone vriendskap.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en sit 'n byskrif by

**SKRYFRAAMWERK:** 'n Buitengewone vriendskap tusse ..... en .....

**DEMONSTRASIE**

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan teken oor 'n buitengewone vriendskap.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: 'n Eendjie en 'n hond
- 4 Demonstreer hoe jy 'n prentjie van 'n eedjie en 'n hond sal teken.

- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Die buitengewone vriendskap tussen 'n eendjie en 'n hond.
- 6 Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

### VERBALE INSTRUKSIES

- 1 Hou 'n dinkskrum oor buitengewone vriende met die leerders.
- 2 Skryf die woorde op die bord, bv.: leeu, muis, mier, olifant ens.
- 3 Vra aan leerders wat hulle dink 'n ongewone vriendskap kan wees
- 4 Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om vir jou te sê watter buitengewone vriendskap hulle aan kan dink.
- 6 Hulle moet sê: Ek dink 'n buitengewone vriendskap is een tussen n ..... en .....
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!

### SKRYFWERK


- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem (tag)
- 5 Moedig leerders aan.

### DRAAI EN PRAAT

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te **draai en te praat** met 'n maat oor hul tekening.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*





'n Buitengone vriendskap tussen  
'n jakkals en 'n hond



### Groep Begeidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
- 2 Verduidelik Woensdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik Woensdag **Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of -aktiwiteite.

# Donderdag



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Segmentasie en vermenging

#### EK DOEN...

- 1 Begin met 'n woord van Dinsdag se les.
- 2 Sê die woord: **bak**
- 3 Segementeer die woord in klanke: /b/-/a/-/k/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /b/
- 5 Sê die middelklank van die woord: /a/
- 6 Sê die eindklank van die woord: /k/
- 7 Skryd die woord op die bord: **bak**
- 8 Demonstreer hoe om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /b/-/a/-/k/ = **bak**
- 9 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **hen**

#### ONS DOEN...

- 1 Begin met 'n woord van Dinsdag se les.
- 2 Sê die woord: **bes**
- 3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank van die woord? /b/
- 4 Vra die leerders: Wat is die middelklank van die woord? /e/
- 5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank van die die woord? /s/
- 6 Vra die leerders om die woord in klanke te segmenteer. /b/-/e/-/s/
- 7 Skryd die woord op die bord: **bes**
- 8 Sê die leerders om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /b/-/e/-/s/ = **bes**
- 9 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **hak**

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---



## Gedeeldelees:

15 minute

### Herhaalde lees

#### LEESSTRATEGIEË: MAAK AFLEIDINGS

| Teks  | Herhaalde lees (Dink hardop)   |
|---|--|
| <p><i>Die storie wat ons nou gaan lees is gebaseer op 'n ware verhaal van 'n ongewone vriendskap. Die storie speel af in Vermont, dit is 'n klein staat in die Noordooste van die Verenigde State van Amerika. Vermont is bekend vir pragtige berge, esdoringstroop en baie melkplase. In hierdie storie gaan ons lees van 'n koei – 'n dier waarmee julle bekend is – en 'n Amerikaanse eland. Jy mag dalk nog nooit van 'n Amerikaanse eland gehoor het nie! Amerikaanse elande word net in Noord-Amerika gevind. Hulle is soos 'n baie groot wildsbok.</i></p> | --   |
| <p>Vroeg een mistige oggend ry Boer Abbott op sy plaaspad. Hy kyk hoe wei die koeie in die sneeubedekte weivelde. Skielik stop hy, want hy sien die vreemdste ding ...</p>  |  |
| <p>“Is dit ... 'n eland?” sê hy hardop, selfs al is hy alleen. Hy het nog nooit vantevore 'n eland op sy plaas gesien nie, omdat dit mistig was, was hy nie heeltemal seker nie. Hy klim uit sy motor en stap na die heining.</p> <p>Inderdaad, 'n langbeen eland met massiewe horings staan in sy weiveld. “Wat maak 'n eland hier?” wonder Boer Abbott.</p>   | <p>Ek <b>lei af</b> dat dit raar is om 'n eland te sien, want Boer Abbott het nog nooit vantevore een gesien nie.</p>  |
| <p>Die meeste van die koeie staan 'n redelike afstand van die eland af, hulle lyk nuuskierig en selfs 'n bietjie bang. Almal behalwe sy gunsteling, vriendelikste koei, Daisy. Sy stap reguit na die eland toe. Hulle kyk na mekaar asof hulle ou vriende is. Toe begin hulle langs mekaar wei. Boer Abbott kan nie sy oë glo nie.</p>  | <p>Ek kan <b>aflei</b> dat dit vreemd is vir 'n koei en 'n eland om vriende te raak, want die meeste van die koeie bly ver weg van die eland af, ook Boer Abbott kan nie sy oë glo nie.</p>          |
| <p>Boer Abbott klim in sy motor en ry terug huis toe. Toe hy by die huis kom sit hy sy wiegstoeel voor die venster neer. Hy sit en wieg en wieg en kyk hoe die koei en die eland saam wei totdat die son sak.</p>   | <p>Ek kan <b>aflei</b> dat Boer Abbott die vriendskap interessant vind om dop te hou, want dit is so ongewoon. Ek dink nie hy sou hulle dophou as dit net twee koeie was wat saam gewei het nie.</p> |
| <p>Soos wat die koeie in die skuur begin inloop, staan Eland buite en kyk, hy lyk nuuskierig en skepties. Eland gaan lê uiteindelik buite die skuur. Toe gaan lê Daisy langs hom. Gou gou is Daisy en Eland vas aan die slaap. Boer Abbott kan nie sy oë glo nie.</p>   | <p>Ek <b>lei af</b> dat dit vir Boer Abbott 'n verrassing is, want hy kan skaars sy oë glo!</p>  |

| Teks   | Herhaalde lees (Dink hardop)   |
|--|--|
| <p>Toe Boer Abbott in sy wiegstoel wakker word, kyk hy in ongeloof hoe Eland en Daisy saam teen die heining af stap. Boer Abbott glimlag wanneer hy dink aan wat die twee met mekaar gesels.</p>   | <p>Ek <b>lei af</b> dat Boer Abbott in sy wiegstoel geslaap het, want hy was so verdwaas oor Koei en Eland wat saamslaap dat hy nie na sy eie bed wou gaan en iets mis nie!</p>  |
| <p>Boer Abbott klim op sy trekker en gaan aan met sy gewone oggend take. Eerste gaan melk hy die koeie in die skuur. Toe gaan hy om die hoenders kos te gee. Toe hy gaan om nog hooi te gaan haal, sien hy vir Eland en Daisy onder by die hoofpad.</p>  | <p>--</p>  |
| <p>Soos hy met sy trekker aangery kom, sien hy hoe verskeie motors langs die heining stop. 'n Skare het bymekaar gekom en opgewonde vir Daisy en Eland dopgehou. Dit was nie lank nie, toe stop 'n televisiespan om die ongewone vriendskap af te neem. Boer Abbott kon nie sy oë glo nie.</p> <p>“Hoe lank is die twee reeds vriende?” vra die verslaggewer nuuskierig vir Boer Abbott.</p> | <p>Ek <b>lei af</b> dat baie mense gedink het die vriendskap is ongewoon, want hulle het almal gestop om vir Daisy en Eland te kyk!</p>  |
| <p>Daardie aand skuif Boer Abbott sy wiegstoel voor die televisie. Daar op die nuus is sy plaas. Daisy die Koei en Eland was sterre! Boer Abbott kon nie sy oë glo nie.</p> <p>Hy het gehoop dat Eland en Daisy vir altyd vriende kan wees.</p>  | <p>Die nuus vertel ons van gebeure wat belangrik of opwindend is. As Daisy en Eland op die nuus is, kan ek aflei dat dit baie ongewoon is vir 'n koei en eland om vriende te wees!</p>   |
| Opvolg vrae  | Moontlike antwoorde  |
| <p>'n Amerikaanse eland is nie 'n Suid-Afrikaanse dier nie. Watter Suid-Afrikaanse dier sal 'n ongewone vriend vir 'n koei wees?</p>   | <p>Ek dink 'n ... sal 'n baie ongewone vriend vir 'n koei wees.</p>  |
| <p>Hoe kan jy aflei dat dit ongewoon is vir 'n koei en 'n eland om vriende te wees?</p>  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ek kan dit aflei want ...</li> <li>• Boer Abbott kon nie sy oë glo nie.</li> <li>• Boer Abbott het hulle dag en nag dopgehou.</li> <li>• 'n Skare mense het na die ongewone vriendskap kom kyk.</li> <li>• Die koei en die eland se sevrindskap was op die nuus.</li> </ul> |
| Hoekom vrae  | Moontlike antwoorde  |
| <p>Hoekom was Daisy en Eland op die nuus?</p>  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Omdat mense verbaas was om te sien hoe 'n koei en 'n eland vriende kan word.</li> <li>• Omdat dit ongewoon is vir 'n koei en 'n eland om vriende te word.</li> <li>• Omdat soveel mense geïnteresseerd was in hierdie ongewone vriendskap.</li> </ul>                       |



## Groep Begeidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n Lees Oorgangsaktiwiteit.
- 6 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - a gewoonlik
  - b raar
  - c Kan my oë nie glo nie

| Rympie of Liedjie  | Aksies   |
|--|--|
| Sonder maatjies is die lewe vaal,<br>want saam met my maatjies kan ek bokspring en baljaar.      | <i>Wys met jou vinger na al die maatjies rondom jou<br/>Spring op en af</i>      |
| Elke dag hoop ons pouse maak nooit klaar,<br>want anders moet ons ophou lag en speel en baljaar! | <i>Wys met jou vinger opjou arm asof daar 'n horlosie is<br/>Spring op en af</i> |

### BESPREKING VAN GEDEELDELES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:  
In hierdie storie.....  
My gunsteling gedeelte was .....  
Ek dink dit sal buitengewoon wees om n vriendskap tussen 'n ..... en 'n ..... te sien.
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

**Phonemiese Bewustheid en Klanke:**

15 minute

**Woordsoek**

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

|          |          |          |
|----------|----------|----------|
| <b>b</b> | <b>h</b> | <b>a</b> |
| <b>k</b> | <b>e</b> | <b>n</b> |
| <b>l</b> | <b>s</b> | <b>m</b> |

**EK DOEN**

- 1 Herinner die leerders aan die klanke van die week: **/b/** en **/h/**
- 2 Hersien AL die klanke op die bord.
- 3 Gee die leerders 3 minute om soveel woorde as moontlik te maak met die klanke op die bord.
- 4 Verduidelik aan die leerders hoe om woorde te maak met die teiken klanke, bv: **/b/ - /a/ - /k/ = bak**
- 5 Herinner die leerders dat hulle enige woorde kan maak met die klanke – hulle hoef nie net die **/b/ or /h/** te gebruik nie.
- 6 Wys die leerders hoe om nog 'n woord te maak: **/m/ - /a/ - /n/ = man**

**LEERDERS DOEN**

- 1 Leerders moet hulle boeke oop maak en die opskrif skryf: **b, h**
- 2 Sê aan die leerders om te begin skryf.
- 3 Geen die leerders 3 minute om soveel moontlike woorde te vind en te bou.
- 4 Wys die leerders hoe om hierdie woorde en ander te bou: **bak, bel, bes, hek, hak, hen, man, nek, mas**
- 5 Laat leerders toe om hulle werk te korrigeer.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_



## Gedeeldelees:

15 minute

---

### Na-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: OPSOMMING / AFLEIDINGS

#### ILLUSTREER DIE STORIE

- 1 Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke uit of 'n skoon stuk papier. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê
- 2 Verduidelik dat hulle nou 'n afleiding gaan maak oor wat dalk sou gebeur het indien die storie aan gegaan het.
- 3 Verduidelik hoe jy so 'n afleiding sal maak: Ek dink dat Koei en die Eland dalk die plaas verlaat het om by die Eland se familie te gaan kuier.
- 4 Teken nou 'n prentjie op die bord waar Koei en Eland wegloop van die paas af.
- 5 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hulle eie afleidings gaan maak oor wat volgende gebeur het.
- 6 Sê die leerders moet hulle oë toemaak en ontspan, lees die storie nog een keer vir hulle.
- 7 Die leerders moet nou hulle eie afleiding maak en 'n prentjie daarvan teken.
- 8 Laastens kan die leerders nou na mekaar draai en bespreek wat hulle geteken het en watter afleiding hulle gemaak het.



## Groep Begeleidelees

30 minute

---

#### GROEPE: \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 2**.
- 2 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.





## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om te ‘Draai en Praat’ en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
  - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
  - b **Watter stories het ons saam gelees?**
  - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
  - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
  - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
  - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
  - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
  - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*



The background of the entire page is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational fields: science (flasks, beakers, globes, atoms), mathematics (calculators, rulers, compasses, triangles), arts (pencils, paint palettes, brushes), and general education (books, graduation caps, lightbulbs, speech bubbles).

**Graad 1**

**TERMYN 2**

**Week**

**3**

**TEMA:**

**Goed wat groei**



## Vorbereiding van klaskamer

---

- 1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
- 3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: 'n paar prentjies van goed wat groei.
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing hoe plante groei.
- 6 Maak seker dat alle leerders se Boeke / DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



## Uitbreidingsaktiwiteite

---

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assessee.

**Aktiwiteit 1:** DVO Werkboek 1: Bladsy 33 en 34, Kom ons doen

**Aktiwiteit 2:** DVO Werkboek 1: Bladsy 35, Werk met woorde

**Aktiwiteit 3:** DVO Werkboek 1: Bladsy 36 en 37, Ons Skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prentjie oor iets wat groei.

# Maandag



## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die eerste/tweede/ens. prentjie van die Grootboek storie Die klein rooi hennetjie.
- 2 Vertel aan leerders dat julle 'n nuwe tema begin wat Hoe om dinge te laat groei genoem word.
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
  - a Noem goed wat kan groei.
  - b Wat kan ons doen met goed wat groei?
  - c Waar kan ons oral goed groei?

WEEK 3

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - groei
  - grond
  - saad

| Rympie of Liedjie               | Aksies  |
|---------------------------------|---|
| Sit die saadjie in die grond,   | <i>Maak of jy 'n saadjie plant</i>                        |
| Saadjie, saadjie groei tog nou, | <i>Staan met jou hande in jou sye en kyk na die grond</i> |
| Saadjie, saadjie groei tog nou  | <i>Staan met jou hande in jou sye en kyk na die grond</i> |
| Ons wil van jou eet!            | <i>Wys hoe jy eet</i>                                     |



## Handskrif

15 minute

- 1 Sê aan die leerders om hulle boeke oop te maak.
- 2 Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
  - a bak
  - b bel
  - c bes

- d hek
- e hak
- f hen

- 3 Sê aan die leerders om nou 'n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
- 4 Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord.
- 5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---



## Gedeelte lees:

15 minute

---

### Pre-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Die klein rooi hennetjie.
- 3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.



## Skryfwerk:

30 minute

---

### Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor iets wat jy in jou tuin wil groei.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:** Ek wil ..... in my tuin groei.

**DEMONSTRASIE**

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor iets wat hulle in hulle tuin wil groei.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: Ek het 'n advokadopeerboom wat in my tuin groei
- 4 **Demonstreer** hoe jy 'n prentjie van jouself wat langs die boom staan teken.
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. Trek 'n lyn vir elke woord, bv.: Ek staan langs die advokadopeerboom in my tuin.
- 6 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

**VERBALE INSTRUKSIES**

- 1 Vra die leerders: Noem 'n paar goed wat kan groei.
- 2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: wortels, aartappels, blomme, suurlemoene, ens.
- 3 Vra aan leerders: Wat is een ding wat jy in jou tuin sal groei?
- 4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel wat hulle graag in hulle tuine sal wil groei.
- 6 Hulle moet sê: Ek wil ..... in my tuin groei.
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!

**SKRYFWERK**


- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem.
- 5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te draai en te praat met 'n maat oor hul tekeninge.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*

tamaties



Ek wil tamaties in my tuin  
groei.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

---

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of -aktiwiteite.



# Dinsdag



## Phoenemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Stel nuwe klanke en woorde bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: /y/
- 2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
- 3 Bespreek die klank /y/. Is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
- 4 Vir enkel klanke, wys die klanke uit aan die leerders op die alfabetkaart.
- 5 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat begin met /y/?
- 6 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **ys, yskas, ystervark**
- 7 Vra aan die leerders: Kan jy aan woorde dink wat eindig op 'n: /y/?
- 8 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **by, my, bly, sny**

#### STEL NUWE WOORDE/KLANKE BEKEND

- 1 Sê elke woord/klank hard en duidelik terwyl jy die flitskaart wys: **sy, hy, my, rym**
- 2 Wys elke woord vir die leerders soos wat jy dit sê.
- 3 Vra die leerders om elke woord te herhaal.
- 4 Plaas die flitskaarte van die nuwe woorde/klanke op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_



## Handskrif:






15 minute

### Skryf nuwer letter(s) / woorde / sinne

- 1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Yy**
- 2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
- 3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
- 5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.

6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.

7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.



**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_



## Gedeeldelees:

15 Minute

### Aanvangslees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: EK WONDER

| Teks  | Aanvangslees (Dink hardop)  |
|---|---|
| Eendag het die klein rooi hennetjie 'n koringkorrel gekry.  |   |
| "Wie gaan my help om hierdie koringkorrel te plant?" vra sy.  | Ek <b>wonder</b> wie gaan die klein rooi hennetjie help?  |
| "Nie ek nie," sê die eend.<br>"Nie ek nie," sê die gans.<br>"Nie ek nie," sê die vark.  |   |
| "Dan sal ek dit self plant," sê die klein rooi hennetjie. So plant sy dit self.   | Ek <b>wonder</b> hoekom die ander diere nie die rooi hennetjie wil help om die koringkorrel te plant nie? |
| Die koringkorrel het gegroei tot 'n groot koringplant.  | Ek <b>wonder</b> wat die klein rooi hennetjie met die koring gaan doen?                                   |
| "Wie gaan my help om hierdie koring te sny?" vra die klein rooi hennetjie.  | Ek <b>wonder</b> of enige van die diere nou die klein rooi hennetjie gaan help?                           |
| "Nie ek nie," sê die eend.<br>"Nie ek nie," sê die gans.  | Ek <b>wonder</b> hoekom die ander diere nie die klein rooi hennetjie wil help om die koring te sny nie?   |
| "Nie ek nie," sê die vark.<br>"Dan sal ek dit self sny!" sê die klein rooi hennetjie. So doen sy dit self.  |   |
| Toe die koring klaar gesny is het die klein rooi hennetjie gekêkel, "Wie gaan my help om die koring te dra?"<br>"Nie ek nie," sê die eend.<br>"Nie ek nie," sê die vark.<br>"Nie ek nie," sê die gans.<br>So dra sy dit self. |   |
| Toe vra die klein rooi hennetjie, "Wie gaan my help om hierdie koring te maal vir meel?"<br>"Nie ek nie," sê die eend.<br>"Nie ek nie," sê die gans.<br>"Nie ek nie," sê die vark.  | Ek <b>wonder</b> wat die klein rooi hennetjie met die meel gaan doen?                                     |
| "Dan sal ek dit self maal," sê die klein rooi hennetjie. So doen sy dit self.   |   |
| Toe die koring tot meel gemaal is, vra die klein rooi hennetjie, "Wie gaan my help om brood te bak?"  | O! Die klein rooi hennetjie gebruik haar meel om brood te bak! Ek <b>wonder</b> wie die brood gaan eet?   |

| Teks   | Aanvangslees (Dink hardop)  |
|--|---|
| <p>"Nie ek nie," sê die eend.</p> <p>"Nie ek nie," sê die gans.</p> <p>"Nie ek nie," sê die vark.</p>  |   |
| <p>"Dan sal ek dit self bak," sê die klein rooi hennetjie. So doen sy dit self.</p>  |   |
| <p>Toe die brood klaar gebak is, vra die klein rooi hennetjie, "Wie gaan my help om die brood te eet?"</p> <p>"Ek sal!" sê die eend.</p> <p>"Ek sal!" sê die gans.</p> <p>"Ek sal!" sê die vark.</p> <p>"Nee, julle sal nie!" sê die klein rooi hennetjie.</p> <p>"Julle wou my glad nie help nie! Ek sal nie my brood met julle deel nie! Ek sal dit self op eet!"</p> <p>So eet sy dit toe alleen.</p> | <p>Ek <b>wonder</b> hoekom die diere nou wil help?</p> <p>Ek kan die afleiding maak dat hulle dink dit is lekkerder om te eet as om te werk!</p>  |
| Opvolg vrae  | Moontlike antwoorde   |
| Wat het die klein rooi hennetjie gevind?   | Sy het 'n koringkorrel gevind.  |
| Wie is die ander karakters in die storie?  | Eend, gans en vark.   |
| Hoekom vrae  | Moontlike antwoorde   |
| Hoekom het die klein rooi hennetjie nie haar brood gedeel nie?   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Niemand het haar gehelp om te plant, te sny, te dra, te maal en te bak nie!</li> <li>Omdat sy al die harde werk self gedoen het!</li> <li>Omdat die ander diere haar nie met enige iets gehelp het nie!</li> </ul> |



## Groep Begeidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
- Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - maal
  - bak
  - koring

| Rympie of Liedjie               | Aksies  |
|---------------------------------|---|
| Sit die saadjie in die grond,   | <i>Maak of jy 'n saadjie plant</i>                        |
| Saadjie, saadjie groei tog nou, | <i>Staan met jou hande in jou sye en kyk na die grond</i> |
| Saadjie, saadjie groei tog nou  | <i>Staan met jou hande in jou sye en kyk na die grond</i> |
| Ons wil van jou eet!            | <i>Wys hoe jy eet</i>                                     |

WEEK 3

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 1 VAN DIE TEMA)

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
- 5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Stel nuwe klanke en woorde bekend

#### STEL KLANK BEKEND

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: /r/
- 2 Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
- 3 Bespreek die klank /r/. Is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
- 4 Vir enkel klanke, wys die klanke uit aan die leerders op die alfabetkaart.
- 5 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat begin met /r/?
- 6 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **regs, rivier, ry**
- 7 Vra aan die leerders: Kan jy aan 'n woord dink wat eindig met /r/?
- 8 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **daar, haar, blaar, klaar**

#### STEL NUWE WOORDE/KLANKE BEKEND

- 1 Sê elke woord/klank hard en duidelik terwyl jy die flitskaart wys: **rot, ram, rug, rek**
- 2 Wys elke woord vir die leerders soos wat jy dit sê.
- 3 Vra die leerders om elke woord te herhaal.
- 4 Plaas die flitskaarte van die nuwe woorde/klanke op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---





## Handskrif:


15 minute


### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne


- 1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Rr**
- 2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
- 3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
- 5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
- 6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
- 7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.


R R r r


rot rot


ram ram


rug rug


rek rek

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



**Skryfwerk:**

30 minute

Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Skryf hoe jy vir klein rooi hennetjie gaan help met haar koring.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en sit 'n byskrif by

**SKRYFRAAMWERK:** Ek kan help deur .....

### DEMONSTRASIE

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor hoe hulle vir hennetjie gaan help.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: Ek dink ek gaan vir hennetjie help deur haar koring water te gee, want ek weet koring het water nodig om te groei.
- 4 Demonstreer hoe jy 'n prentjie van jouself wat die koring water gee teken.
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Ek kan help deur die koring water te gee.
- 6 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

### VERBALE INSTRUKSIES

- 1 Hou 'n dinkskrum oor hoe om te help met die leerders.
- 2 Skryf die woorde op die bord, bv.: plant, water, onkruid, sny, maal, ens.
- 3 Vra aan leerders hoe hulle die rooi hennetjie kan help?
- 4 Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om vir jou van een ding te vertel oor hoe hulle vir hennetjie gaan help.
- 6 Hulle moet sê: Ek kan help deur.....
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!

### SKRYFWERK

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem (tag)
- 5 Moedig leerders aan.


### DRAAI EN PRAAT

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te **draai en te praat** met 'n maat oor hul tekening.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



pluk



Ek kan help om die toring  
te pluk.



### Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
- 2 Verduidelik Woensdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik Woensdag Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Segmentasie en vermenging

#### EK DOEN

- 1 Begin met 'n woord van Dinsdag se les.
- 2 Sê die woord: **my**
- 3 Segementeer die woord in klanke: /**m**/-/**y**/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /**m**/
- 5 Sê die eindklank van die woord: /**y**/
- 6 Skryd die woord op die bord: **my**
- 7 Demonstreer hoe om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /**m**/-/**y**/ = **my**
- 8 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **ram**

#### ONS DOEN...

- 1 Begin met 'n woord van Dinsdag se les.
- 2 Sê die woord: **rym**
- 3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank van die woord? /**r**/
- 4 Vra die leerders: Wat is die middelklank van die woord? /**y**/
- 5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank van die die woord? /**m**/
- 6 Vra die leerders om die woord in klanke te segmenteer. /**r**/-/**y**/-/**m**/
- 7 Skryd die woord op die bord: **rym**
- 8 Sê die leerders om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /**r**/-/**y**/-/**m**/ = **rym**
- 9 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **rek**

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---



## Gedeeldelees:

15 minute

### Herhaalde lees

#### LEESSTRATEGIEË: EK WONDER / EVALUEER

| Teks  | Herhaalde lees (Dink hardop)   |
|---|--|
| Eendag het die klein rooi hennetjie 'n koringkorrel gekry.  |  |
| "Wie gaan my help om hierdie koringkorrel te plant?" vra sy.  |  |
| "Nie ek nie," sê die eend.<br>"Nie ek nie," sê die gans.<br>"Nie ek nie," sê die vark.  |  |
| "Dan sal ek dit self plant," sê die klein rooi hennetjie. So plant sy dit self.   | Ek kan <b>aflei</b> dat die klein rooi hennetjie meer hardwerkend is as die ander diere!   |
| Die koringkorrel het gegroei tot 'n groot koringplant.  |  |
| "Wie gaan my help om hierdie koring te sny?" vra die klein rooi hennetjie.  | Ek <b>wonder</b> hoe die klein rooi hennetjie voel om al die werk alleen te doen?  |
| "Nie ek nie," sê die eend.<br>"Nie ek nie," sê die gans.  | Ek kan die <b>afleiding</b> maak dat die ander diere nie juis behulp same vriende is nie!  |
| "Nie ek nie," sê die vark.<br>"Dan sal ek dit self sny!" sê die klein rooi hennetjie. So doen sy dit self.  |  |
| Toe die koring klaar gesny is het die klein rooi hennetjie gekêkel, "Wie gaan my help om die koring te dra?"<br>"Nie ek nie," sê die eend.<br>"Nie ek nie," sê die vark.<br>"Nie ek nie," sê die gans.<br>So dra sy dit self. | Ek kan die <b>afleiding</b> maak dat die ander diere nie vriendelik is nie. Hulle sien hulle vriendin werk hard en hulle bied nie aan om haar te help nie! |
| Toe vra die klein rooi hennetjie, "Wie gaan my help om hierdie koring te maal vir meel?"<br>"Nie ek nie," sê die eend.<br>"Nie ek nie," sê die gans.<br>"Nie ek nie," sê die vark.  |  |
| "Dan sal ek dit self maal," sê die klein rooi hennetjie. So doen sy dit self.   |  |
| Toe die koring tot meel gemaal is, vra die klein rooi hennetjie, "Wie gaan my help om brood te bak?"  | Ek <b>wonder</b> hoe die klein rooi hennetjie voel nou dat sy al die werk alleen gedoen het?   |

| Teks   | Herhaalde lees (Dink hardop)   |
|--|--|
| <p>"Nie ek nie," sê die eend.<br/>                     "Nie ek nie," sê die gans.<br/>                     "Nie ek nie," sê die vark.</p>  |  |
| <p>"Dan sal ek dit self bak," sê die klein rooi hennetjie. So doen sy dit self.</p>  |  |
| <p>Toe die brood klaar gebak is, vra die klein rooi hennetjie, "Wie gaan my help om die brood te eet?"<br/>                     "Ek sal!" sê die eend.<br/>                     "Ek sal!" sê die gans.<br/>                     "Ek sal!" sê die vark.<br/>                     "Nee, julle sal nie!" sê die klein rooi hennetjie.<br/>                     "Julle wou my glad nie help nie! Ek sal nie my brood met julle deel nie! Ek sal dit self op eet!"<br/>                     So eet sy dit toe alleen.</p> | <p>Ek kan die <b>afleiding</b> maak dat die klein rooi hennetjie dink haar vriende moenie van die brood eet nie, want hulle het haar glad nie gehelp nie!</p>  |
| Opvolg vrae  | Moontlike antwoorde  |
| <p>Wat het die klein rooi hennetjie alleen gedoen?</p>   | <p>Sy het geplant, gesny, gedra, die meel gemaal en die brood gebak.</p>   |
| <p>Wanneer het die ander karakters gesê hulle sal haar help?</p>   | <p>Toe die brood klaar gebak was, het hulle gesê hulle sal help om dit te eet!</p>   |
| Hoekom vrae  | Moontlike antwoorde  |
| <p>Hoe weet ons die klein rooi hennetjie is 'n harde werker?</p>   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy het geplant, gesny, gedra, gemaal en gebak – alles op haar eie!</li> <li>• Omdat sy al die harde werk self gedoen het!</li> <li>• Omdat sy gewerk het toe niemand anders wou nie!</li> </ul> |



## Groep Begeidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n Lees Oorgangsaktiwiteit.
- 6 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - lui
  - fluks
  - saailing

| Rympie of Liedjie               | Aksies  |
|---------------------------------|---|
| Sit die saadjie in die grond,   | <i>Maak of jy 'n saadjie plant</i>                        |
| Saadjie, saadjie groei tog nou, | <i>Staan met jou hande in jou sye en kyk na die grond</i> |
| Saadjie, saadjie groei tog nou  | <i>Staan met jou hande in jou sye en kyk na die grond</i> |
| Ons wil van jou eet!            | <i>Wys hoe jy eet</i>                                     |

### BESPREKING VAN GEDEELDELES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:  
In hierdie storie.....  
Aan die einde van die storie .....  
As ek die rooi hennetjie was, sou ek .....
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

**Phonemiese Bewustheid en Klanke:**

15 minute

**Woordsoek**

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

|          |          |          |
|----------|----------|----------|
| <b>y</b> | <b>r</b> | <b>m</b> |
| <b>s</b> | <b>a</b> | <b>o</b> |
| <b>t</b> | <b>e</b> | <b>k</b> |

**EK DOEN**

- 1 Herinner die leerders aan die klanke van die week: /y/ en /r/
- 2 Hersien AL die klanke op die bord.
- 3 Gee die leerders 3 minute om soveel woorde as moontlik te maak met die klanke op die bord.
- 4 Verduidelik aan die leerders hoe om woorde te maak met die teiken klanke, bv: /r/ - /e/ - /k/ = **rek** Herinner die leerders dat hulle enige woorde kan maak met die klanke - hulle hoef nie net die /y/ **or** /r/ te gebruik nie.
- 5 Wys die leerders hoe om nog 'n woord te maak: /k/ - /o/ - /m/ = **kom**

**LEERDERS DOEN**

- 1 Leerders moet hulle boeke oop maak en die opskrif skryf: **y, r**
- 2 Sê aan die leerders om te begin skryf.
- 3 Geen die leerders 3 minute om soveel moontlike woorde te vind en te bou.
- 4 Wys die leerders hoe om hierdie woorde en ander te bou: **sy, my, rym, rot, ram, rek, kom, ek, ry, ys, kam**
- 5 Laat leerders toe om hulle werk te korrigeer.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_



## Gedeeldelees:

15 minute

---

### Na-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VISUALISEER

#### ILLUSTREER DIE STORIE

- 1 Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke uit of 'n skoon stuk papier. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê
- 2 Verduidelik dat hulle nou 'n afleiding gaan maak oor wat dalk sou gebeur het indien die storie aan gegaan het. Hulle gaan dit moet teken.
- 3 Verduidelik hoe jy so 'n afleiding sal maak: Ek kan sien hoe die eend, gans en vark in die koelte van 'n bos lê terwyl hennetjie hard in die warm son werk.
- 4 Teken nou 'n prentjie op die bord waar, eend gans en vark onder die bos lê.
- 5 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou gaan visualiseer oor iets wat in die teks gebeur het.
- 6 Sê die leerders moet hulle oë toemaak en ontspan, lees die storie nog een keer vir hulle.
- 7 Die leerders moet nou iets teken wat hulle kon visualiseer van die storie.
- 8 Laastens kan die leerders nou na mekaar draai en bespreek wat hulle geteken het en watter afleiding hulle gemaak het.



## Groep Begeleidelees

30 minute

---

#### GROEPE: \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3**.
- 2 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.





## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om te ‘Draai en Praat’ en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
  - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
  - b **Watter stories het ons saam gelees?**
  - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
  - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
  - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
  - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
  - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
  - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*



The background is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational subjects and tools, including books, pencils, globes, lightbulbs, gears, and laboratory equipment. The icons are scattered across the entire page, creating a textured, thematic background.

**Graad 1**

**TERMYN 2**

**Week**

**4**

**TEMA:**

**Goed wat groei**



## Vorbereiding van klaskamer

---

- 1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
- 3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: 'n paar prentjies van plante wat groei.
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing hoe om te sorg vir plante.
- 6 Maak seker dat alle leerders se Boeke / DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



## Uitbreidingsaktiwiteite

---

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseeer.

**Aktiwiteit 1:** DVO Werkboek 1: Bladsy 38, Ons Lees

**Aktiwiteit 2:** DVO Werkboek 1: Bladsy 39 en 40, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DVO Werkboek 1: Bladsy 41, Ons Skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prentjie oor alles wat n plant nodig het om te kan groei.

# Maandag



## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die eerste/tweede/ens. prentjie van die Grootboek storie Kwezi kry 'n wurm
- 2 Vertel aan leerders dat julle die tema voortsit wat Goed wat groei genoem word.
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
  - a Hoe moet ons goed wat groei oppas?
  - b Wat het plante nodig om te kan groei?
  - c Watter ander goed kan jy aan dink wat groei.?
  - d Wat het alle lewendige dinge nodig om te kan groei?

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - saailinge
  - voedingstowwe
  - plant
  - her-plant

| Rympie of Liedjie               | Aksies  |
|---------------------------------|---|
| Sit die saadjie in die grond,   | <i>Maak of jy 'n saadjie plant</i>                        |
| Saadjie, saadjie groei tog nou, | <i>Staan met jou hande in jou sye en kyk na die grond</i> |
| Saadjie, saadjie groei tog nou  | <i>Staan met jou hande in jou sye en kyk na die grond</i> |
| Ons wil van jou eet!            | <i>Wys hoe jy eet</i>                                     |



## Handskrif

15 minute

---


- 1 Sê aan die leerders om hulle boeke oop te maak.
- 2 Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
  - a sy
  - b hy
  - c my
  - d rym
  - e rot
  - f ram
  - g rug
  - h rek
- 3 Sê aan die leerders om nou 'n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
- 4 Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord.
- 5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---



## Gedeelte lees:

15 minute

---

### Pre-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Kwezi kry 'n wurm.
- 3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.



## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor iets wat jy en plante in gemeen het.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:** Plante en ek het beide ..... nodig.

### DEMONSTRASIE

- 1 Verduidelik dat plante lewende goed is wat kan groei. Diere en mense groei ook. Vandag gaan ons dink aan al die dinge wat lewende dinge in gemeen het. Byvoorbeeld, ons almal het gesonde kos nodig om te groei.
- 2 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor iets wat hulle in gemeen het met plante.
- 3 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 4 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: Ek weet dat plante, diere en mense gesonde kos nodig het om te kan groei
- 5 **Demonstreer** hoe jy 'n prentjie van jouself wat gesonde kosse eet teken.
- 6 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. Trek 'n lyn vir elke woord, bv.: Plante en ek eet albei gesonde kosse.
- 7 Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat die leerders hul eie idees moet neerskryf.

### VERBALE INSTRUKSIES

- 1 Vra die leerders om te dink aan idees oor dinge wat plante en mense in gemeen het.
- 2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: water, voedingstowwe, kos, asemhaal, lug, sorg, ens.
- 3 Vra aan leerders: Wat is een ding wat jy in gemeen het met plante?
- 4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel wat is een ding wat hulle in gemeen het met plante.
- 6 Hulle moet sê: Plante en ek het beide .....
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!

### SKRYFWERK


- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem.

5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te draai en te praat met 'n maat oor hul tekening.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Plante en mense het albei  
water nodig.





## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag



## Phoenemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Stel nuwe klanke en woorde bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: /w/
- 2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
- 3 Bespreek die klank /w/. Is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
- 4 Vir enkel klanke, wys die klanke uit aan die leerders op die alfabetkaart.
- 5 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat begin met /w/?
- 6 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **wit, wat, waar, wag**

#### STEL NUWE WOORDE/KLANKE BEKEND

- 1 Sê elke woord/klank hard en duidelik terwyl jy die flitskaart wys: **wit, wat, wil, wol**
- 2 Wys elke woord vir die leerders soos wat jy dit sê.
- 3 Vra die leerders om elke woord te herhaal.
- 4 Plaas die flitskaarte van die nuwe woorde/klanke op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---











## Handskrif:




15 minute




### Skryf nuwer letter(s) / woorde / sinne




- 1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Ww**
- 2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
- 3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
- 5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
- 6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
- 7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

**Gedeeldeles:**

15 Minute

**Aanvangslees****BEGRIPSSTRATEGIEË: VISUALISEER**

| Teks   | Aanvangslees (Dink hardop)   |
|--|--|
| Twee weke gelede het Khwezi en sy ma 'n ou eierboksie volgemaak met grond en saadjies daarin geplant. Khwezi het 'n klein prentjie op elke deel van die boksie geteken, sodat hy kon onthou watter saadjies hy waar geplant het. | <b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Khwezi die grond dophou en wag en wag vir sy saailinge om op te kom! |

| Teks  | Aanvangslees (Dink hardop)  |
|---|---|
| Elke dag het Khwezi na die vensterbank gegaan om te kyk hoe die saailinge groei en om hulle water te gee.   | --  |
| <p>Na 'n week sien Khwezi hoe sy saailinge uiteindelik opkom!</p> <p>"Mamma!" roep hy, "ons kan hulle nou in die tuin plant!" Toe sy ma na die saailinge kom kyk verduidelik sy, "Nog nie nou al nie Khwezi – die saailinge moet eers so lank soos jou vinger wees voor ons hulle in die grond kan plant."</p>  | <p><b>Ek kan myself voorstel</b> hoe opgewonde Kwezi is wanneer hy uiteindelik 'n klein groen saailing sien. Hy is so gelukkig dat iets uiteindelik gegroei het!</p>      |
| Elke dag het Khwezi na die vensterbank gegaan om sy saailinge se groei teen sy vinger te meet en vir hulle water te gee.  | <p><b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Khwezi sy klein vingertjie langs die grootste saailing hou – want hy wil regtig hê hulle moet groot genoeg raak om oor te plant!</p> |
| Uiteindelik, Saterdagoggend is al die saailinge in die eierboksie so lank soos Khwezi se vinger! Dit is nou tyd om die saailinge oor te plant in die tuin.  | <p><b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Khwezi die eierboksie optel en vir sy ma gaan wys. Hy is so opgewonde!</p>   |
| Khwezi en sy ma gaan buitentoe. Khwezi help sy ma om vier opgehewe beddings vir die saailinge te maak. Toe wys Khwezi se ma hom hoe om versigtig 'n saailing uit die eierboksie te haal en oor te plant. "Op hierdie manier sal die klein plantjies baie meer spasie hê om te groei!" sê sy.  | <p>Ek kan myself Khwezi se groot glimlag voorstel terwyl hy saam met sy ma in die tuin werk. Hy het so lank gewag vir hierdie dag!</p>                                    |
| <p>Khwezi help sy ma om al die tamatieplantjies oor te plant in die eerste opgehewe bedding.</p> <p>"Ons sal die wortels hier plant!" sê sy en wys na die tweede opgehewe bedding. Toe plant Khwezi self die koolplantjies oor in die derde opgehewe bedding. Sy ma plant die spinasiesplantjies oor in die vierde opgehewe bedding.</p>  | <p><b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Khwezi mooi na sy ma kyk, want sy weet wat om te doen.</p>   |
| Khwezi voel trots op sy harde werk. Hy staan terug om te kyk na al die klein plantjies wat in reguit rye geplant is. Soos wat hy staan en sy harde werk bewonder, sien hy 'n wurm wat deur die grond aangekruip kom.  | <p><b>Ek kan myself voorstel</b> hoe die klein bewegende wurm Khwezi se oog vang. Ek wonder wat hy van wurms dink?</p>  |
| <p>"Agge nee! Kyk! Daardie wurm gaan al ons spinasie eet!" sê Khwezi. Hy tel dit op en is gereed om dit weg te gooi toe sy ma roep, "Nee Khwezi! Jy moet die wurm terugsit in die bedding!"</p> <p>"Terugsit? Hoekom?" Khwezi is verward.</p> <p>"Wurms help tuine groei!" verduidelik sy ma.</p> <p>"Deurdat hulle openinge rondom plante maak, maak hulle seker dat plante genoeg water kry om te drink en lug het om asem te haal. Hulle help plante om groot en sterk te word!"</p> | <p><b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Khwezi sy arm bo sy kop hou, reg om die wurm ver ver weg van die tuin te gooi, net voor sy ma hom sien.</p>                          |

| Teks   | Aanvangslees (Dink hardop)  |
|--|---|
| Khwezi sit die wurm versigtig terug in die grond. "Jy kan hier woon! Dankie dat jy in die tuin help!" sê hy. | <b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Khwezi die wurm terugsit. Noudat hy weet dat die wurm gaan help om sy spesiale tuin te laat groei hanteer hy dit saggies en versigtig!  |
| Opvolg vrae  | Moontlike antwoorde   |
| Watter tipe groente plant Khwezi en sy ma?   | Tamaties, wortels, kool en spinasie.  |
| Stel jouself Khwezi se gesig voor wanneer hy 'n wurm in sy nuwe, spesiale tuin sien. Wat sien jy?            | (Vra leerders om jou te <b>wys</b> )  |
| Hoekom vrae  | Moontlike antwoorde   |
| Hoekom het Khwezi die wurm opgetel?  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Omdat hy nie die wurm in sy tuin wou hê nie.</li> <li>• Omdat hy die wurm ver weg van die tuin wou gooi.</li> <li>• Omdat hy nie geweet het wurms help die tuin om te groei nie.</li> <li>• Omdat hy gedink het die wurm gaan sy tuin vernietig en wou dit van die tuin verwyder.</li> <li>• Omdat hy gedink die wurm gaan al die spinasie eet.</li> </ul> |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - a eetbaar
  - b vrugte
  - c groente

| Rympie of Liedjie               | Aksies  |
|---------------------------------|---|
| Sit die saadjie in die grond,   | <i>Maak of jy 'n saadjie plant</i>                        |
| Saadjie, saadjie groei tog nou, | <i>Staan met jou hande in jou sye en kyk na die grond</i> |
| Saadjie, saadjie groei tog nou  | <i>Staan met jou hande in jou sye en kyk na die grond</i> |
| Ons wil van jou eet!            | <i>Wys hoe jy eet</i>                                     |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 2 VAN DIE TEMA)

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
- 5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



**Phonemiese Bewustheid en Klanke:**

15 minute

**Stel nuwe klanke en woorde bekend****STEL KLANK BEKEND**

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: /j/
- 2 Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
- 3 Bespreek die klank /j/. Is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
- 4 Vir enkel klanke, wys die klanke uit aan die leerders op die alfabetkaart.
- 5 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat begin met /j/?
- 6 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **jaar, jakkals, jammer**

**STEL NUWE WOORDE/KLANKE BEKEND**

- 1 Sê elke woord/klank hard en duidelik terwyl jy die flitskaart wys: **jas, jok, jag, jy**
- 2 Wys elke woord vir die leerders soos wat jy dit sê.
- 3 Vra die leerders om elke woord te herhaal.
- 4 Plaas die flitskaarte van die nuwe woorde/klanke op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_


\_\_\_\_\_

**Handskrif:**

15 minute

**Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne**

- 1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Jj**
- 2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
- 3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
- 5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
- 6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
- 7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.



**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_



**Skryfwerk:**

30 minute

Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Teken 'n prentjie oor iets wat jy geleer het oor die groei van plante.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en sit 'n byskrif by

**SKRYFRAAMWERK:** Ek het geleer dat .....



**DEMONSTRASIE**

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag hulle geheue gebruik om iets nuuts te teken wat hulle geleer het gedurende die tema: *Goed wat groei*.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: Ek het geleer dat wurms goed is vir plante.
- 4 Demonstreer hoe jy 'n prentjie van 'n wurm onder die grond en die wortels van die plant teken.
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Ek het geleer dat wurms plante help om te groei.
- 6 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

**VERBALE INSTRUKSIES**

- 1 Hou 'n dinksak oor dinge wat 'n plant nodig het om te groei met die leerders.
- 2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: lug, grond, water, wurms, sonlig, ens
- 3 Vra aan leerders wat is een ding wat jy geleer het oor hoe om plante te groei?
- 4 Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om vir jou van een ding te vertel wat hulle geleer het oor die groei van plante.
- 6 Hulle moet sê: Ek het geleer dat .....
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!


**SKRYFWERK**

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem (tag)
- 5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te **draai en te praat** met 'n maat oor hul tekening.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Elk het geleer dat plante  
sonlig nodig het.



## Groep Begeidelees

30 minute

---

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
- 2 Verduidelik Woensdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik Woensdag Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of -aktiwiteite.

# Donderdag



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Segmentasie en vermenging

#### EK DOEN...

- 1 Begin met 'n woord van Dinsdag se les.
- 2 Sê die woord: **wat**
- 3 Segementeer die woord in klanke: /w/-/a/-/t/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /w/
- 5 Sê die middelklank van die woord: /a/
- 6 Sê die eindklank van die woord: /t/
- 7 Skryd die woord op die bord: **wat**
- 8 Demonstreer hoe om die klanke te meng om 'n woord te vorm /w/-/a/-/t/ = **wat**
- 9 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **jag**

#### ONS DOEN...

- 1 Begin met 'n woord van Dinsdag se les.
- 2 Sê die woord: **wol**
- 3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank van die woord? /w/
- 4 Vra die leerders: Wat is die middelklank van die woord? /o/
- 5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank van die die woord? /l/
- 6 Vra die leerders om die woord in klanke te segmenteer. /w/-/o/-/l/
- 7 Skryd die woord op die bord: **wol**
- 8 Sê die leerders om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /w/-/o/-/l/ = **wol**
- 9 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **jok**

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



## Gedeeldelees:

15 minute

### Herhaalde lees

#### LEESSTRATEGIEË: VISUALISEER

| Teks   | Herhaalde lees (Dink hardop)   |
|--|--|
| <p>Twee weke gelede het Khwezi en sy ma 'n ou eierboksie volgemaak met grond en saadjies daarin geplant. Khwezi het 'n klein prentjie op elke deel van die boksie geteken, sodat hy kon onthou watter saadjies hy waar geplant het.</p>  | <p><b>Ek kan myself</b> die klein saadjies diep binne-in die grond <b>voorstel</b>.</p>  |
| <p>Elke dag het Khwezi na die vensterbank gegaan om te kyk hoe die saailinge groei en om hulle water te gee.</p>   | <p><b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Khwezi elke dag na die vensterbank hardloop, wanneer hy by die huis kom na skool!</p>   |
| <p>Na 'n week sien Khwezi hoe sy saailinge uiteindelik opkom!</p> <p>“Mamma!” roep hy, “ons kan hulle nou in die tuin plant!” Toe sy ma na die saalinge kom kyk verduidelik sy, “Nog nie nou al nie Khwezi – die saailinge moet eers so lank soos jou vinger wees voor ons hulle in die grond kan plant.”</p>                            | <p><b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Khwezi frons toe hy uitvind sy saailinge is nog nie gereed om in die tuin geplant te word nie.</p>  |
| <p>Elke dag het Khwezi na die vensterbank gegaan om sy saailinge se groei teen sy vinger te meet en vir hulle water te gee.</p>  | <p>Khwezi gee regtig om vir sy plante. <b>Ek stel myself voor</b> hoe hy elke dag versigtig die saailinge water gee.</p>   |
| <p>Uiteindelik, Saterdagoggend is al die saailinge in die eierboksie so lank soos Khwezi se vinger! Dit is nou tyd om die saailinge oor te plant in die tuin.</p>  | <p><b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Khwezi se ma die saailinge deurkyk om seker te maak dat hulle gereed is om buite in die tuin geplant te word.</p>                                     |
| <p>Khwezi en sy ma gaan buitentoe. Khwezi help sy ma om vier opgehewe beddings vir die saailinge te maak. Toe wys Khwezi se ma hom hoe om versigtig 'n saailing uit die eierboksie te haal en oor te plant. “Op hierdie manier sal die klein plantjies baie meer spasie hê om te groei!” sê sy.</p>                                      | <p><b>Ek stel myself voor</b> hoe Khwezi se ma die plantjie versigtig vashou voordat sy dit in die grond plant.</p>  |
| <p>Khwezi help sy ma om al die tamatieplantjies oor te plant in die eerste opgehewe bedding.</p> <p>“Ons sal die wortels hier plant!” sê sy en wys na die tweede opgehewe bedding. Toe plant Khwezi self die koolplantjies oor in die derde opgehewe bedding. Sy ma plant die spinasiesplantjies oor in die vierde opgehewe bedding.</p> | <p><b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Khwezi mooi na sy ma kyk, want hy gee om vir sy klein plantjies en hy wil hulle help om mooi te groei.</p>  |
| <p>Khwezi voel trots op sy harde werk. Hy staan terug om te kyk na al die klein plantjies wat in reguit rye geplant is. Soos wat hy staan en sy harde werk bewonder, sien hy 'n wurm wat deur die grond aangekruip kom.</p>  | <p>Ek kan aflei dat hierdie Khwezi se eerste tuin is. Ek kan myself voorstel hoe gelukkig en trots hy moet lyk wanneer hy al sy plantjies, gereed om te groei tot groot groente, sien!</p> |

| Teks   | Herhaalde lees (Dink hardop)   |
|--|--|
| <p>“Agge nee! Kyk! Daardie wurm gaan al ons spinasie eet!” sê Khwezi. Hy tel dit op en is gereed om dit weg te gooi toe sy ma roep, “Nee Khwezi! Jy moet die wurm terugsit in die bedding!”</p> <p>“Terugsit? Hoekom?” Khwezi is verward.</p> <p>“Wurms help tuine groei!” verduidelik sy ma. “Deurdad hulle openinge rondom plante maak, maak hulle seker dat plante genoeg water kry om te drink en lug het om asem te haal. Hulle help plante om groot en sterk te word!”</p> | <p><b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Khwezi se ma haar arm om hom sit en rustig aan Khwezi verduidelik dat wurms goed is in die tuin.</p>  |
| <p>Khwezi sit die wurm versigtig terug in die grond. “Jy kan hier woon! Dankie dat jy in die tuin help!” sê hy.</p>  | <p>O! Khwezi weet nou hoe behulpsaam die wurm in die tuin kan wees. <b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Khwezi uitkyk vir nog ekstra wurms om hom in die toekoms in die tuin te help. Ek weet hy is lief vir sy tuin en wil hê sy groente moet groei.</p>  |
| Opvolg vrae  | Moontlike antwoorde  |
| <p>Hoe hoog het Khwezi se ma gesê moet die saailinge wees voor hulle buite geplant kan word?</p>   | <p>Sy sê hulle moet so hoog soos sy vinger wees.</p>   |
| <p>Hoe help wurms tuine?</p>   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hulle help plante om genoeg lug en water te kry.</li> <li>• Hulle maak openinge rondom plante, wat help dat die plante lug en water kry.</li> </ul>   |
| Hoekom vrae  | Moontlike antwoorde  |
| <p>Hoe het Khwezi se gevoel rondom wurms verander?</p>   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Omdat sy ma verduidelik het dat wurms belangrik is vir die tuin.</li> <li>• Omdat Khwezi iets nuuts geleer het wat sy gevoel verander het.</li> <li>• Omdat Khwezi regtig omgee vir sy tuin! Toe hy uitvind die wurm help, het hy besef hy wil die wurm graag in sy tuin hê.</li> </ul> |



## Groep Begeidelees

---

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n Lees Oorgangsaktiwiteit.
- 6 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - lewendig
  - wortels
  - ondergronds

| Rympie of Liedjie               | Aksies  |
|---------------------------------|---|
| Sit die saadjie in die grond,   | <i>Maak of jy 'n saadjie plant</i>                        |
| Saadjie, saadjie groei tog nou, | <i>Staan met jou hande in jou sye en kyk na die grond</i> |
| Saadjie, saadjie groei tog nou  | <i>Staan met jou hande in jou sye en kyk na die grond</i> |
| Ons wil van jou eet!            | <i>Wys hoe jy eet</i>                                     |

WEEK 4

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:  
 In die storie...  
 As ek die tuin visualiseer, sien ek .....  
 Die storie pas by ons tema *Goed wat groei*, want .....
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

|          |          |          |
|----------|----------|----------|
| <b>w</b> | <b>j</b> | <b>a</b> |
| <b>s</b> | <b>t</b> | <b>i</b> |
| <b>o</b> | <b>l</b> | <b>k</b> |

### EK DOEN

- 1 Herinner die leerders aan die klanke van die week: /w/ en /j/
- 2 Hersien AL die klanke op die bord.
- 3 Gee die leerders 3 minute om soveel woorde as moontlik te maak met die klanke op die bord.
- 4 Verduidelik aan die leerders hoe om woorde te maak met die teiken klanke, bv.: /w/ – /i/ – /t/ = **wit**
- 5 Herinner die leerders dat hulle enige woorde kan maak met die klanke – hulle hoef nie net die /w/ **or** /j/ te gebruik nie.
- 6 Wys die leerders hoe om nog 'n woord te maak: /k/ – /a/ – /t/ = **kat**

### LEERDERS DOEN

- 1 Leerders moet hulle boeke oop maak en die opskrif skryf: **w, j**
- 2 Sê aan die leerders om te begin skryf.
- 3 Geen die leerders 3 minute om soveel moontlike woorde te vind en te bou.
- 4 Wys die leerders hoe om hierdie woorde en ander te bou: **wit, wat, wil, wol, jas, jok, kat, kis, tas, sit**
- 5 Laat leerders toe om hulle werk te korrigeer.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_





## Gedeeldelees:

15 minute

### Na-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VISUALISEER

#### ILLUSTREER DIE STORIE

- 1 Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke uit of 'n skoon stuk papier. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê
- 2 **Verduidelik** hoe jy iets uit die teks gaan **visualiseer en teken**, soos Ek visualiseer die afgryse op Kwezi se gesig toe hy die wurm vir die eerste keer sien.
- 3 Teken nou 'n prentjie op die bord van Kwezi wat met afgryse na die wurm staar.
- 4 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou gaan visualiseer oor iets wat in die teks gebeur het.
- 5 Sê die leerders moet hulle oë toemaak en ontspan, lees die storie nog een keer vir hulle.
- 6 Die leerders moet nou iets teken wat hulle kon visualiseer van die storie.
- 7 Laastens kan die leerders nou na mekaar draai en bespreek wat hulle geteken het en watter afleiding hulle gemaak het.



## Groep Begeidelees

30 minute

#### GROEPE: \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4**.
- 2 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

---

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om te ‘Draai en Praat’ en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
  - a Wat was ons taal tema vir die week?
  - b Watter stories het ons saam gelees?
  - c Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?
  - d Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?
  - e Waaroor het ons geskryf die week?
  - f Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?
  - g Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?
  - h Waaroor is jy die trotste die week?
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

The background of the entire page is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational subjects and tools, including books, pencils, globes, lightbulbs, gears, and laboratory equipment. The text is centered on this background.

**Graad 1**

**TERMYN 2**

**Week**

**5**

**TEMA:**

**Diere**



## Vorbereiding van klaskamer

---

- 1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
- 3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: 'n paar prentjies van diere
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor interessante diere oor die wêreld.
- 6 Maak seker dat alle leerders se Boeke / DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



## Uitbreidingsaktiwiteite

---

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseeer.

**Aktiwiteit 1:** DVO Werkboek 1: Bladsy 42, Ons Lees

**Aktiwiteit 2:** DVO Werkboek 1: Bladsy 43 en 44, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DVO Werkboek 1: Bladsy 45, Ons Skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prentjie van jou gunteling dier.

# Maandag



## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die eerste/tweede/ens. prentjie van die Grootboek storie Munene se Swart Mamabas
- 2 Vertel aan leerders dat julle 'n nuwe tema begin wat Diere genoem word.
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
  - a Noem van die diere wat jy ken?
  - b Noem diere wat jy in Suid Afrika sal kry?
  - c Waar woon diere?

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - renoster
  - bedrygde (spesie)
  - vee-dief

| Rympie of Liedjie              | Aksies  |
|--------------------------------|---|
| Die kat die miaau,             | <i>Maak soos 'n kat wat miaau</i>                     |
| Die hond die blaf,             | <i>Maak soos 'n hond wat blaf</i>                     |
| Die haan die kraai,            | <i>Maak soos 'n haan wat kraai</i>                    |
| Dit is een groot gekattermaai! | <i>Druk jou ore toe en swaai jou kop heen en weer</i> |



## Handskrif

15 minute

- 1 Sê aan die leerders om hulle boeke oop te maak.
- 2 Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
  - a wit
  - b wat
  - c wil
  - d wol

- e jas
- f jok
- g jag
- h jy

- 3 Sê aan die leerders om nou 'n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
- 4 Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord.
- 5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---



## Gedeelte lees:

15 minute

### Pre-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Munene se Swart Mamabas.
- 3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.



## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n dier wat jy in die bos wil sien.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:** Ek wil graag 'n .....

**DEMONSTRASIE**

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor 'n dier wat hulle graag sal wil sien in die bos
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: Ek wil graag 'n baba olifantjie sien.
- 4 **Demonstreer** hoe jy 'n prentjie van 'n baba olifant teken.
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. Trek 'n lyn vir elke woord, bv.: Ek wil 'n baba olifant in die bos sien.
- 6 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat die leerders hul eie idees moet neerskryf.

**VERBALE INSTRUKSIES**

- 1 Vra die leerders om te dink aan wilde diere wat hulle ken.
- 2 Skryf die woorde op die bord, bv.: leeu, zebra, kameelperd, seekoei, ens.
- 3 Vra aan leerders: Watter dier sal jy graag wil sien?
- 4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel Watter dier hulle graag sal wil sien.
- 6 Hulle moet sê: Ek wil graag 'n ..... sien
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!

**SKRYFWERK**

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem.
- 5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te draai en te praat met 'n maat oor hul tekeninge.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek wil 'n leeu sien.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

---

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of -aktiwiteite.



# Dinsdag



## Phoenemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Stel nuwe klanke en woorde bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: /v/
- 2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
- 3 Bespreek die klank /v/. Is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
- 4 Vir enkel klanke, wys die klanke uit aan die leerders op die alfabetkaart.
- 5 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat begin met /v/?
- 6 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **vandag, vakansie, vang, vark**

#### STEL NUWE WOORDE/KLANKE BEKEND

- 1 Sê elke woord/klank hard en duidelik terwyl jy die flitskaart wys: **van, vet, vol, vel, vyl**
- 2 Wys elke woord vir die leerders soos wat jy dit sê.
- 3 Vra die leerders om elke woord te herhaal.
- 4 Plaas die flitskaarte van die nuwe woorde/klanke op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_








## Handskrif:

15 minute

### Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne

- 1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Vv**
- 2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
- 3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
- 5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
- 6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
- 7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.



**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



## Gedeeldelees:

15 Minute

### Aanvangslees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VISUALISEER

| Teks  | Aanvangslees (Dink hardop)   |
|---|--|
| Munene sit en wag buite die deur. Vandag kom sy ma uiteindelik huis toe van haar patrolliediens af. Elke maand, bly sy in die bos vir 21 dae. Elke oggend en aand, gaan haar eenheid uit en kyk vir strikke, voetspore van mense, of ander tekens dat wildstropers in die wildreservaat kan wees, besig om renosters te jag.    | <b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Munene die pad dophou en wonder of enige iemand wat hy sien aankom, dalk sy ma kan wees.                                   |
| Selfs al mis Munene sy ma wanneer sy weg is, dink hy sy het die mees fantastiese werk in die hele wêreld. Hy was mal daarvoor om mense te vertel dat sy ma 'n lid was van die Swart Mambas.   | <b>Ek kan myself voorstel</b> Munene se groot glimlag as iemand hom vra wat se werk sy ma doen.  |
| Munene dink terug aan die dae voor sy ma gewerk het. Sy het altyd gesoek na werk in die koerant en op die internet. Sy het soms lekkers en eetgoed buite die hoërskool verkoop. Sy ma het toe altyd ongelukkig en bekommerd gelyk.  | <b>Ek kan myself voorstel</b> Munene se ma nou <b>voorstel</b> – wanneer sy terugkom van patrollie af is sy moeg, maar gelukkig.                             |
| Munene onthou die dag toe sy ma gehoor het van 'n teen-stropingseenheid wat deur vroue bestuur word. Hulle het by die kombuistafel gesit en saam ontbyt geëet toe die storie op die nuus kom. Hy onthou hoe sy ma gesê het, "Dit sal eendag ek wees! Ek gaan 'n Swart Mamba word en help om ons pragtige renosters te beskerm!" | <b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Munene en sy ma eet en luister na die radio. Ek dink sy ma het ophou eet om met aandag te luister na die storie!           |
| Soos hy sit en wag, verbeel Munene hom sy ma is 'n superhero. Hy verbeel hom sy is in haar Swart Mamba mantel en sy vlieg oor die Balule Wildreservaat teen bo-menslike spoed.  | <b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Munene met sy oë toe sit, soos hy hom verbeel sy ma is by die werk.  |
| Hy verbeel hom sy kan 'n baksteenmuur uit die lug uit laat verskyn en so onmiddellik die renosters teen enige iets beskerm.   | --   |
| Sy dagdrome eindig toe sy ma sy naam roep. Hy hardloop om haar 'n groot druk te gaan gee. "Vertel my van die renosters, asseblief?" vra Munene. "Wat het jy op patrollie gesien?"   | <b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Munene opkyk toe hy sy ma se stem hoor. Hy moet so bly wees om haar te sien, nadat hulle vir 21 dae van mekaar af weg was! |
| Sy ma se gesig verander en sy praat met 'n sagte ernstige stem, "Hierdie was 'n moeilike patrollie, seun. Ons het hierdie keer 'n renoster gevind wat se horing afgesaag is."   |  |

| Teks  | Aanvangslees (Dink hardop)   |
|---|--|
| <p>Munene probeer homself indink hoekom enige iemand 'n pragtige renosters wil seermaak, maar hy kan nie. "Hoekom doen mense dit?" vra hy kwaad.</p> <p>"Wel," sê sy ma. "ek veronderstel mense raak desperaat om geld te kry. Dan verkoop hulle onwettig renosterhorings. Sommige mense glo dat die horings jou gesond kan maak en hulle betaal baie geld daarvoor. Het jy geweet renosterhoring se samestelling is dieselfde as jou vingernaels?"</p> | --   |
| <p>"Gelukkig was die patrollie nie net hartseer nie. Ek het 'n splinternuwe baba renoster gesien!" Munene se ma haal haar foon uit en wys vir hom 'n foto.</p>  | <p><b>Ek kan myself voorstel</b> hoe Munene na die selfoonskerm staar – sy oë is wyd van verwondering!</p>   |
| <p>"En raai wat?" sê sy soos hulle deur die voordeur van hulle huis loop. "Môre kom ek saam met jou skool toe – om jou klas te leer hoe om vir renosters om te gee."</p>  | <p><b>Ek stel myself voor</b> hoe Munene op en af spring van opgewondenheid toe sy ma vir hom die nuus gee!</p>  |
| <p>Munene verbeel hom sy wonderlike, superhero ma wat voor in die klas staan, besig om sy klasmaats te leer van die Swart Mambas. Hy kan nie wag nie!</p>   | --   |
| Opvolg vrae   | Moontlike antwoorde  |
| <p>Vir wie wag Munene?</p>  | <p>Hy wag vir sy ma om huis toe te kom.</p>  |
| <p>Hoe lank was Munene se ma op patrollie?</p>  | <p>Haar patrollie was 21 dae lank.</p>   |
| Hoekom vrae   | Moontlike antwoorde  |
| <p>Hoekom het Munene buite gesit?</p>   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het gewag vir sy ma om huis toe te kom.</li> <li>• Sy was weg vir 21 dae op 'n slag en vandag was die dag waarop sy moes huis toe kom.</li> <li>• Hy was opgewonde om sy ma te sien.</li> <li>• Hy het sy ma gemis, want sy was vir so lank weg en hy was opgewonde om haar weer te sien.</li> <li>• Miskien wou hy haar vra wat sy sê op haar patrollie.</li> </ul> |



## Groep Begeidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - gemeenskap
  - kosbaar
  - goed
  - boos

| Rympie of Liedjie              | Aksies  |
|--------------------------------|---|
| Die kat die miaau,             | <i>Maak soos 'n kat wat miaau</i>                     |
| Die hond die blaf,             | <i>Maak soos 'n hond wat blaf</i>                     |
| Die haan die kraai,            | <i>Maak soos 'n haan wat kraai</i>                    |
| Dit is een groot gekattermaai! | <i>Druk jou ore toe en swaai jou kop heen en weer</i> |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:  
 In die storie...  
 Ek het geleer dat...  
 Ek dink die storie is gekryf om...
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

|           |           |          |
|-----------|-----------|----------|
| <b>ee</b> | <b>oo</b> | <b>m</b> |
| <b>r</b>  | <b>p</b>  | <b>a</b> |
| <b>d</b>  | <b>k</b>  | <b>b</b> |
| <b>t</b>  | <b>w</b>  | <b>n</b> |

### EK DOEN

- 1 Herinner die leerders aan die klanke van die week: /**ee**/ en /**oo**/
- 2 Hersien AL die klanke op die bord.
- 3 Gee die leerders 3 minute om soveel woorde as moontlik te maak met die klanke op die bord.
- 4 Verduidelik aan die leerders hoe om woorde te maak met die teiken klanke, bv: /**m**/ - /**ee**/ - /**r**/ = **meer**
- 5 Herinner die leerders dat hulle enige woorde kan maak met die klanke – hulle hoef nie net die /**ee**/ of /**oo**/ te gebruik nie.
- 6 Wys die leerders hoe om nog 'n woord te maak: /**k**/ - /**a**/ - /**n**/ = **kan**

### LEERDERS DOEN

- 1 Leerders moet hulle boeke oop maak en die opskrif skryf: **ee, oo**
- 2 Sê aan die leerders om te begin skryf.
- 3 Geen die leerders 3 minute om soveel moontlike woorde te vind en te bou.
- 4 Wys die leerders hoe om hierdie woorde en ander te bou: **meer, been, peer, dood, koor, boot, woon, kat, wat, dan**
- 5 Laat leerders toe om hulle werk te korrigeer.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_





## Gedeeldelees:

15 minute

### Na-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VISUALISEER EN BESKRYF

#### ILLUSTREER DIE STORIE

- 1 Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke uit of 'n skoon stuk papier. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê
- 2 **Verduidelik** hoe jy iets uit die teks gaan **visualiseer en teken**, soos Ek visualiseer Munene se ma as 'n held.
- 3 Teken nou 'n prentjie op die bord van Munene se ma wat met haar mantel deur die lug vlieg.
- 4 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou gaan visualiseer oor iets wat in die teks gebeur het.
- 5 Sê die leerders moet hulle oë toemaak en ontspan, lees die storie nog een keer vir hulle.
- 6 Die leerders moet nou iets teken wat hulle kon visualiseer van die storie.
- 7 Laastens kan die leerders nou na mekaar draai en bespreek wat hulle geteken het en watter afleiding hulle gemaak het.



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6**.
- 2 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

---

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
  - a Wat was ons taal tema vir die week?
  - b Watter stories het ons saam gelees?
  - c Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?
  - d Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?
  - e Waaroor het ons geskryf die week?
  - f Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?
  - g Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?
  - h Waaroor is jy die trotste die week?
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

The background of the entire page is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational subjects and tools, such as books, pencils, globes, lightbulbs, gears, and laboratory equipment. The icons are scattered across the page, creating a textured, academic atmosphere.

**Graad 1**

**TERMYN 2**

**Week**

**7**

**TEMA:**

**Sport en Speletjies**



## Vorbereiding van klaskamer

---

- 1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
- 3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: 'n paar prente oor kinders wat sport of speletjies speel
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor sporte en speletjies wat ons in SA speel.
- 6 Maak seker dat alle leerders se Boeke / DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



## Uitbreidingsaktiwiteite

---

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assessee.

**Aktiwiteit 1:** DVO Werkboek 1: Bladsy 50, Ons Lees

**Aktiwiteit 2:** DVO Werkboek 1: Bladsy 51 en 52, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DVO Werkboek 1: Bladsy 53, Ons Skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prentjie van die speletjies wat jy saam met vriende speel.

# Maandag



## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die eerste/tweede/ens. prentjie van die Grootboek storie Siphelo se held.
- 2 Vertel aan leerders dat julle 'n nuwe tema begin wat Sport en Speletjies genoem word.
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
  - a Noem 'n paar sporte en speletjies wat jy ken.
  - b Watter toerusting het jy nodig vir die verskillende sporte?
  - c Waar speel julle sport? Waar speel julle speletjies?

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - oefen
  - bewonderaar
  - toerusting
  - veld

| Rympie of Liedjie                             | Aksies                                    |
|---|---|
| Al om die baan, al om die baan,               | <i>Maak asof jy hardloop</i>              |
| Hardloop ons almal saam,                      | <i>Maak asof jy hardloop</i>              |
| Dit is 'n geswoeg en gesweet,                 | <i>Vee die "sweet" van jou voorkop af</i> |
| Maar oefening is goed, al laat dit ons swoeg! | <i>Vee die "sweet" van jou voorkop af</i> |

WEEK 7



## Handskrif

15 minute

- 1 Sê aan die leerders om hulle boeke oop te maak.
- 2 Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
  - a Meer
  - b gee
  - c keel

- d** been
- e** peer
- f** soom
- g** dood
- h** koor
- i** boot
- j** woon

- 3** Sê aan die leerders om nou 'n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
- 4** Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord.
- 5** Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---



### Gedeelte lees:

15 minute

---

#### Pre-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

- 1** Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2** Maak die Grootboek oop by die storie: Siphelo se held.
- 3** Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4** Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5** Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6** Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.



### Skryfwerk:

30 minute

---

#### Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n sport of speletjie waarvan jy hou.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:** Ek wil graag ..... speel

**DEMONSTRASIE**

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor 'n sport of speletjie waarvan hulle hou.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
- 3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: Ek hou daarvan om wegkruipertjie te speel met die kinders in my straat.
- 4 **Demonstreer** hoe jy 'n prentjie van Ek kruip weg teken.
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. Trek 'n lyn vir elke woord, bv.: Ek hou daarvan om wegkruipertjie te speel.
- 6 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat die leerders hul eie idees moet neerskryf.

**VERBALE INSTRUKSIES**

- 1 Vra die leerders om te dink aan verskillende sporte en speletjies.
- 2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: sokker, rugby, aan-aan, netbal, ens.
- 3 Vra aan leerders: Watter sport of speletjie speel jy graag?
- 4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel oor watter sport of speletjie hulle van hou om te speel.
- 6 Hulle moet sê: Ek hou van .....
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!


**SKRYFWERK**

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem.
- 5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te draai en te praat met 'n maat oor hul tekeninge.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek hou daarvan om sokker te speel.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

---

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of -aktiwiteite.



# Dinsdag



## Phoenemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Stel nuwe klanke en woorde bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: **/ie/**
- 2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
- 3 Bespreek die klank **/ie/**. Is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
- 4 Vir enkel klanke, wys die klanke uit aan die leerders op die alfabetkaart.
- 5 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat begin met **/ie/**?
- 6 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **sien, tien, brief**

#### STEL NUWE WOORDE/KLANKE BEKEND

- 1 Sê elke woord/klank hard en duidelik terwyl jy die flitskaart wys: **sien, tier, dier, vier, bier**
- 2 Wys elke woord vir die leerders soos wat jy dit sê.
- 3 Vra die leerders om elke woord te herhaal.
- 4 Plaas die flitskaarte van die nuwe woorde/klanke op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_




## Handskrif:


15 minute


### Skryf nuwer letter(s) / woorde / sinne

- 1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **ie**
- 2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
- 3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
- 5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
- 6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.

7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

 ie ie ie ie

 sien sien

 tier tier

 dier dier

 vier vier

 bier bier

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



## Gedeeldelees:

15 Minute

### Aanvangslees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: MAAK AFLEIDINGS

| Teks   | Aanvangslees (Dink hardop)   |
|--|--|
| Dit was uiteindelik die dag van die groot parade. Siphelo het vir dae gewag. Hy het op televisie gesien hoe 'n groot skare die Springbokke terug verwelkom het in Johannesburg. Hy het op die televisie gesien hoe die skares die strate van Pretoria, Durban en Oos-Londen volgestaan het om hulle helde toe te juig. "Wanneer gaan ons vir hulle kyk?" het hy sy broer Mpilo gevra. Vandag is uiteindelik die dag! | <b>Ek kan aflei</b> dat Siphelo 'n rugbyondersteuner is, want hy het na so baie Springbokparades op televisie gekyk.   |
| Siphelo was opgewonde om enige Springbokke te sien, maar hy was veral opgewonde om vir Siya Kolisi te sien. "Het jy geweet hy het in Zwide grootgeword, net soos ons!" het sy broer gesê toe die Springbokke vir Engeland in die eindstryd gewen het.  | O! <b>Ek kan aflei</b> dat Siphelo en Mpilo die eindstryd van die rugby wêreldbeker gekyk het. Ek kan <b>aflei</b> dat hulle beide rugbyentoesiaste is.      |
| Siphelo en sy ouer broer vertrek vroeg die Sondagoggend om seker te maak dat hulle 'n goeie plek op die roete kry. Hulle gaan sit by Jamelastraat, naby die hoërskool.<br>"Ek het op die internet na die roete gekyk!" sê Mpilo, "Hulle gaan net mooi hier verby!"   | <b>Ek kan aflei</b> dat beide Siphelo en Mpilo groot entoesiaste is, want hulle vertrek reeds vroeg van hulle huis om goeie sitplekke vir die parade te kry! |
| Hulle wag en wag en wag terwyl die straat stadig vol mense raak wat graag die nuwe wêreldkampioene wil sien.<br>"Asseblief, asseblief laat ek vir Siya sien!" dink en bid Siphelo hardop.  | --   |
| Hulle hoor 'n gejuig en 'n gesing nog voor hulle die Springbokbus sien. Toe, ewe skielik is hy daar: Siya Kolisi. Hy loop in die middel van die straat en waai vir die toeskouers. Siphelo se hart begin vinnig klop.<br>"My held! Die eerste swart Springbokkaptein," dink hy opgewonde.  | <b>O! Ek kan aflei</b> dat Siphelo 'n groot bewonderaar is, want hy raak so opgewonde dat sy hart vinniger klop wanneer hy uiteindelik vir Siya sien.        |
| Voor hy by Siphelo kom, gee een van Siya se spanmaats vir hom die Webb Ellis Beker. Hy hou die trofee hoog bo sy kop. Siphelo se hart sak in sy skoene. "Ek het my kans gemis, Hy het my nie eens gesien nie!" dink hy.  | <b>Ek kan aflei</b> dat Siphelo meer omgee dat Siya vir hom waai as wat hy omgee om die trofee te sien.  |

| Teks  | Aanvangslees (Dink hardop)  |
|---|---|
| <p>Net soos hy wil omdraai om huis toe te loop hoor hy hoe die skare rondom hom skree. Toe hy weer in die straat af kyk, sien hy hoe Siya weer in die straat afhardloop, besig om mense se hande te skud. "Asseblief, asseblief laat Siya my hand skud!" dink en bid Siphelo.</p>   | --  |
| <p>Hy maak sy oë toe en hou sy hand uit ...</p>   | --  |
| <p>"Hallo klein boetie," hoor Siphelo 'n stem sê. Toe hy sy oë oopmaak staan Siya en kyk na hom. Siphelo is so oorbluf, hy kan amper nie praat nie.</p> <p>Na 'n kort rukkie sê hy, "Jy is my held. Ek wil eendag 'n rugbykaptein word, net soos jy!" sê hy.</p> <p>"Werk hard en oefen elke dag," sê Siya vir hom. Toe, skud hy sy hand.</p> | --  |
| <p>Na die parade hou Siphelo sy arm in die lug op. "Siya het my hand geskud! Ek gaan dit nooit weer was nie!" skree hy opgewonde.</p> <p>"Wat daarvan as jy na die badkamer moet gaan?" spot Mpilo.</p> <p>"Selfs dan! Ek gee nie om vir kieme nie!" lag Siphelo.</p>   | <p><b>Ek lei af</b> dat Siphelo 'n groot bewonderaar is van Siya Kolisi, want hy wil nie eens hê dat water moet raak aan die hand wat Siya geskud het nie!</p>  |
| Opvolg vrae   | Moontlike antwoorde   |
| <p>Op watter dag was die parade?</p>  | <p>Die parade was op 'n Sondag.</p>   |
| <p>Wat se raad het Siya Kolisi vir Siphelo gegee?</p>   | <p>Hy het vir hom gesê hy moet hard werk en elke dag oefen.</p>   |
| Hoekom vrae   | Moontlike antwoorde   |
| <p>Hoe kan ons aflei dat Siphelo 'n groot rugby bewonderaar is?</p>   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Omdat hy die wêreldkampioenskappe op die televisie gekyk het.</li> <li>• Omdat hy na al die parades op die televisie gekyk het.</li> <li>• Omdat hy en Mpilo reeds vroeg gegaan het om goeie sitplekke vir die parade te kry.</li> <li>• Omdat hy gehoop en bid het dat Siya hom sal sien, of vir hom waai of sy hand sal skud.</li> <li>• Omdat hy nie sy hand wil was nadat Siya Kolisi daaraan geraak het nie.</li> </ul> |



## Groep Begeidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - trofee
  - kampioen
  - kampioenskap

| Rympie of Liedjie                             | Aksies                                    |
|---|---|
| Al om die baan, al om die baan,               | <i>Maak asof jy hardloop</i>              |
| Hardloop ons almal saam,                      | <i>Maak asof jy hardloop</i>              |
| Dit is 'n geswoeg en gesweet,                 | <i>Vee die "sweet" van jou voorkop af</i> |
| Maar oefening is goed, al laat dit ons swoeg! | <i>Vee die "sweet" van jou voorkop af</i> |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 1 VAN DIE TEMA)

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
- 5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



**Phonemiese Bewustheid en Klanke:**

15 minute

**Stel nuwe klanke en woorde bekend****STEL KLANK BEKEND**

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: **/ui/**
- 2 Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
- 3 Bespreek die klank **/ui/**. Is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
- 4 Vir enkel klanke, wys die klanke uit aan die leerders op die alfabetkaart.
- 5 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat begin met **/ui/**?
- 6 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **bruid, bruin, tuin**

**STEL NUWE WOORDE/KLANKE BEKEND**

- 1 Sê elke woord/klank hard en duidelik terwyl jy die flitskaart wys: **lui, huis, ruit, muis**
- 2 Wys elke woord vir die leerders soos wat jy dit sê.
- 3 Vra die leerders om elke woord te herhaal.
- 4 Plaas die flitskaarte van die nuwe woorde/klanke op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

**Handskrif:**

15 minute

**Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne**

- 1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **ui**
- 2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
- 3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
- 5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
- 6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
- 7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

 ui ui ui ui

 lui lui

 huis huis

 ruit ruit

 muis muis

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



**Skryfwerk:**

30 minute

**Beplan en berei voor**

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n sportman/vrou wat jy bewonder.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en sit 'n byskrif by

**SKRYFRAAMWERK:** Ek bewonder...



**DEMONSTRASIE**

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan skryf oor 'n sportman/vrou wat hulle bewonder. Dit kan iemand bekend wees of iemand wat hulle persoonlik ken.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
- 3 Demonstreer hoe jy 'n prentjie gaan teken van: Ek bewonder my suster, want sy kan vinnig hardloop.
- 4 Demonstreer hoe jy 'n prentjie gaan teken van: My suster wat hardloop.
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Ek bewonder my suster.
- 6 Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

**VERBALE INSTRUKSIES**

- 1 Hou 'n dinkskrum oor bekende sportsterre en spanne met die leerders.
- 2 Skryf die woorde op die bord, bv: Siya Kolisi, Caster Semenya, die Sprinkbokke, Bafana Bafana.
- 3 Vra aan leerders Wie is die sportman/vrou wat jy bewonder?
- 4 Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel wie die sporman/vrou is wat hulle bewonder.
- 6 Hulle moet sê: Ek bewonder vir ....., omdat.....
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!


**SKRYFWERK**

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem (tag)
- 5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te **draai en te praat** met 'n maat oor hul tekeninge.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



## Ek bewonder Thembinkasi Lorch



### Groep Begeleideles


30 minute

---

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7** het.
- 2 Verduidelik Woensdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik Woensdag Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Segmentasie en vermenging

#### EK DOEN...

- 1 Begin met 'n woord van Dinsdag se les.
- 2 Sê die woord: **sien**
- 3 Segementeer die woord in klanke: /s/-/ie/-/n/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /s/
- 5 Sê die middelklank van die woord: /ie/
- 6 Sê die eindklank van die woord: /n/
- 7 Skryd die woord op die bord: **sien**
- 8 Demonstreer hoe om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /s/-/ie/-/n/ = **sien**
- 9 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **huis**

#### ONS DOEN...


- 1 Begin met 'n woord van Dinsdag se les.
- 2 Sê die woord: **tier**
- 3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank van die woord? /t/
- 4 Vra die leerders: Wat is die middelklank van die woord? /ie/
- 5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank van die die woord? /r/
- 6 Vra die leerders om die woord in klanke te segmenteer. /t/-/ie/-/r/
- 7 Skryd die woord op die bord: **tier**
- 8 Sê die leerders om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /t/-/ie/-/r/ = **tier**
- 9 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **huis**

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_



## Gedeeldeles:

15 minute

### Herhaalde lees

#### LEESSTRATEGIEË: MAAK AFLEIDINGS

| Teks   | Herhaalde lees (Dink hardop)   |
|--|--|
| Dit was uiteindelik die dag van die groot parade. Siphelo het vir dae gewag. Hy het op televisie gesien hoe 'n groot skare die Springbokke terug verwelkom het in Johannesburg. Hy het op die televisie gesien hoe die skares die strate van Pretoria, Durban en Oos-Londen volgestaan het om hulle helde toe te juig. "Wanneer gaan ons vir hulle kyk?" het hy sy broer Mpilo gevra. Vandag is uiteindelik die dag! | --   |
| Siphelo was opgewonde om enige Springbokke te sien, maar hy was veral opgewonde om vir Siya Kolisi te sien. "Het jy geweet hy het in Zwede grootgeword, net soos ons!" het sy broer gesê toe die Springbokke vir Engeland in die eindstryd gewen het.  | O! Ek kan <b>aflei</b> dat Siphelo opgewonde is om Siya Kolisi te sien, want hulle het dieselfde agtergrond. Hulle het beide in Zwede grootgeword.                             |
| Siphelo en sy ouer broer vertrek vroeg die Sondagoggend om seker te maak dat hulle 'n goeie plek op die roete kry. Hulle gaan sit by Jamelastraat, naby die hoërskool.<br>"Ek het op die internet na die roete gekyk!" sê Mpilo, "Hulle gaan net mooi hier verby!"   | <b>Ek lei af</b> dat Jamelastraat 'n straat in Zwede is. Ek dink die Springbokparade gaan deur Zwede, want dit is Siya Kolisi se tuisdorp.                                     |
| Hulle wag en wag en wag terwyl die straat stadig vol mense raak wat graag die nuwe wêreldkampioene wil sien.<br>"Asseblief, asseblief laat ek vir Siya sien!" dink en bid Siphelo hardop.  | <b>Ek lei af</b> dat Siphelo baie meer opgewonde is om Siya Kolisi te sien as die ander rugbyspelers, want hy dink net aan Siya!   |
| Hulle hoor 'n gejuig en 'n gesing nog voor hulle die Springbokbus sien. Toe, ewe skielik is hy daar: Siya Kolisi. Hy loop in die middel van die straat en waai vir die toeskouers. Siphelo se hart begin vinnig klop.<br>"My held! Die eerste swart Springbokkaptein," dink hy opgewonde.  | O! Ek kan <b>aflei</b> dat een van die redes hoekom Siphelo so mal oor Siya Kolisi is, is omdat hy vir hom 'n rolmodel is. Hy is die eerste swart kaptein van die Springbokke! |
| Voor hy by Siphelo kom, gee een van Siya se spanmaats vir hom die Webb Ellis Beker. Hy hou die trofeë hoog bo sy kop. Siphelo se hart sak in sy skoene. "Ek het my kans gemis, Hy het my nie eens gesien nie!" dink hy.  | --   |

| Teks   | Herhaalde lees (Dink hardop)  |
|--|---|
| Net soos hy wil omdraai om huis toe te loop hoor hy hoe die skare rondom hom skree. Toe hy weer in die straat af kyk, sien hy hoe Siya weer in die straat afhardloop, besig om mense se hande te skud. "Asseblief, asseblief laat Siya my hand skud!" dink en bid Siphelo.   | --  |
| Hy maak sy oë toe en hou sy hand uit ...   | --  |
| "Hallo klein boetie," hoor Siphelo 'n stem sê. Toe hy sy oë oopmaak staan Siya en kyk na hom. Siphelo is so oorbluf, hy kan amper nie praat nie.<br>Na 'n kort rukkie sê hy, "Jy is my held. Ek wil eendag 'n rugbykaptein word, net soos jy!" sê hy.<br>"Werk hard en oefen elke dag," sê Siya vir hom. Toe, skud hy sy hand. | Ek kan <b>aflei</b> dat Siphelo baie lief is om rugby te speel. Hy wil eendag vir die Springbokke speel, net soos Siya. Ek <b>wonder</b> of Siya hom inspireer het om rugby te speel.   |
| Na die parade hou Siphelo sy arm in die lug op. "Siya het my hand geskud! Ek gaan dit nooit weer was nie!" skree hy opgewonde.<br>"Wat daarvan as jy na die badkamer moet gaan?" spot Mpilo.<br>"Selfs dan! Ek gee nie om vir kieme nie!" lag Siphelo.   | --  |
| <b>Opvolg vrae</b>   | <b>Moontlike antwoorde</b>  |
| Waar speel die storie af?  | Dit speel af in Zwede.  |
| Hoe kan ons aflei dat Siphelo rugby speel?   | Omdat hy vir Siya vertel dat hy 'n rugbykaptein wil word, net soos hy. Jy moet rugby speel om 'n kaptein te kan word.   |
| <b>Hoekom vrae</b>   | <b>Moontlike antwoorde</b>  |
| Hoekom is Siya Kolisi Siphelo se held?   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Omdat hulle op dieselfde plek groot geword het.</li> <li>• Omdat Siya die eerste swart Springbokkaptein is.</li> <li>• Omdat Siphelo lief is om rugby te speel en eendag vir die Springbokke wil speel.</li> </ul> |



## Groep Begeidelees

---

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n Lees Oorgangsaktiwiteit.
- 6 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - bewonder
  - held
  - kaptein
  - oefen

| Rympie of Liedjie                             | Aksies                                    |
|---|---|
| Al om die baan, al om die baan,               | <i>Maak asof jy hardloop</i>              |
| Hardloop ons almal saam,                      | <i>Maak asof jy hardloop</i>              |
| Dit is 'n geswoeg en gesweet,                 | <i>Vee die "sweet" van jou voorkop af</i> |
| Maar oefening is goed, al laat dit ons swoeg! | <i>Vee die "sweet" van jou voorkop af</i> |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:  
 In die storie...  
 Ek het daarvan gehou toe .....  
 Ek lei af dat Siphelo vir Siya Kolisi bewonder, want .....
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

|           |           |          |
|-----------|-----------|----------|
| <b>ie</b> | <b>ui</b> | <b>s</b> |
| <b>m</b>  | <b>n</b>  | <b>t</b> |
| <b>d</b>  | <b>r</b>  | <b>h</b> |
| <b>a</b>  | <b>e</b>  | <b>l</b> |

### EK DOEN

- 1 Herinner die leerders aan die klanke van die week: **/ie/** en **/ui/**
- 2 Hersien AL die klanke op die bord.
- 3 Gee die leerders 3 minute om soveel woorde as moontlik te maak met die klanke op die bord.
- 4 Verduidelik aan die leerders hoe om woorde te maak met die teiken klanke, bv: **/s/ - /ie/ - /n/ = sien**
- 5 Herinner die leerders dat hulle enige woorde kan maak met die klanke – hulle hoef nie net die **/ie/ of /ui/** te gebruik nie.
- 6 Wys die leerders hoe om nog 'n woord te maak: **/m/ - /a/ - /t/ = mat**

### LEERDERS DOEN

- 1 Leerders moet hulle boeke oop maak en die opskrif skryf: **ie, ui**
- 2 Sê aan die leerders om te begin skryf.
- 3 Geen die leerders 3 minute om soveel moontlike woorde te vind en te bou.
- 4 Wys die leerders hoe om hierdie woorde en ander te bou: **sien, tier, dier, lui, huis, ruit, muis, mat, hen, dam**
- 5 Laat leerders toe om hulle werk te korrigeer.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_





## Gedeeldelees:

15 minute

### Na-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: OPSOMMING

#### MONDELINGE WEERGAWE VAN DIE STORIE

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan praat oor iets waarvan hulle gehou het in die storie: **Siphelo ontmoet sy held.**
- 2 Leer hulle hoe om 'n storie van 1–2 sinne te vertel oor **iets waarvan hulle gehou het** in die storie. Bv: **Ek het gehou** daarvan dat Siphelo nie sy hand wou was aan die einde van die storie nie, dit was nogal snaaks.
- 3 Wys vir die leerders die prente in die Groot Boek en gee hulle opdrag om na die prente te kyk en te dink oor wat gebeur het.
- 4 Gee hulle opdrag om te dink waarvan hulle **gehou** het in die storie en **hoekom**.
- 5 Vra die leerders om hulle idees met die klas te deel en verleen hulp waar nodig.
- 6 Verduidelik en korrigeer algemene taal of spraak probleme.
- 7 Gee nou die opdrag om te *Draai en Praat* en sodoende hulle eie weergawe met 'n maatjie te deel.



## Groep Begeleidelees

30 minute

#### GROEPE: \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7**.
- 2 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

---

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om te ‘Draai en Praat’ en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
  - a Wat was ons taal tema vir die week?
  - b Watter stories het ons saam gelees?
  - c Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?
  - d Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?
  - e Waaroor het ons geskryf die week?
  - f Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?
  - g Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?
  - h Waaroor is jy die trotste die week?
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

The background of the entire page is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational subjects and tools, including books, pencils, globes, lightbulbs, gears, and laboratory equipment. The icons are scattered across the page, creating a textured, academic atmosphere.

**Graad 1**

**TERMYN 2**

**Week**

**8**

**TEMA:**

**Sport en Speletjies**



## Vorbereiding van klaskamer

---

- 1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
- 3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: bring speletjies van die huis af wat die leerders kan speel
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor verskillende speletjies wat die kinders oor die wêreld speel.
- 6 Maak seker dat alle leerders se Boeke / DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



## Uitbreidingsaktiwiteite

---

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DVO Werkboek 1: Badsy 54, Ons Lees

**Aktiwiteit 2:** DVO Werkboek 1: Bladsy 55 en 56, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DVO Werkboek 1: Bladsy 57, Ons Skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prentjie van die sport wat jy graag in die Hoërskool wil speel.

# Maandag



## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die eerste/tweede/ens. prentjie van die Grootboek storie Kom ons speel Bhathi.
- 2 Vertel aan leerders dat julle die tema voortsit wat Sport en Speletjies genoem word.
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
  - a Watter nuwe sporte en speletjies het jy van geleer?
  - b Wat is die verskil tussen 'n sport en 'n speletjie?
  - c Hoekom kyk mense sport op TV?
  - d Hoekom dink jy speel mense sport en speletjies?

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - koes
  - reël
  - optel
  - blikkies

| Rympie of Liedjie                             | Aksies                                    |
|---|---|
| Al om die baan, al om die baan,               | <i>Maak asof jy hardloop</i>              |
| Hardloop ons almal saam,                      | <i>Maak asof jy hardloop</i>              |
| Dit is 'n geswoeg en gesweet,                 | <i>Vee die "sweet" van jou voorkop af</i> |
| Maar oefening is goed, al laat dit ons swoeg! | <i>Vee die "sweet" van jou voorkop af</i> |



## Handskrif

15 minute

- 1 Sê aan die leerders om hulle boeke oop te maak.
- 2 Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
  - a sien
  - b tier

- c dier
- d vier
- e bier
- f lui
- g huis
- h ruit
- i muis

- 3 Sê aan die leerders om nou 'n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
- 4 Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord.
- 5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---



### Gedeelte lees:

15 minute

---

#### Pre-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Kom ons speel Bhathi.
- 3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.



### Skryfwerk:

30 minute

---

#### Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n reël van 'n sport of 'n speletjie wat jy van hou om te speel.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:** In die speletjie moet jy...

**DEMONSTRASIE**

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag gaan skryf oor 'n reël van 'n sport of 'n speletjie wat hulle van hou om te speel.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: As ons wegkruipertjie speel, mag die een wat sy oë toe hou, nie kul en loer waar die ander heen hardloop nie.
- 4 **Demonstreer** hoe jy 'n prentjie van iemand wat sy oë toe hou en tel teken.
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. Trek 'n lyn vir elke woord, bv.: Ek hou my oë toe en tel tot 10.
- 6 Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat die leerders hul eie idees moet neerskryf.

**VERBALE INSTRUKSIES**

- 1 Vra die leerders om te dink aan algemene reëls in speletjies.
- 2 Skryf die woorde op die swartbord, bv.: In sokker mag jy net jou voete gebruik, in Bhathi moet jy die toring om gooi, ens.
- 3 Vra aan leerders: Wat is jou gunsteling sport of speletjie en noem 1 belangrike reël van die sport of speletjie
- 4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel wat hulle gunsteling sport of speletjie is en hulle moet 1 belangrike reël van die sport of speletjie noem.
- 6 Hulle moet sê: My gunsteling speletjie is... en jy moet ...
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!


**SKRYFWERK**

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem.
- 5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te draai en te praat met 'n maat oor hul tekening.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



As jy sokker speel mag jy nie  
jou hande gebruik nie.



### Groepbegeleide Lees

30 minute

---

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of -aktiwiteite.



# Dinsdag



## Phoenemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Stel nuwe klanke en woorde bekend

#### STEL NUWE KLANK BEKEND

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: /f/
- 2 Sê die klank en gee instruksies aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
- 3 Bespreek die klank /f/. Is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
- 4 Vir enkel klanke, wys die klanke uit aan die leerders op die alfabetkaart.
- 5 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat begin met /f/?
- 6 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **fiets, familie, flied**

#### STEL NUWE WOORDE/KLANKE BEKEND

- 1 Sê elke woord/klank hard en duidelik terwyl jy die flitskaart wys: **fiets, fees, foto, fee, foon**
- 2 Wys elke woord vir die leerders soos wat jy dit sê.
- 3 Vra die leerders om elke woord te herhaal.
- 4 Plaas die flitskaarte van die nuwe woorde/klanke op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_









## Handskrif:

15 minute

### Skryf nuwer letter(s) / woorde / sinne

- 1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **Ff**
- 2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
- 3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
- 5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
- 6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.

7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.



**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



## Gedeeldelees:

15 Minute

### Aanvangslees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: EK WONDER / MAAK AFLEIDINGS

| Teks   | Aanvangslees (Dink hardop)   |
|--|--|
| <p>Chinedu het by sy tannie in Soweto gekuier vir Kersfees. Bulelwa het by haar ouma gekuier. Xihlala het by sy nefies gekuier. Die drie van hulle het sommer gou vriende geword.</p> <p>“Ek is verveeld,” sê Bulelwa, “kom ons speel Toti.”</p> <p>“Ek ken nie die speletjie nie,” sê Chinedu, “kom ons speel eerder Bhathi.”</p> <p>“Wat van Chicago? Dit is ’n lekker speletjie!” sê Xihlala.</p> <p>“Chicago? Dit klink meer na ’n stad – nie na ’n speletjie nie!” Bulelwa rol haar oë.</p> <p>Hulle sit en stry oor watter speletjie hulle moet speel. Heen en weer, heen en weer stry hulle oor watter speletjie die beste gaan wees.</p> | <p>Ek <b>wonder</b> op watter speletjie hulle gaan besluit?</p>  |
| <p>“Nou goed dan!” Bulelwa gee moed op, “ons kan seker Bhathi speel as dit so lekker is. Hoe speel mens dit?”</p> <p>Chinedu staan op. “Nou goed, as ons Bhathi gaan speel het ons blikkies en ’n bal nodig.”</p> <p>“Dit klink net soos Chicago!” sê Xihlala.</p> <p>“Jy het ook blikkies en ’n bal nodig om Toti te speel,” sê Bulelwa.</p>  | <p>Ek kan <b>aflei</b> dat vir al drie speletjies (Bhathi, Chicago en Toti) het jy blikkies en ’n bal nodig.</p>   |
| <p>“Eerste moet ons twee spanne maak. Een span is aan en die ander span doen die veldwerk. Die span wat aan is moet hardloop en probeer om hulle blikkies opmekaar in ’n hoë toring te stapel,” Chinedu praat verder. “Dan moet hulle hardloop na hulle den toe!”</p> <p>“Dit klink net soos Toti!” herhaal Bulelwa.</p> <p>“Daar is dieselfde reël in Chicago ook,” herhaal Xihlala.</p> <p>“Regtig?” vra Chinedu, “Dit is vreemd!”</p>   | <p>Dit lyk of daar dieselfde reëls vir al drie die speletjies is. Ek <b>wonder</b> hoe die speletjies verskil?</p> |

| Teks  | Aanvangslees (Dink hardop)   |
|---|--|
| <p>Chinedu verduidelik verder. “Die span wat veldwerk doen se werk is om die ander span se spelers met ’n bal te gooi. Die ander spelers moet probeer wegstuur en sorg dat hulle nie raakgegooi word nie! As hulle raakgegooi word, moet hulle gaan sit.”</p> <p>“Dit klink net soos Toti!” sê Bulelwa, sy lyk verward.</p> <p>“Daar is dieselfde reël in Chicago ook,” sê Xihlala.</p> <p>“Regtig?” vra Chinedu, “Dit is vreemd!”</p>  | <p>Hoe meer hulle oor die reëls praat, hoe meer sien hulle die speletjies stem baie ooreen. Ek <b>lei af</b> hulle voel almal baie deurmekaar!</p>                   |
| <p>“Nou goed dan, die span wat veldwerk doen moet die bal vir die span in die den gee. Elke lid van die span het drie kanses om die bal te gooi en te probeer om die toring van blikkies om te gooi.” Verduidelik Chinedu.</p> <p>“Dit klink net soos Toti,” sê Bulelwa. “As die span die toring omgooi, kry hulle ’n punt en nog ’n kans om te speel?”</p> <p>“Ja!” sê Chinedu, hy lyk verward. “Hoe weet jy dit?”</p> <p>“Die speletjie is net soos Toti! Dit moet dieselfde speletjie wees!” lag Bulelwa.</p> <p>“Dit is ook net soos Chicago!” sê Xihlala. “Is dit ook so dat as niemand van die span die toring kan omgooi nie, dan kry die span wat veldwerk doen ’n beurt om te speel?”</p> <p>“Ja!” sê Chinedu. “Dit is net soos Bhathi!”</p> | <p>Ek kan aflei dat hulle almal mal is oor dieselfde speletjie – die speletjie het net verskillende name in verskillende plekke! Dit moes hulle baie verwar het!</p> |
| <p>“Nou goed, kom ons gaan soek blikkies!” sê Bulelwa. Hulle gaan van huis tot huis en vra die bure vir blikkies.</p>   | <p>--</p>  |
| <p>Toe hulle by die laaste huis in die straat kom, vra Chinedu, “Kan ons asseblief blikkies kry om Bhathi te speel?”</p> <p>Die vrou vra hulle om te wag. Sy kom terug met ’n hele sak vol blikkies.</p> <p>“Het julle geweet dat sommige mense die speletjie Chicago noem?” lag sy, “en ander mense noem dit Toti! Verbeel jou dit!”</p>   | <p>Die vrou weet dat die speletjie verskillende name het! Ek kan <b>aflei</b> dat die kinders in die storie dit nou eers geleer het!</p>                             |
| <p>Uiteindelik het hulle genoeg blikkies. Chinedu, Bulelwa en Xihlala kyk na mekaar en glimlag, “Kom ons speel Bhathi-Chicago-Toti” sê Xihlala laggend.</p>   | <p>Hulle was vir so lank verward! Ek <b>lei af</b> dat hulle die naam verander het, sodat ander mense sal weet die speletjie het ’n klomp verskillende name!</p>     |

| Opvolg vrae  | Moontlike antwoorde  |
|--|--|
| Waar speel die storie af!                            | In Soweto, gedurende die Kersvakansie.   |
| Wat is die drie verskillende name vir die speletjie? | Bhathi, Toti, Chicago  |
| Hoekom vrae  | Moontlike antwoorde  |
| Hoekom was die karakters in die storie verward?      | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Omdat hulle gedink het hulle praat van verskillende speletjies, maar eintlik het hulle almal oor dieselfde speletjie gepraat!</li> <li>• Omdat hulle gedink het hulle praat van verskillende speletjies, maar toe is al die reëls van die speletjie dieselfde!</li> <li>• Omdat hulle nie geweet het hulle gunsteling speletjie kan dieselfde naam hê nie.</li> </ul> |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - stapel
  - toring
  - om gooi

| Rympie of Liedjie                             | Aksies                                    |
|---|---|
| Al om die baan, al om die baan,               | <i>Maak asof jy hardloop</i>              |
| Hardloop ons almal saam,                      | <i>Maak asof jy hardloop</i>              |
| Dit is 'n geswoeg en gesweet,                 | <i>Vee die "sweet" van jou voorkop af</i> |
| Maar oefening is goed, al laat dit ons swoeg! | <i>Vee die "sweet" van jou voorkop af</i> |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 2 VAN DIE TEMA)

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
- 5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



**Phonemiese Bewustheid en Klanke:**

15 minute

**Stel nuwe klanke en woorde bekend****STEL KLANK BEKEND**

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart sodat die leerders dit kan sien: /aa/
- 2 Sê die klank en gee instruksie aan die leerders om die klank 3 x te herhaal.
- 3 Bespreek die klank /aa/. Is die klank dieselfde of verskillend in huistaal as Engels.
- 4 Vir enkel klanke, wys die klanke uit aan die leerders op die alfabetkaart.
- 5 Vra aan die leerders: Kan jy dink aan 'n woord wat begin met /aa/?
- 6 Hou 'n dinkskrum met die leerders, bv.: **haas, aan, Afrikaans**

**STEL NUWE WOORDE/KLANKE BEKEND**

- 1 Sê elke woord/klank hard en duidelik terwyl jy die flitskaart wys: **kaas, raak, maat, waar, haan**
- 2 Wys elke woord vir die leerders soos wat jy dit sê.
- 3 Vra die leerders om elke woord te herhaal.
- 4 Plaas die flitskaarte van die nuwe woorde/klanke op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_


Woorde: \_\_\_\_\_

**Handskrif:**

15 minute


**Skryf nuwe letter(s) / woorde / sinne**


- 1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **aa**
- 2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
- 3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vingers.
- 4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
- 5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
- 6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
- 7 Leerders moet nou die teiken klank in enige woord / sin onderstreep.

 a a da a a da

 kaas kaas

 raak raak

 maat maat

 waar waar

 haan haan

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_





## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Teken 'n prentjie oor 'n sport of speletjie wat jy sal wil leer.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en sit 'n byskrif by

**SKRYFRAAMWERK:** Ek wil leer ..... speel.

### DEMONSTRASIE

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan skryf oor 'n sport of speletjie wat hulle nie ken nie, maar graag wil leer.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
- 3 Demonstreer hoe jy 'n prentjie gaan teken van: Ek sal graag wil leer krieket speel.
- 4 Demonstreer hoe jy 'n prentjie gaan teken van: **Jouself wat 'n kolf vashou.**
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord, bv.: Ek wil leer om krieket te speel.**
- 6 Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

### VERBALE INSTRUKSIES

- 1 Hou 'n dinkskrum oor woorde van 'n nuwe sport of 'n speletjie met die leerders.
- 2 Skryf die woorde op die swartbord, bv: hokkie, swem, gimnastiek, ens.
- 3 Vra aan leerders Watter sport of speletjie sal jy graag wil leer?
- 4 Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel van 'n sport of speletjie wat hulle graag wil leer?
- 6 Hulle moet sê: Ek wil leer om ..... te speel.
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!

### SKRYFWERK


- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem (tag)
- 5 Moedig leerders aan.

### DRAAI EN PRAAT

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.

2 Gee die leerders instruksie om om te **draai en te praat** met 'n maat oor hul tekening.

Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.



Ek wil leer om te swem.



## Groep Begeleideles

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
- 2 Verduidelik Woensdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik Woensdag **Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Segmentasie en vermenging

#### EK DOEN...

- 1 Begin met 'n woord van Dinsdag se les.
- 2 Sê die woord: **foon**
- 3 Segementeer die woord in klanke: /f/-/oo/-/n/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /f/
- 5 Sê die middelklank van die woord: /oo/
- 6 Sê die eindklank van die woord: /n/
- 7 Skryd die woord op die bord: **foon**
- 8 Demonstreer hoe om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /f/-/oo/-/n/ = **foon**
- 9 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **maat**

#### ONS DOEN...

- 1 Begin met 'n woord van Dinsdag se les.
- 2 Sê die woord: **fees**
- 3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank van die woord? /f/
- 4 Vra die leerders: Wat is die middelklank van die woord? /ee/
- 5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank van die die woord? /s/
- 6 Vra die leerders om die woord in klanke te segmenteer. /f/-/ee/-/s/
- 7 Skryd die woord op die bord: **fees**
- 8 Sê die leerders om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /f/-/ee/-/s/ = **fees**
- 9 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **haan**

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_



## Gedeeldeles:

15 minute

### Herhaalde lees

#### LEESSTRATEGIEË: MAAK AFLEIDINGS

| Teks   | Herhaalde lees (Dink hardop)   |
|--|--|
| <p>Chinedu het by sy tannie in Soweto gekuier vir Kersfees. Bulelwa het by haar ouma gekuier. Xihlala het by sy nefies gekuier. Die drie van hulle het sommer gou vriende geword.</p> <p>“Ek is verveeld,” sê Bulelwa, “kom ons speel Toti.”</p> <p>“Ek ken nie die speletjie nie,” sê Chinedu, “kom ons speel eerder Bhathi.”</p> <p>“Wat van Chicago? Dit is ’n lekker speletjie!” sê Xihlala.</p> <p>“Chicago? Dit klink meer na ’n stad – nie na ’n speletjie nie!” Bulelwa rol haar oë.</p> <p>Hulle sit en stry oor watter speletjie hulle moet speel. Heen en weer, heen en weer stry hulle oor watter speletjie die beste gaan wees.</p> | <p>Ek onthou dat al die karakters in die storie het verskillende name vir dieselfde speletjie! Al die karakters kom van verskillende plekke.</p> |
| <p>“Nou goed dan!” Bulelwa gee moed op, “ons kan seker Bhathi speel as dit so lekker is. Hoe speel mens dit?”</p> <p>Chinedu staan op. “Nou goed, as ons Bhathi gaan speel het ons blikkies en ’n bal nodig.”</p> <p>“Dit klink net soos Chicago!” sê Xihlala.</p> <p>“Jy het ook blikkies en ’n bal nodig om Toti te speel,” sê Bulelwa.</p>  | <p>Ek kan <b>aflei</b> dat in verskillende plekke, het die speletjie verskillende name.</p>  |
| <p>“Eerste moet ons twee spanne maak. Een span is aan en die ander span doen die veldwerk. Die span wat aan is moet hardloop en probeer om hulle blikkies opmekaar in ’n hoë toring te stapel,” Chinedu praat verder. “Dan moet hulle hardloop na hulle den toe!”</p> <p>“Dit klink net soos Toti!” herhaal Bulelwa.</p> <p>“Daar is dieselfde reël in Chicago ook,” herhaal Xihlala.</p> <p>“Regtig?” vra Chinedu, “Dit is vreemd!”</p>   | <p>Ek kan <b>aflei</b> dat Chinedu verward is, want hy sê, “Dit is vreemd!”</p>  |

| Teks  | Herhaalde lees (Dink hardop)   |
|---|--|
| <p>Chinedu verduidelik verder. “Die span wat veldwerk doen se werk is om die ander span se spelers met ’n bal te gooi. Die ander spelers moet probeer weggom en sorg dat hulle nie raakgegooi word nie! As hulle raakgegooi word, moet hulle gaan sit.”</p> <p>“Dit klink net soos Toti!” sê Bulelwa, sy lyk verward.</p> <p>“Daar is dieselfde reël in Chicago ook,” sê Xihlala.</p> <p>“Regtig?” vra Chinedu, “Dit is vreemd!”</p>  | <p>Ek kan <b>aflei</b> dat Bulelwa verward is, want sy sê, “Dit klink net soos Toti!” Ek <b>lei af</b> hy besef nog nie hulle almal praat oor dieselfde speletjie nie!</p> |
| <p>“Nou goed dan, die span wat veldwerk doen moet die bal vir die span in die den gee. Elke lid van die span het drie kanses om die bal te gooi en te probeer om die toring van blikkies om te gooi.” Verduidelik Chinedu.</p> <p>“Dit klink net soos Toti,” sê Bulelwa. “As die span die toring omgooi, kry hulle ’n punt en nog ’n kans om te speel?”</p> <p>“Ja!” sê Chinedu, hy lyk verward. “Hoe weet jy dit?”</p> <p>“Die speletjie is net soos Toti! Dit moet dieselfde speletjie wees!” lag Bulelwa.</p> <p>“Dit is ook net soos Chicago!” sê Xihlala. “Is dit ook so dat as niemand van die span die toring kan omgooi nie, dan kry die span wat veldwerk doen ’n beurt om te speel?”</p> <p>“Ja!” sê Chinedu. “Dit is net soos Bhathi!”</p> | <p>Chinedu dink hy verduidelik ’n nuwe verskillende speletjie, maar sy vriende ken al die reëls. Ek <b>lei af</b> dat dit hom baie moes verwar!</p>                        |
| <p>“Nou goed, kom ons gaan soek blikkies!” sê Bulelwa. Hulle gaan van huis tot huis en vra die bure vir blikkies.</p>   | <p>--</p>  |
| <p>Toe hulle by die laaste huis in die straat kom, vra Chinedu, “Kan ons asseblief blikkies kry om Bhathi te speel?”</p> <p>Die vrou vra hulle om te wag. Sy kom terug met ’n hele sak vol blikkies.</p> <p>“Het julle geweet dat sommige mense die speletjie Chicago noem?” lag sy, “en ander mense noem dit Toti! Verbeel jou dit!”</p>   | <p>Ek kan <b>aflei</b> dat dit snaaks is wanneer die vrou dit sê, want dit het hulle so lank geneem om te sien dat dieselfde speletjie verskillende name het!</p>          |
| <p>Uiteindelik het hulle genoeg blikkies. Chinedu, Bulelwa en Xihlala kyk na mekaar en glimlag, “Kom ons speel Bhathi-Chicago-Toti!” sê Xihlala laggend.</p>  | <p>Ek <b>lei af</b> dat dit snaaks is, want dit het hulle so lank geneem om te besef dat hulle almal oor dieselfde speletjie praat! Hulle was vir so lank verward!</p>     |

| Opvolg vrae  | Moontlike antwoorde  |
|--|--|
| Hoe kan ek aflei dat die karakters van verskillende plekke af kom? | <ul style="list-style-type: none"><li>• Omdat hulle almal familie in Soweto besoek.</li><li>• Omdat hulle nou net vriende geword het.</li><li>• Omdat hulle verskillende name vir dieselfde speletjie het.</li></ul>   |
| Wat moet die kinders bymekaar maak voor hulle kan speel?           | Hulle moet blikkies bymekaar maak.   |
| Hoekom vrae  | Moontlike antwoorde  |
| Hoekom het die karakters aan die einde van die storie gelag?       | <ul style="list-style-type: none"><li>• Omdat hulle so lank geneem het om te besef dat hulle van dieselfde speletjie praat.</li><li>• Omdat hulle vir so lank verward was.</li><li>• Omdat Bhathi-Chicago-Toti 'n lang en snaakse naam vir die speletjie is.</li></ul> |



## Groep Begeleideles

30 minute

---

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n Lees Oorgangsaktiwiteit.
- 6 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - telling
  - meeding
  - medidingend

| Rympie of Liedjie                             | Aksies                                    |
|---|---|
| Al om die baan, al om die baan,               | <i>Maak asof jy hardloop</i>              |
| Hardloop ons almal saam,                      | <i>Maak asof jy hardloop</i>              |
| Dit is 'n geswoeg en gesweet,                 | <i>Vee die "sweet" van jou voorkop af</i> |
| Maar oefening is goed, al laat dit ons swoeg! | <i>Vee die "sweet" van jou voorkop af</i> |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:  
 In die storie...  
 Een reël van Bhathi is...  
 Die storie handel oor on tema van die week, want...
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit klanke in wat voorheen aangeleer is, sowel as die klanke wat Dinsdag en Woensdag aangeleer is.

|          |           |           |
|----------|-----------|-----------|
| <b>f</b> | <b>aa</b> | <b>ee</b> |
| <b>s</b> | <b>k</b>  | <b>r</b>  |
| <b>m</b> | <b>t</b>  | <b>h</b>  |
| <b>n</b> | <b>a</b>  | <b>o</b>  |

### EK DOEN

- 1 Herinner die leerders aan die klanke van die week: /f/ en /aa/
- 2 Hersien AL die klanke op die bord.
- 3 Gee die leerders 3 minute om soveel woorde as moontlik te maak met die klanke op die bord.
- 4 Verduidelik aan die leerders hoe om woorde te maak met die teiken klanke, bv: /m/ - /aa/ - /t/ = **maat**
- 5 Herinner die leerders dat hulle enige woorde kan maak met die klanke – hulle hoef nie net die /f/ of /aa/ te gebruik nie.
- 6 Wys die leerders hoe om nog 'n woord te maak: /m/ - /a/ - /t/ = **mat**

### LEERDERS DOEN

- 1 Leerders moet hulle boeke oop maak en die opskrif skryf: **f, aa**
- 2 Sê aan die leerders om te begin skryf.
- 3 Geen die leerders 3 minute om soveel moontlike woorde te vind en te bou.
- 4 Wys die leerders hoe om hierdie woorde en ander te bou: **fees, foto, fee, kaas, raak, maat, haan, mat, kat, mot, kam**
- 5 Laat leerders toe om hulle werk te korrigeer.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_





## Gedeeldelees:

15 minute

### Na-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: OPSOMMING

#### ILLUSTREER DIE STORIE

- 1 Laat die leerders by hulle banke gaan sit. Deel hulle boeke uit of 'n skoon stuk papier. Hulle moet hulle potlode en kryte gereed hê
- 2 **Verduidelik** hoe jy iets uit die teks gaan **visualiseer en teken**, oor wat volgende gaan gebeur as die storie sou aan gaan.
- 3 Wys die leerders hoe om afleidings te maak bv: Ek dink dat die kinders in die storie die speletjie gaan speel totdat dit donker is.
- 4 Teken 'n pentjie op die bord van Bulelwa, Chinedu en Xihlala wat Bhathe speel.
- 5 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou gaan visualiseer oor iets wat in die teks gebeur het.
- 6 Sê die leerders moet hulle oë toemaak en ontspan, lees die storie nog een keer vir hulle.
- 7 Die leerders moet nou iets teken wat hulle kon visualiseer van die storie.
- 8 Laastens kan die leerders nou na mekaar draai en bespreek wat hulle geteken het en watter afleiding hulle gemaak het.



## Groep Begeidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8**.
- 2 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

---

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om te ‘Draai en Praat’ en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
  - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
  - b **Watter stories het ons saam gelees?**
  - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
  - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
  - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
  - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
  - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
  - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

The background of the entire page is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational subjects and tools, including books, pencils, globes, lightbulbs, gears, and laboratory equipment. The icons are scattered across the page, creating a textured, academic atmosphere.

**Graad 1**

**TERMYN 2**

**Week**

**9**

**TEMA:**

**Die drie varkies**



## Vorbereiding van klaskamer

---

- 1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
- 3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: bring prentjies van die drie varkies
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor verskillende diere.
- 6 Maak seker dat alle leerders se Boeke / DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



## Uitbreidingsaktiwiteite

---

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assessee.

**Aktiwiteit 1:** DVO Werkboek 1: Bladsy 58, Ons Lees

**Aktiwiteit 2:** DVO Werkboek 1: Bladsy 59 en 60, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DVO Werkboek 1: Bladsy 61, Ons Skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prentjie van die nare wolf.

# Maandag



## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die eerste/tweede/ens. prentjie van die Grootboek storie Die drie varkies
- 2 Vertel aan leerders dat julle 'n nuwe tema begin wat Die drie varkies genoem word.
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
  - a Het jy al ooit hierdie storie gehoor of gelees?
  - b Watter boumateriaal het die varkies gebruik?
  - c Wie jaag die varkies?

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - bou
  - materiaal
  - stewig
  - bakstene

| Rympie of Liedjie  | Aksies  |
|--|---|
| Drie klein voëltjies sit in 'n boom en droom,                              | <i>Wys met jou vingers 1, 2, 3</i>                                      |
| Eers vlieg die een,  | <i>Maak asof jy vlieg</i>   |
| Toe vlieg ook die tweede weg,  | <i>Maak asof jy vlieg</i>   |
| Die derde vlieg nêrens, want hy dink "Ek wil nie ophou droom in die boom." | <i>Gaan sit op jou hurke met jou arms soos vlerkies langs jou lyfie</i> |



## Handskrif

15 minute

- 1 Sê aan die leerders om hulle boeke oop te maak.
- 2 Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
  - a hek
  - b rug

- c my
- d nek
- e lig
- f wit
- g van
- h wys
- i keel
- j woon

- 3 Sê aan die leerders om nou 'n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
- 4 Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord.
- 5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---



### Gedeelde lees:

15 minute

#### Pre-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Die drie varkies.
- 3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.



### Skryfwerk:

30 minute

#### Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n reël van 'n sport of 'n speletjie wat jy van hou om te speel.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:** In die speletjie moet jy .....

**DEMONSTRASIE**

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag gaan skryf oor die materiaal wat jy sal gebruik om 'n huis te bou.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: Ek sal my huis van klippe bou, want dit is stewiger as bakstene.
- 4 **Demonstreer** hoe jy 'n prentjie van jouself wat klippe optel teken.
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. Trek 'n lyn vir elke woord, bv.: Ek wil 'n huis van klippe bou.
- 6 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat die leerders hul eie idees moet neerskryf.

**VERBALE INSTRUKSIES**

- 1 Vra die leerders om te dink aan verskillende boumateriale om huise mee te bou.
- 2 Skryf die woorde op die bord, bv.: Bakstene, modder, hout, sement blokke, ens
- 3 Vra aan leerders: Watter materiaal sy jy gebruik vir jou huis en hoekom?
- 4 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel watter boumateriaal hulle sal gebruik en hoekom?
- 6 Hulle moet sê: Ek sal ..... kies, want dit .....
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!

**SKRYFWERK**

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem.
- 5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te draai en te praat met 'n maat oor hul tekening.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek wil 'n huis van bakstene bou.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

---

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of -aktiwiteite.



# Dinsdag



## Phoenemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

Hersiening van klanke en woorde.

### HERSIEN KLANKE

- 1 Sê die klank en hou die flitskaart op van al die klanke wat in die termyn gedek is: /e/ /l/ /b/ /h/ /y/ /r/ /w/ /j/ /v/ /y/ /ee/ /oo/ /ie/ /ui/ /f/ /aa/
- 2 Wys die flitskaart in verskillende volgorde en vra individule leerders om die klanke te lees.
- 3 Plaas die klankekaart op die swartbord.
- 4 Vra verskillende leerders om woorde op die swartbord te kom bou met die klankkaart.
- 5 Vra dan die leerders om so veel as moontlik woorde te bou en in hulle skrifte te skryf.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



## Handskrif:

15 minute

Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

- 1 Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
- 2 Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
- 3 Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

 Ek kan spel in my taal.

 Die muis is in die huis.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



**Gedeeldelees:**

15 Minute

**Aanvangslees**

**BEGRIPSSTRATEGIEË: SOEK-LEES**

| Teks   | Aanvangslees (Dink hardop)   |
|--|--|
| <p>Eendag lank, lank gelede was daar drie klein varkies. Die drie klein varkies was reg om die wye wêreld in te gaan. Dit was tyd om hul ouerhuis te verlaat en hul eie huise te gaan bou. Hulle het vir hulle mamma totsiens gewaai en in die pad geval.</p>  | <p><b>Waarheen</b> het die klein varkies gegaan? O! Hulle gaan hulle eie huise bou!</p>  |
| <p>"Bou sterk huise!" het hulle ma agterna geroep, "En wees versigtig vir die groot nare wolf!"</p>  |  |
| <p>Soos hulle loop, sien hulle die groot nare wolf wat hulle volg. "Ons moet so gou moontlik ons huise begin bou!" stem die klein varkies saam.</p>  | <p><b>Wie</b> het die varkies gevolg? O! Dit was die groot nare wolf!</p>  |
| <p>Die eerste varkie het strooi gekoop. Hy het vinnig gewerk om sy huisie te bou.<br/>Die tweede varkie het hout gekoop. Sy het ook vinnig gewerk om haar huisie te bou.</p>   |  |
| <p>Die derde varkie het stene gekoop en sement om die stene aanmekaar vas te sit. Sy het vinnig en versigtig gewerk om haar sterk huis te bou.</p>   | <p><b>Waarmee</b> het die varkies hulle huise gebou? O, ek het gelees dat die eerste varkie gras gebruik het, die tweede varkie het hout gebruik en die derde varkie het bakstene gebruik!</p> |
| <p>Een aand stap die wolf verby en sien die eerste varkie in sy huis van strooi. "Klein varkie, klein varkie, laat my inkom!" roep die wolf. Die klein varkie antwoord, "Nie op die hare van my kennetjie ken ken! nie" Die wolf is kwaad. Hy skree, "Dan sal ek blaas en blaas tot ek jou huis om blaas!" Hy doen dit. Die eerste varkie hardloop na sy sussie se houthuis.</p> | <p><b>Wat</b> het met die eerste huis gebeur? Agge nee! Ek lees dat dit omgeblaas is!</p>  |
| <p>Die groot nare wolf het nou aan die houthuis se deur kom klop.</p>  | <p><b>Wat</b> het met die tweede huis gebeur? Agge nee! Ek lees dat dit omgeblaas is!</p>  |

| Teks  | Aanvangslees (Dink hardop)  |
|---|---|
| <p>“Klein varkies, klein varkies, laat my inkom!” roep die wolf. Die klein varkies antwoord, “Nie op die hare van ons kennetjie ken ken nie!” Die wolf is nou eers kwaad. Hy skree, “Dan sal ek blaas en blaas tot ek julle huis om blaas!” Hy doen dit. Die klein varkies hardloop na hulle sussie se baksteenhuis toe.</p>          |   |
| <p>Die groot nare wolf het aan die baksteenhuis se deur kom klop.</p> <p>“Klein varkies, klein varkies, laat my inkom!” roep die wolf. Die klein varkies antwoord, “Nie op die hare van ons kennetjie ken ken nie!” Die wolf was nou baie kwaad en baie honger. Hy skree, “Dan sal ek blaas en blaas tot ek julle huis om blaas!”</p> |   |
| <p>Die wolf blaas en blaas. Hy blaas en hy blaas, maar hy kan nie die baksteenhuis om blaas nie! Die klein varkies was veilig.</p>  | <p><b>Wat</b> het met die derde huisie gebeur? O! Dit was baie sterk!</p>   |
| Opvolg vrae   | Moontlike antwoorde   |
| <p>Wat het die varkies gebruik om hulle huise te bou?</p>   | <p>Hulle het strooi, hout en bakstene gebruik.</p>  |
| <p>Wie het die drie klein varkies gejaag?</p>   | <p>Die groot nare wolf!</p>   |
| Hoekom vrae   | Moontlike antwoorde   |
| <p>Hoekom het die varkies na die baksteenhuis gehardloop?</p>   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die eerste twee huise is omgeblaas.</li> <li>• Die klein varkies het na hulle suster se huis gehardloop.</li> <li>• Hulle suster se huis is nie omgeblaas nie.</li> <li>• Die varkies wil nie geëet word nie.</li> </ul> |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - a bakstene
  - b sement
  - c veilig

| Rympie of Liedjie  | Aksies  |
|--|---|
| Drie klein voëltjies sit in 'n boom en droom,                              | <i>Wys met jou vingers 1, 2, 3</i>                                      |
| Eers vlieg die een,  | <i>Maak asof jy vlieg</i>   |
| Toe vlieg ook die tweede weg,  | <i>Maak asof jy vlieg</i>   |
| Die derde vlieg nêrens, want hy dink "Ek wil nie ophou droom in die boom." | <i>Gaan sit op jou hurke met jou arms soos vlerkies langs jou lyfie</i> |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 1 VAN DIE TEMA)

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
- 5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

Hersiening van klanke en woorde.

### HERSIEN WOORDE

- 1 Jy moet jou klankekaarte gereed hê vir hierdie les..
- 2 Vertoon elke woord apart en vra verskillende leerders om dit te lees.
- 3 As leerders nie 'n woord kan lees nie, help hulle om die woord te klank.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



## Handskrif:

15 minute

Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

- 1 Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
- 2 Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
- 3 Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

 Ek sit in die boom.

 Die bees steel die beet.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor jou gunsteling karakter in die storie van *Die drie varkies*.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en sit 'n byskrif by

**SKRYFRAAMWERK:** My gunsteling karakter is .....

### DEMONSTRASIE

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan skryf oor hulle gunsteling karakter in die storie.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
- 3 Demonstreer hoe jy 'n prentjie gaan teken van: Ek hou die meeste van die derde klein varkies want hy het sy boetie en sussie gehelp.
- 4 Demonstreer hoe jy 'n prentjie gaan teken van: **Die derde varkie.**
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: **My gunsteling karakter in die storie.**
- 6 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

### VERBALE INSTRUKSIES

- 1 Hou 'n dinkskrum oor die karakters in die storie met die leerders.
- 2 Skryf die woorde op die swartbord, bv: Mamma vark, die wolf en die varkies.
- 3 Vra aan leerders Wie is jou gunsteling karakter in die storie en hoekom?
- 4 Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel van hulle gunsteling karakter?
- 6 Hulle moet sê: My gunsteling karakter is ....., want .....
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!

**SKRYFWERK**

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem (tag)
- 5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te **draai en te praat** met 'n maat oor hul tekeninge.

Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.



My gushteling karakter is die  
laaste varkie.



## Groep Begeleidelees

---

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9** het.
- 2 Verduidelik Woensdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik Woensdag Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



# Donderdag



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Segmentasie en vermenging

#### EK DOEN...

- 1 Gebruik 2 woorde wat dieselfde klink: **meer; peer**
- 2 Sê die woord: **meer**
- 3 Segementeer die woord in klanke: /m/ – /ee/ – /r/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /m/
- 5 Sê die middelklank van die woord: /ee/
- 6 Sê die eindklank van die woord: /r/
- 7 Skryd die woord op die bord: **meer**
- 8 Demonstreer hoe om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /m/ – /ee/ – /r/ = **meer**
- 9 Herhaal dit met die volgende woord: **peer**

#### ONS DOEN...


- 1 Gebruik 2 ander woorde wat dieselfde klink, byvoorbeeld: **wit; wat**
- 2 Sê die woord: **wit**
- 3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank van die woord? /w/
- 4 Vra die leerders: Wat is die middelklank van die woord? /i/
- 5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank van die die woord? /t/
- 6 Vra die leerders om die woord in klanke te segmenteer. /w/ – /i/ – /t/
- 7 Skryd die woord op die bord: **wit**
- 8 Sê die leerders om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /w/ – /i/ – /t/ = **wit**
- 9 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **wat**

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_



## Gedeeldeles:

15 minute

### Herhaalde lees

#### LEESSTRATEGIEË: SOEK-LEES

| Teks  | Herhaalde lees (Dink hardop)   |
|---|--|
| Eendag lank, lank gelede was daar drie klein varkies. Die drie klein varkies was reg om die wye wêreld in te gaan. Dit was tyd om hul ouerhuis te verlaat en hul eie huise te gaan bou. Hulle het vir hulle mamma totsiens gewaai en in die pad geval.  | <b>Hoekom</b> het die varkies vir hulle ma gewaai? O! Dit is omdat hulle nou groot was en reg was om die huis te verlaat!  |
| "Bou sterk huise!" het hulle ma agterna geroep, "En wees versigtig vir die groot nare wolf!"  |  |
| Soos hulle loop, sien hulle die groot nare wolf wat hulle volg. "Ons moet so gou moontlik ons huise begin bou!" stem die klein varkies saam.  |  |
| Die eerste varkie het strooi gekoop. Hy het vinnig gewerk om sy huisie te bou.<br>Die tweede varkie het hout gekoop. Sy het ook vinnig gewerk om haar huisie te bou.  |  |
| Die derde varkie het stene gekoop en sement om die stene aanmekaar vas te sit. Sy het vinnig en versigtig gewerk om haar sterk huis te bou.   | <b>Wie</b> het versigtig gewerk om hulle huis te bou? Ek het gelees dat net die derde varkie versigtig gewerk het!   |
| Een aand stap die wolf verby en sien die eerste varkie in sy huis van strooi. "Klein varkie, klein varkie, laat my inkom!" roep die wolf. Die klein varkie antwoord, "Nie op die hare van my kennetjie ken ken! nie" Die wolf is kwaad. Hy skree, "Dan sal ek blaas en blaas tot ek jou huis om blaas!" Hy doen dit. Die eerste varkie hardloop na sy sussie se houthuis.               | <b>Hoekom</b> het die eerste varkie na sy suster se huis gehardloop? O! Hy moes, want sy eie huis is omgeblaas en die wolf was besig om hom te jaag!             |
| Die groot nare wolf het nou aan die houthuis se deur kom klop.<br>"Klein varkies, klein varkies, laat my inkom!" roep die wolf. Die klein varkies antwoord, "Nie op die hare van ons kennetjie ken ken nie!" Die wolf is nou eers kwaad. Hy skree, "Dan sal ek blaas en blaas tot ek julle huis om blaas!" Hy doen dit. Die klein varkies hardloop na hulle sussie se baksteenhuis toe. | <b>Hoekom</b> het die eerste en tweede varkies na hulle suster se huis gehardloop? O! Omdat hulle eie huise omgeblaas is en die wolf was besig om hulle te jaag! |

| Teks   | Herhaalde lees (Dink hardop)   |
|--|--|
| Die groot nare wolf het aan die baksteenhuis se deur kom klop.<br>"Klein varkies, klein varkies, laat my inkom!" roep die wolf. Die klein varkies antwoord, "Nie op die hare van ons kennetjie ken ken nie!" Die wolf was nou baie kwaad en baie honger. Hy skree, "Dan sal ek blaas en blaas tot ek julle huis om blaas!" |  |
| Die wolf blaas en blaas. Hy blaas en hy blaas, maar hy kan nie die baksteenhuis om blaas nie! Die klein varkies was veilig.  | Het die wolf die varkies geëet? Nee! Ek het gelees dat die varkies veilig was in hulle baksteenhuis!   |
| Opvolg vrae  | Moontlike antwoorde  |
| Watter huise is omgeblaas?   | Die gras en die houthuise is omgeblaas.  |
| Watter huis was sterk?   | Die baksteenhuis was sterk. Dit is nie omgeblaas nie.  |
| Hoekom vrae  | Moontlike antwoorde  |
| Hoekom was die varkies op die ou einde veilig?   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Omdat hulle na die baksteenhuis gehardloop het.</li> <li>• Omdat die wolf nie die baksteenhuis kon omblaas nie.</li> <li>• Omdat die derde varkie 'n sterk huise gebou het wat hulle veilig kon hou!</li> </ul> |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n Lees Oorgangsaktiwiteit.
- 6 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - jaag
  - beskerm
  - blaas

| Rympie of Liedjie  | Aksies  |
|--|---|
| Drie klein voëltjies sit in 'n boom en droom,                              | <i>Wys met jou vingers 1, 2, 3</i>                                      |
| Eers vlieg die een,  | <i>Maak asof jy vlieg</i>   |
| Toe vlieg ook die tweede weg,  | <i>Maak asof jy vlieg</i>   |
| Die derde vlieg nêrens, want hy dink "Ek wil nie ophou droom in die boom." | <i>Gaan sit op jou hurke met jou arms soos vlerkies langs jou lyfie</i> |

### BESPREKING VAN GEDEELDELES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:  
In die storie...  
Ek het gehou daarvan...  
Ek het nie gehou van...
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

**Phonemiese Bewustheid en Klanke:**

15 minute

**Woordsoek**

Teken die table op die bord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

|           |           |           |
|-----------|-----------|-----------|
| <b>e</b>  | <b>l</b>  | <b>b</b>  |
| <b>h</b>  | <b>y</b>  | <b>r</b>  |
| <b>i</b>  | <b>w</b>  | <b>aa</b> |
| <b>j</b>  | <b>s</b>  | <b>v</b>  |
| <b>t</b>  | <b>y</b>  | <b>k</b>  |
| <b>ee</b> | <b>oo</b> | <b>f</b>  |

**EK DOEN**

- 1 Hersien AL die klanke op die bord.
- 2 Gee die leerders 3 minute om soveel woorde as moontlik te maak met die klanke op die bord.

**LEERDERS DOEN**

- 1 Leerders moet hulle boeke oop maak.
- 2 Sê aan die leerders om te begin skryf.
- 3 Geen die leerders 3 minute om soveel moontlike woorde te vind en te bou.
- 4 Laat leerders toe om hulle werk te korrigeer.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_



## Gedeeldelees:

15 minute

---

### Na-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: OPSOMMING

#### MONDELINGE WEERGAWE VAN DIE STORIE

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan praat oor iets waarvan hulle gehou het in die storie: **Die drie varkies**.
- 2 Leer hulle hoe om 'n storie van 1–2 sinne te vertel oor **iets waarvan hulle gehou het** in die storie. Bv: **Ek het gehou** daarvan dat die **derde varkie vir sy boetie en sussie beskerm het**.
- 3 Wys vir die leerders die prente in die Groot Boek en gee hulle opdrag om na die prente te kyk en te dink oor wat gebeur het.
- 4 Gee hulle opdrag om te dink waarvan hulle **gehou** het in die storie en **hoekom**.
- 5 Vra die leerders om hulle idees met die klas te deel en verleen hulp waar nodig.
- 6 Verduidelik en korrigeer algemene taal of spraak probleme.
- 7 Gee nou die opdrag om te *Draai en Praat* en sodoende hulle eie weergawe met 'n maatjie te deel. (**Hulle moet nie net herhaal wat die juffrou of ander maats gesê het nie.**)



## Groep Begeleidelees

30 minute

---

#### GROEPE: \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9**.
- 2 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om te ‘Draai en Praat’ en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
  - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
  - b **Watter stories het ons saam gelees?**
  - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
  - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
  - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
  - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
  - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
  - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*





The background of the entire page is a light gray color with a repeating pattern of small, white, line-art icons. These icons represent various educational subjects and tools, including books, pencils, globes, lightbulbs, gears, and laboratory equipment. The icons are scattered across the page, creating a textured, academic atmosphere.

**Graad 1**

**TERMYN 2**

**Week**

**10**

**TEMA:**

**Die drie varkies**



## Vorbereiding van klaskamer

---

- 1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
- 2 Opdateer jou vertoonbord, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
- 3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
- 4 Vind en berei items voor vir jou temamuur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: bring prentjies van orangutas
- 5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor wat maak orangutas interessant.
- 6 Maak seker dat alle leerders se Boeke / DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
- 7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klas biblioteek boeke in goeie toestand is.
- 8 Pas jou groepbegeleide lees groepe aan indien nodig.
- 9 Beplan jou formele en informele assesseringsaktiwiteite vir die week.



## Uitbreidingsaktiwiteite

---

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assessee.

**Aktiwiteit 1:** DVO Werkboek 1: Bladsy 62, Ons Lees

**Aktiwiteit 2:** DVO Werkboek 1: Bladsy 63 en 64, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DVO Werkboek 1: Bladsy 65, Ons Skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prentjie oor hoe die varkies gevoel het toe hulle huise verwoes is.

# Maandag



## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

- 1 Wys aan leerders die eerste/tweede/ens. prentjie van die Grootboek storie Die drie orangutas
- 2 Vertel aan leerders dat julle voortgaan met die tema wat Die drie ..... genoem word.
- 3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
- 4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
- 5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
- 6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
  - a Wat is die belangrikste les in die storie?
  - b Hoe is die stories dieselfde?

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - oranguta
  - stootskraper
  - vernietig

| Rympie of Liedjie  | Aksies  |
|--|---|
| Drie klein voëltjies sit in 'n boom en droom,                              | <i>Wys met jou vingers 1, 2, 3</i>                                      |
| Eers vlieg die een,  | <i>Maak asof jy vlieg</i>   |
| Toe vlieg ook die tweede weg,  | <i>Maak asof jy vlieg</i>   |
| Die derde vlieg nêrens, want hy dink "Ek wil nie ophou droom in die boom." | <i>Gaan sit op jou hurke met jou arms soos vlerkies langs jou lyfie</i> |



## Handskrif

15 minute

- 1 Sê aan die leerders om hulle boeke oop te maak.
- 2 Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
  - a sy
  - b jok
  - c pen
  - d hen

- e fee
- f huis
- g sien
- h maat
- i been
- j dier

- 3 Sê aan die leerders om nou 'n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
- 4 Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord.
- 5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---



## Gedeelte lees:

15 minute

### Pre-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

- 1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
- 2 Maak die Grootboek oop by die storie: Die drie orangutas.
- 3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
- 4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waarom die storie gaan.
- 5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
- 6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.



## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor drie kleintjies 'n nare karakter

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n sin daarby.

**SKRYFRAAMWERK:** My storie is oor ..... en 'n .....

**DEMONSTRASIE**

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hulle vandag gaan skryf oor hulle eie drie klein karakters en 'n nare karakter.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf**.
- 3 Verduidelik aan die leerders die idee vir jou tekening, bv.: My storie isoor drie klein katjies en 'n nare hond.
- 4 **Demonstreer** hoe jy 'n prentjie van drie klein katjies en 'n nare hond teken.
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. Trek 'n lyn vir elke woord, bv.: Drie klein katjies en 'n nare hond.
- 6 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat die leerders hul eie idees moet neerskryf.

**VERBALE INSTRUKSIES**

- 1 Vra die leerders om te dink aan verskillende karakters vir hulle storie.
- 2 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
- 3 Vra 2–3 leerders om jou te vertel van hulle karakters.
- 4 Hulle moet sê: My drie karakters is ..... en die .....
- 5 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!

**SKRYFWERK**

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies**.
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem.
- 5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**


- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te draai en te met 'n maat oor hul tekening.

*Hang leerders se skryfwerk op **leerder** ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*

bok



leeu



My storie se hddm is:  
Die drie klein bokkies en die  
nare leeu.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
- 2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of -aktiwiteite.

# Dinsdag



## Phoenemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Hersiening van klanke en woorde.

#### HERSIEN KLANKE

- 1 Sê die klanke en hou die flitskaart op van al die klanke wat in die termyn gedek is: /e/ /l/ /b/ /h/ /y/ /r/ /w/ /j/ /v/ /y/ /ee/ /oo/ /ie/ /ui/ /f/ /aa/
- 2 Wys die flitskaart in verskillende volgorde en vra individuele leerders om die klanke te lees.
- 3 Plaas die klankekaart op die swartbord.
- 4 Vra verskillende leerders om woorde op die swartbord te kom bou met die klankekaart.
- 5 Vra dan die leerders om so veel as moontlik woorde te bou en in hulle skrifte te skryf.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klanke/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



## Handskrif:

15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

- 1 Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die bord.
- 2 Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
- 3 Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

 Ek kan spel in my taal.

 Die muis is in die huis.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



**Gedeeldelees:**

15 Minute

**Aanvangslees**

**BEGRIPSSTRATEGIEË: MAAK KONEKSIES**

| Teks   | Aanvangslees (Dink hardop)   |
|--|--|
| <p>Eendag lank lank gelede, op 'n eiland in Borneo, het daar 'n familie orang-oetangs gewoon. Stootskrapers het stadig maar seker die woud begin skoonmaak om koffiebome te plant. Dit het gemaak dat hul blyplek kleiner en kleiner geword het.</p> <p>Dit was met groot hartseer dat mamma Orang-Oetang haar drie kinders weggestuur het.</p> <p>“Kies jul nuwe huise versigtig! Julle moet probeer om veilig te wees van die nare stootskrapers wat ons woude verwoes,” het mamma Orang-Oetang met trane in haar oë gesê.</p> | <p>Ek kan hierdie teks met die <b>Drie klein varkies verbind</b>, want aan die begin van beide die stories moet drie boeties en sussies weg van die huis gaan!</p> |
| <p>Die drie klein orang-oetangs begin deur die bome swaai wat oor is, hulle lag en speel soos hulle swaai. Vinnig is die eerste klein orang-oetang moeg. Sy stop op die rand van die woud – net voor waar dit skoongemaak is.</p> <p>“Ek gaan hier bly,” sê sy.</p> <p>“Dit is nie ver genoeg nie!” sê haar sussie, “Die groot nare stootskraper gaan verseker kom en jou huis verwoes as jy hier bly!”</p>  | <p>Wanneer ek hierdie teks met die <b>Drie klein varkies verbind</b>, kan ek voorspel dat die huis verwoes gaan word, net soos met die eerste varkie se huis.</p>  |
| <p>Die ander twee orang-oetangs hou aan om deur die skoongemaakte deel van die woud te stap. Daar is geen skaduryke bome om aan te swaai nie. Hulle voel warm en hartseer.</p> <p>“Ek is baie honger!” sê die tweede klein orang-oetang. Net toe sien hy 'n piesangplantasie.</p>  | <p>Wanneer ek hierdie teks met die <b>Drie klein varkies verbind</b>, kan ek voorspel dat die huis verwoes gaan word, net soos met die tweede varkie se huis.</p>  |



| Teks   | Aanvangslees (Dink hardop)   |
|--|--|
| <p>“Ek gaan hier bly, waar daar baie piesangs is om te eet! Ek is te warm en te honger om aan te gaan!” sê hy.</p> <p>“Daar is baie stootskrapers in piesangplantasies!” sê die derde klein orang-oetang. “Dit is nie veilig nie!”</p> <p>Steeds het die tweede klein orang-oetang nie na sy suster se waarskuwings geluister nie.</p>   |  |
| <p>Die derde klein orang-oetang loop en loop totdat sy 'n pragtige digte woud kry. Sy kry 'n teken wat sê ‘Semenggoh Natuurluwe Wildpark.’</p> <p>“Dit sal perfek wees!” sê sy. “Geen stootskrapers word hier toegelaat nie!” Haar bene pyn van die hele dag se loop, maar sy weet dit was die moeite werd!</p>  | <p>Wanneer ek hierdie teks met die <b>Drie klein varkies verbind</b>, kan ek voorspel dat hierdie huis nie verwoes gaan word nie, want die derde klein orang-oetang is net so versigtig soos die derde varkie.</p> |
| <p>Die volgende oggend, word die eerste orang-oetang wakker met die bekende geluid van die groot nare stootskraper. Sy kyk hoe die bome rondom haar omgestoot word. Uiteindelik kom die stootskraper by haar boom.</p> <p>“Klein orang-oetang, klein orang-oetang, kom uit daardie boom uit!” waarsku die stootskraper.</p> <p>“Ek sal nie! Nooit nie! Probeer en jy sal sien!” skree die klein orang-oetang.</p> <p>“Dan sal ek ry en stoot en jou huis verwoes!” waarsku die stootskraper. Hy gee een groot stoot en stoot die boom om. Die klein orang-oetang hardloop om haar boetie te vind.</p>            | <p>My <b>herinnering</b> het my gehelp om die regte voorspelling te maak! Die eerste klein orang-oetang se huis is verwoes – net soos die eerste klein varkie se huis.</p>   |
| <p>Net 'n paar weke later, na 'n ontbyt van die heerlikste piesangs, hoor die eerste en tweede klein orang-oetang die bekende geluid van die groot nare stootskraper. Uiteindelik kom die stootskraper by hulle boom.</p> <p>“Klein orang-oetangs, klein orang-oetangs, kom uit daardie boom uit!” waarsku die stootskraper.</p> <p>“Ons sal nie! Nooit nie! Probeer en jy sal sien!” skree die klein orang-oetangs.</p> <p>“Dan sal ek ry en stoot en julle huis verwoes!” waarsku die stootskraper. Hy gee een groot stoot en stoot die boom om. Die klein orang-oetangs hardloop om hulle sussie te vind.</p> | <p>Weer het my <b>herinnering</b> my gehelp om die regte voorspelling te maak! Die tweede klein orang-oetang se huis is verwoes – net soos die tweede klein varkie se huis.</p>                                    |
| <p>'n Paar maande later, na 'n oggend gevul met 'n geswaai en 'n gespeel, hoor die klein orang-oetangs die bekende geluid van die groot nare stootskraper.</p>   | <p>--</p>  |

| Teks  | Aanvangslees (Dink hardop)   |
|---|--|
| <p>“Stootskrapers word nie in die wildpark toegelaat nie!” sê die derde klein orang-oetang. Die drie klein orang-oetangs swaai tot by die grensdraad om te sien wat gebeur. Daar is die groot nare stootskraper en hy probeer inkom.</p>  |  |
| <p>“Klein orang-oetangs, klein orang-oetangs, kom uit daardie boom uit!” waarsku die stootskraper.<br/>                     “Ons sal nie! Nooit nie! Probeer en jy sal sien!” skree die klein orang-oetangs.<br/>                     “Dan sal ek ry en stoot en julle huis verwoes!” waarsku die stootskraper.</p> | <p>Wanneer ek my <b>herinner</b> aan die storie van die <i>Drie klein varkies</i>, kan ek voorspel dat die orang-oetangs veilig sal wees, want die derde huis sal nie verwoes word nie!</p>  |
| <p>Soos wat die stootskraper begin om te ry, verskyn ’n groep mense met plakkate. Hulle gaan staan teen die grensdraad.<br/>                     “Gaan weg! Los ons wildpark!” skree en sing hulle, totdat die stootskraper geforseer is om te gaan.</p>  | <p>My <b>herinnering</b> het my gehelp om die regte voorspelling te maak! In beide stories was die derde huis die sterkste. Dit kon nie verwoes word nie! Hierdie stories volg dieselfde patroon!</p>  |
| <p>Die drie klein orang-oetangs het gelukkig in die Semenggoh Wildpark gewoon. Hulle het gehoop dat hulle nuwe huis vir altyd sonder stootskrapers sou wees.</p>  | <p>In beide die stories, bly die karakters vir altyd gelukkig saam.</p>  |
| Opvolg vrae   | Moontlike antwoorde  |
| <p>Wie is die groot nare karakter in die storie?</p>  | <p>Dit is die groot nare stootskraper</p>  |
| <p>Wie is die drie klein karakters in die storie?</p>   | <p>Dit is die drie klein orang-oetangs.</p>  |
| Hoekom vrae   | Moontlike antwoorde  |
| <p>Hoe stem die storie oor een met Die drie klein varkies?</p>  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar is “drie klein” karakters in beide stories.</li> <li>• Daar is ’n nare karakter in beide die stories.</li> <li>• Die nare karakter verwoes die eerste twee huise in beide stories.</li> <li>• Die nare karakter verwoes nie die derde huis in een van die twee stories nie.</li> </ul> |



## Groep Begeidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
- 2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
- 6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - habitat
  - krimp
  - skoonmaak

| Rympie of Liedjie  | Aksies  |
|--|---|
| Drie klein voëltjies sit in 'n boom en droom,                              | <i>Wys met jou vingers 1, 2, 3</i>                                      |
| Eers vlieg die een,  | <i>Maak asof jy vlieg</i>   |
| Toe vlieg ook die tweede weg,  | <i>Maak asof jy vlieg</i>   |
| Die derde vlieg nêrens, want hy dink "Ek wil nie ophou droom in die boom." | <i>Gaan sit op jou hurke met jou arms soos vlerkies langs jou lyfie</i> |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (WEEK 2 VAN DIE TEMA)

- 1 Verdeel leerders in hul klein groepe
- 2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
- 3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat by die prentjies pas.
- 4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
- 5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
- 6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
- 7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
- 8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.





## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

Hersiening van klanke en woorde.

### HERSIEN WOORDE

- 1 Jy moet jou klankekaarte gereed hê vir hierdie les..
- 2 Vertoon elke woord apart en vra verskillende leerders om dit te lees.
- 3 As leerders nie 'n woord kan lees nie, help hulle om die woord te klank.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



## Handskrif:

15 minute

Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

- 1 Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
- 2 Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
- 3 Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

 Ek sit in die boom.

 Die bees steel die beet.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_



## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan en berei voor

**ONDERWERP:** Dink oor die huise vir jou drie karakters.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en sit 'n byskrif by

**SKRYFRAAMWERK:** Die klein... het hulle huise gemaak van ....., ..... en .....

### DEMONSTRASIE

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan skryf oor die huise wat hul karakters gaan maak.
- 2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy **dink voordat jy skryf.**
- 3 Demonstreer hoe jy 'n prentjie gaan teken van: My klein katjies hou van sagte, snoesige huise. Hulle gaan die huise bou met ou hemde, komberse en kussings.
- 4 Demonstreer hoe jy 'n prentjie gaan teken van: **Die klein huisies.**
- 5 Verduidelik watter woorde jy gaan neerskryf. **Trek 'n lyn vir elke woord**, bv.: Die katjies het die huise bou met ou hemde, komberse en kussings gebou.
- 6 Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

### VERBALE INSTRUKSIES

- 1 Hou 'n dinkskrum oor verskillende goed waarmee hulle huise kan bou met die leerders.
- 2 Skryf die woorde op die swartbord, bv: klippe, strooi, spons, riete, ens.
- 3 Vra aan leerders Wie is jou gunsteling karakter in die storie en hoekom?
- 4 Sê aan die leerders om te dink voordat hulle skryf.
- 5 Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel waarmee hulle die huisies gaan bou?
- 6 Hulle moet sê: My karakters gaan hulle huise bou uit ....., ..... en .....
- 7 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie prentjies gaan teken en benoem!

### SKRYFWERK

- 1 Deel leerders se boeke uit.
- 2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
- 3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
- 4 Help leerders om hul prente te benoem (tag)
- 5 Moedig leerders aan.

**DRAAI EN PRAAT**

- 1 Sodra daar 2–3 minute oor is, gee aan die leerders instruksie om hul potlode neer te sit.
- 2 Gee die leerders instruksie om om te **draai en te praat** met 'n maat oor hul tekeninge.

Hang leerders se skryfwerk op leerder ooghoogte in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.



Die klein bokkies het hulle huise van gras, stokkies eh blare gemaak.



**Groep Begeleidelees**

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder Lees Werksblad 10 het.
- 2 Verduidelik Woensdag Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n Lees Oorgangsaktiwiteit.
- 6 Verduidelik Woensdag Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Segmentasie en vermenging

#### EK DOEN ...

- 1 Gebruik 2 woorde wat dieselfde klink: **wys; lys**
- 2 Sê die woord: **wys**
- 3 Segementeer die woord in klanke: /w/ – /y/ – /s/
- 4 Sê die beginklank van die woord: /w/
- 5 Sê die middelklank van die woord: /y/
- 6 Sê die eindklank van die woord: /s/
- 7 Skryd die woord op die bord: **wys**
- 8 Demonstreer hoe om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /w/ – /y/ – /s/ = **wys**
- 9 Herhaal die metode met 'n woord van Woensdag se les: **lys**

#### ONS DOEN...

- 1 Gebruik 2 ander woorde wat dieselfde klink, byvoorbeeld: **hek; hak**
- 2 Sê die woord: **hek**
- 3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank van die woord? /h/
- 4 Vra die leerders: Wat is die middelklank van die woord? /e/
- 5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank van die die woord? /k/
- 6 Vra die leerders om die woord in klanke te segmenteer. /h/ – /e/ – /k/
- 7 Skryd die woord op die bord: **hek**
- 8 Sê die leerders om die klanke te meng om 'n woord te vorm: /h/ – /e/ – /k/ = **hek**
- 9 Herhaal dit met die volgende woord: **hak**

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

---





## Gedeeldelees:

15 minute

### Herhaalde lees

#### LEESSTRATEGIEË: MAAK KONEKSIES

| Teks   | Herhaalde lees (Dink hardop)   |
|--|--|
| <p>Eendag lank lank gelede, op 'n eiland in Borneo, het daar 'n familie orang-oetangs gewoon. Stootskrapers het stadig maar seker die woud begin skoonmaak om koffiebome te plant. Dit het gemaak dat hul blyplek kleiner en kleiner geword het.</p> <p>Dit was met groot hartseer dat mamma Orang-Oetang haar drie kinders weggestuur het.</p> <p>“Kies jul nuwe huise versigtig! Julle moet probeer om veilig te wees van die nare stootskrapers wat ons woude verwoes,” het mamma Orang-Oetang met trane in haar oë gesê.</p>   | <p>Dit <b>herinner</b> my! In die <b>Drie klein varkies</b> is daar 'n groot nare wolf. In hierdie storie is daar groot nare stootskrapers! Beide die stories het nare karakters, maar die karakters is verskillend!</p>           |
| <p>Die drie klein orang-oetangs begin deur die bome swaai wat oor is, hulle lag en speel soos hulle swaai. Vinnig is die eerste klein orang-oetang moeg. Sy stop op die rand van die woud – net voor waar dit skoongemaak is.</p> <p>“Ek gaan hier bly,” sê sy.</p> <p>“Dit is nie ver genoeg nie!” sê haar sussie, “Die groot nare stootskraper gaan verseker kom en jou huis verwoes as jy hier bly!”</p>  | <p>In die <b>Drie klein varkies</b> het die karakters hulle huise gebou, maar in hierdie storie vind die orang-oetangs hul huise in bome. Hulle het almal huise nodig, maar hulle huise is verskillend.</p>                        |
| <p>Die ander twee orang-oetangs hou aan om deur die skoongemaakte deel van die woud te stap. Daar is geen skaduryke bome om aan te swaai nie. Hulle voel warm en hartseer.</p> <p>“Ek is baie honger!” sê die tweede klein orang-oetang. Net toe sien hy 'n piesangplantasie.</p> <p>“Ek gaan hier bly, waar daar baie piesangs is om te eet! Ek is te warm en te honger om aan te gaan!” sê hy.</p> <p>“Daar is baie stootskrapers in piesangplantasies!” sê die derde klein orang-oetang. “Dit is nie veilig nie!”</p> <p>Steeds het die tweede klein orang-oetang nie na sy suster se waarskuwings geluister nie.</p> | <p>Wanneer ek hierdie teks met die <b>Drie klein varkies verbind</b>, voel ek bang vir die tweede klein orang-oetang, want ek weet sy huis gaan verwoes word.</p>  |
| <p>Die derde klein orang-oetang loop en loop totdat sy 'n pragtige digte woud kry. Sy kry 'n teken wat sê ‘Semenggoh Natuurlewe Wildpark.’</p>   | <p>Wanneer ek hierdie teks met die <b>Drie klein varkies verbind</b>, voel ek vol vertroue oor die derde klein orang-oetang se besluit, want ek weet die derde sussie is baie versigtig. Haar huisie sal nie verwoes word nie.</p> |

| Teks   | Herhaalde lees (Dink hardop)   |
|--|--|
| <p>“Dit sal perfek wees!” sê sy. “Geen stootskrapers word hier toegelaat nie!” Haar bene pyn van die hele dag se loop, maar sy weet dit was die moeite werd!</p>   |  |
| <p>Die volgende oggend, word die eerste orang-oetang wakker met die bekende geluid van die groot nare stootskraper. Sy kyk hoe die bome rondom haar omgestoot word. Uiteindelik kom die stootskraper by haar boom.</p> <p>“Klein orang-oetang, klein orang-oetang, kom uit daardie boom uit!” waarsku die stootskraper.</p> <p>“Ek sal nie! Nooit nie! Probeer en jy sal sien!” skree die klein orang-oetang.</p> <p>“Dan sal ek ry en stoot en jou huis verwoes!” waarsku die stootskraper. Hy gee een groot stoot en stoot die boom om. Die klein orang-oetang hardloop om haar boetie te vind.</p>            | <p>Selfs al het beide stories nare karakters, is die redes hoekom hulle die huise verwoes verskillend. Die groot nare wolf wou die varkies eet, maar die stootskrapers wil net die bome verwoes.</p>   |
| <p>Net 'n paar weke later, na 'n ontbyt van die heerlikste piesangs, hoor die eerste en tweede klein orang-oetang die bekende geluid van die groot nare stootskraper. Uiteindelik kom die stootskraper by hulle boom.</p> <p>“Klein orang-oetangs, klein orang-oetangs, kom uit daardie boom uit!” waarsku die stootskraper.</p> <p>“Ons sal nie! Nooit nie! Probeer en jy sal sien!” skree die klein orang-oetangs.</p> <p>“Dan sal ek ry en stoot en julle huis verwoes!” waarsku die stootskraper. Hy gee een groot stoot en stoot die boom om. Die klein orang-oetangs hardloop om hulle sussie te vind.</p> | <p>Agge nee! Ek wens die storie wou anders uitdraai sodat die tweede klein orang-oetang se huis veilig was!</p>  |
| <p>'n Paar maande later, na 'n oggend gevul met 'n geswaai en 'n gespeel, hoor die klein orang-oetangs die bekende geluid van die groot nare stootskraper.</p> <p>“Stootskrapers word nie in die wildpark toegelaat nie!” sê die derde klein orang-oetang. Die drie klein orang-oetangs swaai tot by die grensdraad om te sien wat gebeur. Daar is die groot nare stootskraper en hy probeer inkom.</p>  | <p>Wanneer ek my <b>herinner</b> aan die storie van die <b>Drie klein varkies</b>, voel ek nie bekommerd nie, want ek voel vol vertroue dat die orang-oetangs veilig sal wees in hulle derde huis.</p> |
| <p>“Klein orang-oetangs, klein orang-oetangs, kom uit daardie boom uit!” waarsku die stootskraper.</p> <p>“Ons sal nie! Nooit nie! Probeer en jy sal sien!” skree die klein orang-oetangs.</p> <p>“Dan sal ek ry en stoot en julle huis verwoes!” waarsku die stootskraper.</p>  |  |

| Teks  | Herhaalde lees (Dink hardop)  |
|---|---|
| <p>Soos wat die stootskraper begin om te ry, verskyn 'n groep mense met plakkate. Hulle gaan staan teen die grensdraad.</p> <p>“Gaan weg! Los ons wildpark!” skree en sing hulle, totdat die stootskraper geforseer is om te gaan.</p> <p>Die drie klein orang-oetangs het gelukkig in die Semenggoh Wildpark gewoon. Hulle het gehoop dat hulle nuwe huis vir altyd sonder stootskrapers sou wees.</p> | <p>O! Daar is mense in die storie wat help om die orang-oetangs te beskerm. Dit is verskillend van die <b>Drie klein varkies</b>.</p>   |
| Opvolg vrae   | Moontlike antwoorde   |
| Waar het die orang-oetangs besluit om te woon?  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die eerste klein orang-oetang het besluit om aan die rand van die woud te woon.</li> <li>• Die tweede klein orang-oetang het besluit om langs 'n piesangplantasie te woon.</li> <li>• Die derde klein orang-oetangs het besluit om die Semenggoh Natuurlewe Wildpark te woon.</li> </ul> |
| Hoekom het die orang-oetangs nie huise gebou soos die drie klein varkies?   | Omdat orang-oetangs in bome woon – hulle het nie huise nodig nie.   |
| Hoekom vrae   | Moontlike antwoorde   |
| Hoe is die storie verskillend van die Drie klein varkies?   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit speel op 'n ander plek af.</li> <li>• Die karakters is verskillend.</li> <li>• Die materiaal van die huise verskil.</li> <li>• Die manier waarop die nare karakters die huise verwoes is verskillend.</li> <li>• Ens.</li> </ul>   |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
- 2 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n Lees Oorgangsaktiwiteit.
- 6 Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag



## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


### TEMA WOORDESKAT

- 1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
- 2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
  - aanhou
  - neurie
  - dring aan

| Rympie of Liedjie  | Aksies  |
|--|---|
| Drie klein voëltjies sit in 'n boom en droom,                              | <i>Wys met jou vingers 1, 2, 3</i>                                      |
| Eers vlieg die een,  | <i>Maak asof jy vlieg</i>   |
| Toe vlieg ook die tweede weg,  | <i>Maak asof jy vlieg</i>   |
| Die derde vlieg nêrens, want hy dink "Ek wil nie ophou droom in die boom." | <i>Gaan sit op jou hurke met jou arms soos vlerkies langs jou lyfie</i> |

### BESPREKING VAN GEDEELDELES TEKS

- 1 Skryf die besprekingsraamwerk op die bord:  
Die storie is baie dieselfde as die drie varkies, want...  
Die storie was anders as die drie varkies, want...  
Ek het meer van... gehou omdat...
- 2 Lees die besprekingsraamwerk aan die leerders.
- 3 Verdeel leerders in hul **klein groepe**.
- 4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekingsvraag te antwoord.
- 5 Roep die klas tot aandag.
- 6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
- 7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
- 8 Bedank die leerders vir hul bydrae.



## Phonemiese Bewustheid en Klanke:

15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

|    |    |    |
|----|----|----|
| e  | l  | b  |
| h  | y  | r  |
| i  | w  | aa |
| j  | s  | v  |
| t  | y  | k  |
| ui | ie | f  |

#### EK DOEN

- 1 Hersien AL die klanke op die bord.
- 2 Gee die leerders 3 minute om soveel woorde as moontlik te maak met die klanke op die bord.

#### LEERDERS DOEN

- 1 Leerders moet hulle boeke oop maak.
- 2 Sê aan die leerders om te begin skryf.
- 3 Geen die leerders 3 minute om soveel moontlike woorde te vind en te bou.
- 4 Laat leerders toe om hulle werk te korrigeer.

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: \_\_\_\_\_

Woorde: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_



## Gedeeldelees:

15 minute

---

### Na-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: OPSOMMING

#### MONDELINGE WEERGAWE VAN DIE STORIE

- 1 Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan praat oor iets waarvan hulle gehou het in die storie: **Die drie orangutas.**
- 2 Hulle gaan die ooreenkomste tussen die 2 stories bespreek.
- 3 Leer hulle hoe om 'n storie van 1–2 sinne te vertel oor **iets waarvan hulle gehou het en 'n ooreenkoms** in die storie. Bv: **Ek het gehou** daarvan dat die **mense die orangutas kom help het. Die storie is anders, maar die ooreenkoms is dat die diertjies veilig is aan die einde van die storie.**
- 4 Wys vir die leerders die prente in die Groot Boek en gee hulle opdrag om na die prente te kyk en te dink oor ooreenkomste in die stories.
- 5 Vra die leerders om hulle idees met die klas te deel en verleen hulp waar nodig.
- 6 Verduidelik en korrigeer algemene taal of spraak probleme.
- 7 Gee nou die opdrag om te *Draai en Praat* en sodoende hulle eie weergawe met 'n maatjie te deel. (*Hulle moet nie net herhaal wat die juffrou of ander maats gesê het nie.*)



## Groep Begeleidelees

30 minute

---

**GROEPE:** \_\_\_\_\_

- 1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10.**
- 2 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
- 3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
- 4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
- 5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit.**
- 6 Verduidelik **Vrydag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
- 7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
- 8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle geles het.
- 9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.



## Einde van die week – Taal onderrig hersiening 15 minute

- 1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
- 2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
- 3 Onthou om die leerders toe te laat om te ‘Draai en Praat’ en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
- 4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
  - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
  - b **Watter stories het ons saam gelees?**
  - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
  - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
  - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
  - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
  - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
  - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
- 5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

